

Taalhoudings teenoor Afrikaanse variëteite: 'n Indirekte benadering

S. Neethling

 orcid.org/0000-0001-6080-8499

Verhandeling aanvaar ter nakoming van die vereistes vir die
graad *Magister Artium* in *Afrikaans en Nederlands* aan die
Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus

Studieleier: Prof. Ian Bekker

Medestudieleier: Dr. Ansie Maritz

Gradeplegtigheid: Mei/June 2023

Studentenommer: 27067696

“Kaaps is ’n taal, ’n taal in die sin dat dit die volle lot en noodlot van die mense wat dit praat, dra: die volle lot, hulle volle lewe met alles wat daarin is; ’n taal in die sin dat die mense wat dit praat, hul eerste skreeu in die lewe skree in hierdie taal, al die transaksies van hul lewens beklank in hierdie taal, en hul doodsroggel roggel in hierdie taal. Kaaps is nie ’n grappigheid of snaaksigheid nie, maar ’n taal.”

– Adam Small, *Kitaar my kruis* (1978:83)



DANKBETUIGINGS

Alle lof en eer aan die Here wat my met liefde en genade kom toevou het tydens hierdie studie. Dankie vir krag en wysheid uit U hand.

Aan my studieleiers, prof. Ian Bekker en dr. Ansie Maritz. Dankie dat julle 'n liefde en 'n nuuskierigheid vir sosiolinguistiek by my gekweek het. Dankie vir julle voortdurende geduld, aanmoediging en ondersteuning. Dankie vir julle onwrikbare geloof in my en hierdie studie, ten spyte van vele uitdagings. Dankie vir julle entoesiasme en opregte menswees. Sonder julle sou hierdie navorsing nie moontlik gewees het nie.

My familie en vriende: Dankie vir julle getroue ondersteuning.

Petrus: Dankie vir jou bankvaste geloof in my.

Ouers: Dankie vir elke geleentheid wat julle vir my gee en so onvoorwaardelik gun.

My opregte dank aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het om hierdie studie 'n sukses te maak:

- Prof. Daan Wissing en dr. Donovan Lawrence vir die addisionele opnames;
 - Viva vir die gebruik van die Spraakatlas;
 - Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur (DSKK) vir hul finansiële bydrae wat hierdie studie moontlik gemaak het; en
 - Die Vakgroep Afrikaans en Nederlands van die NWU se Potchefstroomkampus se onderrig en deurlopende ondersteuning.
-

OPGEDRA AAN:

My pa, Ernst Neethling.

Ek eer Pa.

OPSOMMING EN SLEUTELTERME

Taal funksioneer binne die perke van die breër samelewing. Dit word as 'n sosiale handeling beskou. Om daardie rede is daar verskeie maniere hoe taal toegepas word en funksioneer (Kotzé, 2011:749). Dit het die gevolg dat individue taal op so 'n wyse in die samelewing aanwend en gebruik, dat dit die spreker en luisteraar akkommodeer. Gevolglik ontstaan variasie, wat groepe en individue van mekaar onderskei. Hierdie onderskeid wat getref word, lei dikwels tot stigmatisering en ontbloom houdings wat teenoor 'n spesifieke manier van praat en 'n betrokke spreker gevorm word.

Met hierdie studie word individue se taalhoudings teenoor Kaaps en Standaardafrikaans en die sprekers daarvan, ondersoek. Die individue wat by die studie betrek word, is wit en bruin, manlike en vroulike eerstetaalsprekers van Afrikaans. Die variëteite wat ondersoek word, fokus spesifiek op Kaaps en Standaardafrikaans. Die rede hiervoor kan toegeskryf word aan die feit dat Kaaps en Standaardafrikaans die twee variëteite is wat dikwels deur taalgemeenskappe gestereotipeer word. Die betrokke variëteite kan ook as uiterstes van mekaar beskou word.

Die taalhoudings rondom die betrokke variëteite wat in hierdie studie ondersoek word, is al menigmaal in die literatuur aangeraak. Die studies wat daaruit sou voortspruit, fokus dikwels op die stereotipes rondom. Kaaps en die problematiek rondom die standaardtaal, oftewel Standaardafrikaans. Dit is wél nog nie ondersoek deur gebruik te maak van die metodologiese raamwerk, die 'verbal-guise'-tegniek as variant van die 'matched-guise'-tegniek nie. Die voormelde tegniek word naamlik in hierdie studie gebruik. Hierdie studie geniet voorts sy bestaansreg en baseer sy relevansie op die feit dat daar nie genoeg akkurate indrukke van mense se houdings teenoor Kaaps en Standaardafrikaans bestaan nie en dat besluite jeens taal dus op die een of ander wanindruk kan berus.

Die bewusmaking en vaslegging van individue se taalhoudings in die Afrikaanse spraakgemeenskap is van kardinale belang omrede dit 'n algehele bydrae lewer ten opsigte van taalbeplanning. Deur 'n bydrae te lewer met betrekking tot taalbeplanning, dui dit dus die progressie en/of regressie van Afrikaans aan, veral op sekondêre- en tersiêre vlak. Die progressie en regressie van Afrikaans in hierdie sektore het 'n direkte impak op die vitaliteit van die taal. Die bekend- en bewusmaking van Afrikaans se vitaliteit is veral noodsaaklik vanweë die debatte rondom Afrikaans as sterwende taal.

Opsomming en sleutelterm

Die hoofbevindinge toon aan dat die taalhoudings wat sedert 1994 teenoor Kaaps en Standaardafrikaans aangetref word, onveranderd is van wat dit voorheen was. Oor die algemeen is daar negatiewe taalhoudings teenoor Kaaps, in teenstelling met positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans. Vroulike respondente het steeds positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans vanweë die werklike en/of verbeelde status wat dit aan die spreker daarvan verleen.

Trefwoorde:

Afrikaans, vermommingsstegniek; taalhoudings; taalideologieë; variëteit; Kaaps; Standaardafrikaans; Sociolinguistiek

ABSTRACT AND KEYWORDS

Language functions within the confines of the wider society. It is, however, considered a social act and for that reason, there are several ways in which language functions and is applied (Kotzé, 2011:749). As a result, individuals in society use language in such a way that it accommodates the speaker as well as the listener. Consequently, variation arises, which distinguishes groups and individuals from one another. This distinction that is made often leads to stigmatisation and exposes attitudes that are formed towards a particular speaker and their specific manner of speaking.

This study examines individuals' language attitudes towards the variations found in the Afrikaans language and the respective speakers thereof. The individuals involved in the study are white, brown, male, and female first language speakers of Afrikaans. The varieties examined focus specifically on Kaaps and Standard Afrikaans. The reason for this can be attributed to the fact that Kaaps and Standard Afrikaans are the two variations that are often stereotyped by language communities. The variations involved may also be considered as extremes of each other.

The attitudes towards the relevant language variations examined in this study have been touched upon many times within the literature. Relevant studies often focus on the stereotypical views towards Kaaps and the problems surrounding the standard language or Standard Afrikaans. However, it has not yet been investigated within the methodological framework of the 'verbal-guise' technique as a variant of the 'matched-guise' technique, which is used in this study. This study's relevance surrounds the fact that there are not enough accurate impressions of people's attitudes towards Kaaps and Standard Afrikaans and that decisions regarding language can be based on false impressions.

The awareness created by and the attitudes captured regarding individuals' language attitudes in the Afrikaans community are of great importance because it makes an overall contribution with regard to language planning. By making a contribution with regards to language planning, it places emphasis on the progression and/or regression of Afrikaans, especially in the secondary and tertiary sectors. The progression or regression of Afrikaans in these sectors has a direct impact on the vitality of the language. The awareness of Afrikaans' vitality is especially necessary due to the debates surrounding Afrikaans being a dying language. The main findings show that language attitudes found towards Kaaps and Standard Afrikaans since 1994 are unchanged from what they were before. In general, there are negative

Abstract and keywords

language attitudes towards Kaaps, as opposed to positive language attitudes towards Standard Afrikaans. Female respondents still have positive language attitudes towards Standard Afrikaans due to the real and/or imagined status associated with it.

Keywords:

Afrikaans; Matched-guise technique; language attitudes; language ideology; dialect; Kaaps; Standard Afrikaans; Sociolinguistics

AFKORTINGS EN SLEUTELTERME

Afrikaans: Vermommingsstegniek; taalhoudings; taalideologieë; variëteit; Kaaps; Standaardafrikaans; Sociolinguistiek

Engels: Matched-guise technique; language attitudes; language ideology; dialect; Kaaps; Standard Afrikaans; Sociolinguistics

ANC	–	African National Congress
DA	–	Democratic Alliance
DSKK	–	Departement van Sport, Kuns en Kultuur
DWK	–	<i>Drietalige Woordeboek van Kaaps</i>
ECLM	–	Ethics Committee for Language Matters
GRA	–	Genootskap van Regte Afrikaners
ISCOR	–	(South African) Iron and Steel Corporation
KKNK	–	Klein-Karoo Nasionale Kunstefees
MGT	–	Matched-guise technique
RGDC	–	Research Data Gatekeeper Committee
SAA	–	South African Airways
SABC	–	South African Broadcasting Corporation
SAL	–	Suid-Afrikaanse Lugdiens
SAUK		Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
VivA	–	Virtuele Instituut vir Afrikaans
WAT	–	Woordeboek van die Afrikaanse Taal
YSKOR		Yster- en Staalkorporasie

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS	i
OPGEDRA AAN:.....	ii
OPSOMMING EN SLEUTELTERME	iii
ABSTRACT AND KEYWORDS.....	v
AFKORTINGS EN SLEUTELTERME.....	vii
INHOUDSOPGAWE	viii
LYS TABELLE	xiii
LYS FIGURE	xv
LYS GRAFIEKE	i
HOOFSTUK 1: KONTEKSTUALISERING.....	1
1.1 AGTERGROND EN VOORAFSTUDIE	1
1.2 NAVORSINGSPROBLEEM, NAVORSINGSVRAE EN HIPOTEESES.....	4
1.3 METODE VAN ONDERSOEK	5
1.3.1 Literatuurstudie as konseptuele raamwerk.....	5
1.3.2 Empiriese ondersoek	5
1.3.2.1 Navorsingsontwerp	5
1.3.2.2 Onderzoekgroep	5
1.3.2.3 Navorsingsinstrument.....	6
1.3.2.4 Navorsingsprosedure	6
1.3.2.5 Etiese aspekte.....	7
1.3.2.6 Dataverwerking	7
1.4 HOOFSTUKUIEENSETTING	7
HOOFSTUK 2: KONSEPTUELE RAAMWERK	9
2.1 INLEIDING	9
2.2 TEORETIESE KONTEKSTUALISERING	9
2.2.1 Sosiolinguisiek	9
2.3 TAAL EN IDENTITEIT	11

2.4 TAAL EN SOSIALE IDENTITEIT	12
2.5 ETNOLINGUISTIESE VITALITEIT.....	13
2.6 HOUDINGS	16
2.6.1 Verskillende teorieë rakende houdings	18
2.6.2 Taalhoudings	19
2.6.2.1 Faktore wat taalhoudings beïnvloed	20
2.6.2.2 Taalhoudingstudies in geheel.....	22
2.6.2.3 Bestaande taalhoudingstudies in Afrikaans	23
2.7 TAALIDEOLOGIE	25
2.7.1 Standaardtaalideologie	26
2.8 NORME EN STANDAARDTAAL	27
2.9 SAMEVATTING.....	28
HOOFTUK 3: DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN AFRIKAANS: 'N BONDIGE OORSIG	30
3.1 INLEIDING	30
3.2 HISTORIESE KONTEKSTUALISERING	30
3.2 KAAPS	33
3.2.1 Agtergrond.....	33
3.2.2 Linguistiese verskynsels van Kaaps.....	35
3.2.2.1 Fonologiese verskynsels	36
3.3 OOSGRENSAFRIKAANS.....	37
3.3.1 Die verloop tot en met Standaardafrikaans	37
3.3.2 Linguistiese verskynsels van gesproke Standaardafrikaans.....	38
3.4 SAMEVATTING VAN KAAPS EN STANDAARDAFRIKAANS	40
3.5 STANDAARDISERING VAN AFRIKAANS.....	41
3.5.1 Taalbewegings.....	41
3.5.1.1 Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging.....	41
3.5.1.2 Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging	42
3.5.1.3 Die Vernederlandsing van Afrikaans	43

3.5.2 Afrikanernasionalisme en standaardisering.....	44
3.5.2.1 Standaardafrikaans teenoor Kaaps	45
3.5.3 Herstandaardisering.....	47
3.5.4 Afrikaans pre- en post-1994.....	48
3.6 TAALHOUDINGS TEENoor AFRIKAANS IN GEHEEL	49
3.6.1 VERWIKKELINGE IN DIE VOORTUITGANG VAN AFRIKAANS	51
3.7 SPREKERS VAN AFRIKAANS.....	53
3.8 SAMEVATTING.....	55
HOOFSTUK 4: METODOLOGIE.....	56
4.1 INLEIDING	56
4.2 METODOLOGIE.....	56
4.2.1 Kwantitatiewe navorsing	56
4.2.2 Navorsingstegniek	57
4.2.2.1 Metodes van data-insameling by taalhoudingstudies.....	57
4.2.2.2 'Verbal-guise'- en 'matched-guise'-tegniek.....	57
4.2.2.3 Opnames	59
4.2.2.3.1 Teks.....	61
4.2.2.4 Navorsingsinstrument: vraelys	61
4.2.2.4.1 Data-insamelingsproses	62
4.3 RESPONDENTE	63
4.4 DATAVERWERKING.....	64
4.5 ETIESE ASPEKTE	65
4.6 SAMEVATTING.....	65
HOOFSTUK 5: RESULTATE EN BESPREKING	67
5.1 INLEIDING	67
5.2 ALGEMENE INLIGTING RAKENDE RESPONDENTE	67
5.3 RESULTATE VAN DIE 'VERBAL-GUISE'-STUDIE	68
5.4 BEKWAAMHEID.....	69
5.4.1 Intelligensie.....	69

5.4.2 Geleerdheid	70
5.4.3 Ambisie.....	71
5.4.4 Gemiddelde resultate vir bekwaamheid	72
5.4.5 Bespreking van voorafgaande data.....	72
5.4.6 RESULTATE VAN DIE STUDIE OOR ETNIESE EN GENDERGROEPE HEEN..	75
5.4.6.1 Bekwaamheid by Kaaps (1).....	75
5.4.6.2 Bekwaamheid by Kaaps (2).....	76
5.4.6.3 Bekwaamheid by Standaardafrikaans (1)	77
5.4.6.4 Bekwaamheid by Standaardafrikaans (2)	78
5.4.6.5 Bespreking van voorafgaande data	79
5.5 PERSOONLIKE INTEGRITEIT	80
5.5.1 Hardwerkendheid.....	81
5.5.2 Eerlikheid	81
5.5.3 Betroubaarheid	82
5.5.4 Gemiddelde resultate vir persoonlike integriteit.....	83
5.5.5 Bespreking van voorafgaande data.....	84
5.5.6 RESULTATE VAN STUDIE OOR ETNIESE EN GENDERGROEPE HEEN	86
5.5.6.1 Persoonlike integriteit by Kaaps (1)	86
5.5.6.2 Persoonlike integriteit by Kaaps (2)	88
5.5.6.3 Persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1)	89
5.5.6.4 Persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2)	90
5.5.6.5 Bespreking van voorafgaande data	91
5.6 SOSIALE AANTREKLIKHEID.....	92
5.6.1 Vriendelikheid	93
5.6.2 Aantreklikheid	94
5.6.3 Aangenaamdheid.....	94
5.6.4 Gemiddelde resultate vir sosiale aantreklikheid	95
5.6.5 Bespreking van voorafgaande data.....	96
5.6.6 RESULTATE VAN STUDIE OOR ETNIESE EN GENDERGROEPE HEEN	97

5.6.6.1 Sosiale aantreklikheid by Kaaps (1)	97
5.6.6.2 Sosiale aantreklikheid by Kaaps (2)	99
5.6.6.3 Sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1).....	100
5.6.6.4 Sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2).....	101
5.6.6.5 Bespreking van voorafgaande data	102
5.7 SAMEVATTING.....	103
HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING	104
6.1 INLEIDING	104
6.2 OPSOMMING VAN DIE RESULTATE	105
6.2.1 BEKWAAMHEID	105
6.2.2 PERSOONLIKE INTEGRITEIT	107
6.2.3 SOSIALE AANTREKLIKHEID	107
6.3 NAVORSINGSVRAE EN BESPREKING VAN HIPOTEESES.....	108
6.3.1 Wat is die algemene houdings van wit en bruin, manlike en vroulike eerstetaalsprekers, bo die ouderdom van 18, teenoor Kaaps as variëteit?	108
6.3.2 Wat is die algehele houdings van wit en bruin, manlike en vroulike eerstetaalsprekers, bo die ouderdom van 18, teenoor Standaardafrikaans?.....	109
6.4 BEPERKINGS VAN STUDIE	109
6.5 TOEKOMSTIGE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE	110
6.6 SAMEVATTING.....	111
BRONNELYS:.....	113
BYLAAG A: VRAELYS.....	129
Skakel na die vraelys: https://forms.gle/46cNhDnhxiT218y99	129
Uittreksel van die vraelys.....	129
BYLAAG B: TAALVERSORGINGSERTIFIKAAT	135

LYS TABELLE

Tabel 1: Afrikaanse gemeenskapsmatriks (Eloff, 2007; Coetzee-Van Rooy, 2013:202; Kruger, 2018:86)	50
Tabel 2: Afrikaans as huistaal volgens die provinsies van Suid-Afrika.....	53
Tabel 3: Afrikaans as huistaal volgens etniese groepe	54
Tabel 4. Uiteensetting van stemme in die opnames se gegewens	60
Tabel 5. Die dimensie van bekwaamheid by Kaaps 1 en 2	72
Tabel 6. Die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans 1 en 2.....	72
Tabel 7. Die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (1) deur wit en bruin respondente	75
Tabel 8. Die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (1) deur manlike en vroulike respondente	75
Tabel 9. Die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (2) deur wit en bruin respondente	76
Tabel 10. Die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (2) deur manlike en vroulike respondente.....	76
Tabel 11. Die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (1) deur wit en bruin respondente.....	77
Tabel 12. Die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (1) deur manlike en vroulike respondente.....	77
Tabel 13. Die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (2) deur wit en bruin respondente.....	78
Tabel 14. Die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (2) deur manlike en vroulike respondente.....	79
Tabel 15. Die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps 1 en 2.....	83
Tabel 16. Die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans 1 en 2	83
Tabel 17. Die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (1) deur wit en bruin respondente.....	87
Tabel 18. Die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (1) deur manlike en vroulike respondente.....	87

Tabel 19. Die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (2) deur wit en bruin respondente.....	88
Tabel 20. Die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (2) deur manlike en vroulike respondente.....	88
Tabel 21. Die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1) deur wit en bruin respondente	89
Tabel 22. Die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1) deur manlike en vroulike respondente.....	90
Tabel 23. Die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2) deur wit en bruin respondente	90
Tabel 24. Die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2) deur manlike en vroulike respondente.....	91
Tabel 25. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps 1 en 2.....	95
Tabel 26. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans 1 en 2.....	95
Tabel 27. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (1) deur wit en bruin respondente.....	98
Tabel 28. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (1) deur manlike en vroulike respondente.....	98
Tabel 29. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (2) deur wit en bruin respondente.....	99
Tabel 30. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (2) deur manlike en vroulike respondente.....	99
Tabel 31. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1) deur wit en bruin respondente	100
Tabel 32. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1) deur manlike en vroulike respondente.....	100
Tabel 33. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2) deur wit en bruin respondente	101
Tabel 34: Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2) deur manlike en vroulike respondente.....	101

LYS FIGURE

Figuur 1. 'n Taksonomiese uiteensetting van die strukturele veranderlikes wat etnolinguistiese vitaliteit beïnvloed	14
Figuur 2. Onderhoud met Moesliem-vrou uit die Bo-Kaap (Le Cordeur 2011:767)	37

LYS GRAFIEKE

Grafiek 1 en Grafiek 2. Die intelligensie van die sprekers volgensvolgensse respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 3 en 3.8)	70
Grafiek 3 en Grafiek 4. Die intelligensie van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 1.7 en 2.4)	70
Grafiek 5 en Grafiek 6. Die geleerdheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 3 en 3.8).....	70
Grafiek 7 en Grafiek 8. Die geleerdheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 1.7 en 2.3)	71
Grafiek 9 en Grafiek 10. Die aanduiding van die sprekers se ambisie volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik opsie 3 en 3.3).....	71
Grafiek 11 en Grafiek 12. Die aanduiding van die sprekers se ambisie volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 1.8 en 2.6).....	71
Grafiek 13 en Grafiek 14. Die gemiddelde dimensie van bekwaamheid by Kaaps (1), in Grafiek 13 $p=0.00068^*$ en Grafiek 14 $p= 0.986435$	76
Grafiek 15 en Grafiek 16. Die gemiddelde dimensie van bekwaamheid by Kaaps (2), waar Grafiek 13 $p= 0.020645^*$ en Grafiek 14= 0.227379	77
Grafiek 17 en Grafiek 18. Die gemiddelde dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (1) waar Grafiek 15 $p= 0.011001^*$ en Grafiek 15 $p= 0.170329$	78
Grafiek 19 en Grafiek 20. Die gemiddelde dimensie by Standaardafrikaans (2) waar Grafiek 17 $p= 0.424282$ en Grafiek 18 $p= 0.110854$	79
Grafiek 21 en Grafiek 22. Die hardwerkendheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.7 en 3.2)	81
Grafiek 23 en Grafiek 24. Die hardwerkendheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 1.9 en 2.4)	81
Grafiek 25 en Grafiek 26. Die eerlikheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.4 en 2.6).....	82

Grafiek 27 en Grafiek 28. Die eerlikheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2 en 2.2)	82
Grafiek 29 en Grafiek 30. Die betroubaarheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.5 en 3.1)	82
Grafiek 31 en Grafiek 32. Die betroubaarheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2 en 2.3)	83
Grafiek 33 en Grafiek 34. Die gemiddelde dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (1) waar Grafiek 30 $p = 0.998726$ en Grafiek 31 $p = 0.703114$	87
Grafiek 35 en Grafiek 36. Die gemiddelde dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (2) waar Grafiek 32 $p = 0.938879$ en Grafiek 33 $p = 0.205445$	89
Grafiek 37 en Grafiek 38. Die gemiddelde dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1) waar Grafiek 34 $p = 0.074346^*$ en Grafiek 35 $p = 0.155235235$	90
Grafiek 39 en Grafiek 40. Die gemiddelde dimensie vir persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2) waar Grafiek 36 $p = 0.01452^*$ en Grafiek 37 $p = 0.034307^*$	91
Grafiek 41 en Grafiek 42. Die vriendelikheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.2 en 2.4)	93
Grafiek 43 en Grafiek 44. Die vriendelikheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 1.9 en 2)	93
Grafiek 45 en Grafiek 46. Die aantreklikheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 3.3 en 3.6)	94
Grafiek 47 en Grafiek 48. Die aantreklikheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.7 en 2.7)	94
Grafiek 49 en Grafiek 50. Die aangenaamdheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.3 en 2.7)	95
Grafiek 51 en Grafiek 52. Die aangenaamdheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2 en 2.2)	95
Grafiek 53 en Grafiek 54. Die gemiddelde van die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (1) waar Grafiek 50 $p = 0.324105$ en Grafiek 51 $p = 0.492962$	98

Grafiek 55 en Grafiek 56. Die gemiddelde van die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (2) waar Grafiek 52 $p = 0.683843$ en Grafiek 53 $p = 0.893629$	99
Grafiek 57 en Grafiek 58. Die gemiddelde van die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1) waar Grafiek 54 $p = 0.56733$ en Grafiek 55 $p = 0.146261$	101
Grafiek 59 en Grafiek 60. Die gemiddelde van die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2) waar Grafiek 56 $p = 0.05148^*$ en Grafiek 57 $p = 0.045681^*$	102

HOOFSTUK 1: KONTEKSTUALISERING

Hoofstuk 1 verskaf 'n algehele oorsig van die inhoud en verloop van die studie. Hierdie oorsig het spesifieke verwysing na die teoretiese agtergrond en voorafstudie, sowel as die vertrekpunte ten einde die studie te laat geskied.

1.1 AGTERGROND EN VOORAFSTUDIE

Stigmatisering teenoor 'n taal,¹ óók die variëteite wat binne 'n betrokke taal aangetref word, is 'n verskynsel wat gereeld aangetref word. Ingevolge die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (RSA, 1996), mag daar geensins onbillik teenoor 'n individu gediskrimineer word op grond van onder andere taal nie. Tóg loop sprekers dikwels die risiko van diskriminasie en stigmatisering as gevolg van verskeie faktore. Stigmatisering geskied grotendeels omrede sprekers nie voldoen aan die voorgestelde norme en standaarde van 'n betrokke variëteit en/of taal nie. Jaspers (2004:19) dui oorhoofs aan dat die oorsaak van hierdie stigmatisering aan taalideologieë toegeskryf kan word.

Taal en ideologie is dus twee konsepte wat onlosmaaklik deel van mekaar is. Taalideologieë word omskryf as die idees wat oor 'n tyd heen in gemeenskappe rondom taal ontwikkel (Da Costa *et al.*, 2013:312). Gevolglik word persepsies gevorm van enige spreker, wat dan in die konteks van 'n luisteraar, nie aan die taalideologie van die betrokke luisteraar voldoen nie. Tipiese voorbeelde van taalhoudings en vooroordele in Afrikaans sal die taalhoudings wees wat individue, wat 'n positiewe ingesteldheid het teenoor die standaardvariëteit, teenoor Kaaps as variëteit het (Weideman, 1964; Retief, 1964).

Nie alle variëteite van Afrikaans het tot dusver amptelike status geniet nie en daar is 'n goed beskrywende deurlopende geskiedenis van hoe variëteite van Afrikaans oor jare heen gestigmatiseer is (De Wet, 1997:4). In Suid-Afrika word Standaardafrikaans sedert die 1980's nie as inklusief van alle Afrikaanssprekendes beskou nie (Odendaal, 2014:659). Die beskouing, van Standaardafrikaans as nie inklusief, kom reeds veel vroeër voor – dit het slegs vanaf die tagtigerjare groter prominensie begin kry – deels as gevolg van die veranderende politieke landskap.

In die verlede, selfs hedendaags, word Standaardafrikaans beskou as die variëteit van Afrikaans wat vir hoër funksies (byvoorbeeld as taal van die onderwys, die wetenskap en die

¹ In hierdie studie word daar deurgaans verwys na “taal”. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat wanneer daar na taal verwys word, die somtotaal van die taal en sy variëteite in berekening gebring (moet) word.

regbank) gebruik word terwyl ander variëteite tot die laer funksies (byvoorbeeld dié van huistaal) beperk is (Carstens, 2011:82). Afrikaans bestaan egter uit meer as nêr die standaardvariëteit wat in kerke, skole en howe gebruik word omdat dit spesifiek geassosieer word met kenmerke van gekultiveerdheid, deftigheid en geleerdheid (Botha, 1989:148). Bogenoemde instellings bevorder en vorm die standaardtaalideologie deur alle vorme wat as niestandaard beskou word, te devalueer en te marginaliseer (Barker *et al.*, 2001; Silverstein, 1979). 'n Tipiese spreker van die standaardvariëteit sal 'n variëteit soos Kaaps ongewoon vind omrede Kaaps nie noodwendig ten volle voldoen aan die riglyne wat die standaardvariëteit (gekoppel aan die standaardtaalideologie) stel nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat Kaaps 'n ondergeskikte posisie in die standaardiseringsproses ingeneem het (Odendaal, 2014:664). Die standaardiseringsproses het die kreoolse aard van Afrikaans ontken, en ontken dus die invloed van die slawe uit die geskiedenis van die ontwikkeling van die taal (Odendaal, 2014:664). Gevolglik kan gesê word dat die proses van standaardisering nie inklusief was, of selfs is, met die inagneming van alle groepe nie.

Alhoewel linguïste die variëteite van 'n taal as gelykwaardig beskou, geniet die standaardvariëteit 'prestige', terwyl ander variëteite (soos Kaaps) gekoppel word aan situasies van onmag en verwerping (De Wet, 1997:33). Op grond hiervan word Standaardafrikaans as "beskaafd" beskou en ander variëteite as "onbeskaafd" (Le Cordeur, 2015:719). Dit het die gevolg dat daar in "'n neerhalende lig na ander variëteite gekyk word en na 'n variëteit soos Kaaps verwys word as 'Gammattaal'" (Le Cordeur, 2011:768).

Faktore soos sosiopolitieke verandering kan ook 'n beduidende rol speel in die houdings wat groepe en individue teenoor 'n taal vorm. Die sosiopolitieke milieu van die vorige twee eeue, met spesifieke verwysing na veral die apartheidsera in Suid-Afrika, het bepaal dat die gebruiksvorme van Witafrikaans² die norm vir standaardisasie geword het (Kotzé, 1983:3). Tydens die apartheidsera het 'n beduidende groep omgangstaalsprekers hulself van Standaardafrikaans vervreem as gevolg van die kunsmatige skeiding wat tussen Standaardafrikaans (ook bekend as "beskaafde Afrikaans") en omgangsvariëteite,³ plaasgevind het (Odendaal, 2014:659). Dit het tot die stigmasering van niestandaardvorme, soos Kaaps, gelei (Webb, 1983:229). Niestandaardvorme is gestigmatiseer as minderwaardig en onopgevoed (Le Cordeur, 2015:719). Dit kan as problematies beskou word vanweë die feit dat taal en identiteit nou verweef is met mekaar en dat negatiewe taalhoudings teenoor 'n

² Witafrikaans verwys na die etniese variëteit (etnolek) (Carstens en Raidt, 2019).

³ Omgangsvariëteite verwys in hierdie verband na die "variëteite waarin mense hulself die natuurlikste uitdruk en wat iets oor die spreker reflekteer" (Carstens, 2018:317). Dit sluit geografiese dialekte, genaamd geolekte, sosiale dialekte, genaamd sosiolekte, en etniese dialekte, genaamd etnolekte, in (Carstens, 2018:317).

variëteit 'n daadwerklike impak op individue se selfwaarde en identiteit kan hê. Sodoende hou dit direk verband met die teorie van sosiale identiteit.

Die teorie van sosiale identiteit (Tajfel, 1978; Tajfel & Turner, 2004) ondersoek spesifiek hoe individue se selfwaarde/selfkonsep en lidmaatskap van 'n sekere groep, of subgroepe, sosiale identiteit beïnvloed. Die rol van individue se sosiale identiteit word as 'n belangrike faktor in die identiteitsbeleving van mense beskou. Dit bepaal die sosiaal-sielkundige welsyn van die individu, oefen 'n invloed uit op sosiale houdings/gedrag en beïnvloed in besonder tussengroepverhoudings (Bornman *et al.*, 2017:729). Individue word beoordeel op grond van die feit dat hulle aan eenderse groepe behoort al dan nie (Hogg & Abrams, 1988:24). Gevolglik word sydigheid, ten gunste van die groep waartoe die individu behoort, ervaar, en negatiewe houdings teenoor ander groepe (Bornman *et al.*, 2017:730). Met verwysing na taal, word houdings nie net op linguistiese kenmerke gegrond nie, maar eerder op ander faktore soos sprekers se etnisiteit en gender (Dragojevic *et al.*, 2017:17). Hierdie nielinguistiese redes (soos etnisiteit en gender) word maatstawwe op grond waarvan subgroepe gestigmatiseer word. Weens laasgenoemde word etnisiteit en gender as faktore gebruik waarop hierdie studie dan pertinent fokus.

Sosiale wetenskaplikes het wyses vasgestel waardeur stigmatisering en persepsies gemeet kan word deur sekere metodes te implementeer, soos die 'matched-guise'-tegniek⁴ (Garrett, 2005; Preston, 1999; Lambert *et al.*, 1960). Die 'matched-guise'-tegniek is deur 'n groep sosiale sielkundiges gedurende die 1960's ontwerp om die houdings te meet wat individue of groepe teenoor 'n betrokke taal, of variëteit binne die taal, het (Lambert *et al.*, 1960). Hierdie tegniek word in verskeie velde soos die onderwys, sosiale sielkunde en sosiolinguistiek gebruik en kyk na kwessies soos hoe veranderlikes van die spreker die hoorder se begrip, sowel as evaluering, beïnvloed en spesifieke houdings teenoor verskillende variëteite en kodes vergestalt (Gaies & Beebe, 1991:158). Wat die metodologie van hierdie tegniek betref, word soortgelyke gedaantes gebruik waar 'n individu stimulusmateriaal bydra in verskillende tale of taalvariëteite. Hoorders is byvoorbeeld onbewus daarvan dat, argumentsonthalwe, Spreker 1 van taal/variëteit A, dieselfde spreker is as Spreker 2 van taal/variëteit B. Die 'verbal-guise'-tegniek, 'n variant van die 'matched-guise'-tegniek, berus op dieselfde beginsel maar verskil in die sin dat verskillende sprekers vir verskillende variëteite gebruik word. Beide tegnieke word as metodologie geïmplementeer om individue en spraakgemeenskappe se taalhoudings vas te stel.

⁴ In Afrikaans word die vertaalekwivalent vir die term aangedui as die vermommingstegniek. Omrede hierdie terminologie selde in Afrikaans aangetref word, en om verwarring uit te skakel, gebruik hierdie studie voortaan die Engelse benaming.

Die ondersoek van taalhoudings is belangrik omrede kennis daarvan 'n bydrae lewer op taalkundige vlak, met spesifieke betrekking tot taalbeplanning en taalbestuur (Swart, 2016:26). Tersaaklike studies help individue om hulself te oriënteer ten opsigte van taalhoudings wat rondom 'n betrokke variëteit/variëteite bestaan. Hierdie studie sal 'n bydrae kan lewer tot 'n meer akkurate indruk van wat mense oor variëteite van Afrikaans dink, wat weer 'n hulpmiddel kan bied.

Alhoewel daar taalhoudingstudies rondom Afrikaans in die literatuur aangetref word (vgl. Saal, 2009; Saal & Blignaut, 2011; Blignaut, 2014; Blignaut & Lesch, 2014; Coetzee-Van Rooy & Peters; 2021) , hou dit nie direk verband met die onderhawige studie nie omrede die onderskeie metodologiese benaderings verskil. Studies soos De Klerk en Bosch (1994) en Wissing en Nortje (1996) het van die 'matched-guise'-tegniek gebruik gemaak, maar daar is nog geen taalhoudingstudies oor die variëteite van Afrikaans uitgevoer deur gebruik te maak van die 'verbal-guise'-tegniek nie.

Hierdie studie se belang en relevansie rus daarop dat daar nie genoeg, akkurate indrukke van sprekers se taalhoudings teenoor die variëteite van Afrikaans bestaan nie, en dat taalbesluite dan volgens wanindrukke geneem kan word.

1.2 NAVORSINGSPROBLEEM, NAVORSINGSVRAE EN HIPOTEESES

In hoofstuk 1, afdeling 1.1 is melding gemaak dat taalhoudings teenoor Kaaps en Standaardafrikaans al ondersoek is, maar dat daar nog geen studies uitgevoer is wat ondersoek instel na individue se taalhoudings deur van die 'verbal-guise'-tegniek gebruik te maak nie. Gevolglik poog hierdie studie om die leemte wat in bestaande literatuur aangetref word, te vul deur gebruik te maak van die "verbal-guise"-tegniek as indirekte metode om individue se taalhoudings teenoor die betrokke variëteite vas te stel.

Die primêre navorsingsvraag en hoofdoelstelling vir die studie is: Wat is die houdings van wit en bruin, manlike en vroulike eerstetaalsprekers van Afrikaans, bo die ouderdom van 18 jaar⁵, teenoor Kaaps en Standaardafrikaans soos bepaal met behulp van die 'verbal-guise'-tegniek?

Hierdie doelstelling sal bereik word deur te bepaal:

1. wat die algemene houdings van wit en bruin, manlike en vroulike eerstetaalsprekers, bo die ouderdom van 18, teenoor Kaaps as variëteit is,
2. wat die algemene houdings van wit en bruin, manlike en vroulike eerstetaalsprekers, bo die ouderdom van 18, teenoor Standaardafrikaans is.

⁵ Weens etiese vereistes is slegs respondente bo die ouderdom van 18 jaar in die studie gebruik.

Hierdie studie veronderstel die volgende hipoteses:

1. Daar is oor die algemeen meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans en meer negatiewe taalhoudings teenoor Kaaps.
2. Bruin respondente sal meer positiewe taalhoudings teenoor Kaaps hê en wit respondente meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans.;
3. Vroulike respondente sal meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans hê omrede dit beskou word as die variëteit met meer prestige waarde.

1.3 METODE VAN ONDERSOEK

1.3.1 Literatuurstudie as konseptuele raamwerk

Eerstens is 'n literatuurstudie uitgevoer. Die literatuurstudie dien as konseptuele raamwerk vir die studie en ook as 'n samevatting van reeds bestaande inligting en om die relevansie van die studie aan te dui. Dit word gedoen deur die belangrikste inligting, wat betrekking op die studie het, in twee afsonderlike hoofstukke te bespreek. Eerstens word daar gekyk na spesifieke konsepte binne taalhoudingstudies en vervolgens na die geskiedenis van Afrikaans.

Dié agtergrond, met spesifieke verwysing na die teorie en geskiedenis, is noodsaaklik vir 'n meer omvattende begrip van die data en navorsing wat aangebied word.

1.3.2 Empiriese ondersoek

1.3.2.1 Navorsingsontwerp

Hierdie studie neem die vorm van 'n opname aan (Mouton, 1996:152-153) ten einde 'n oorsig van die taalhoudings wat by eerstetaalsprekers van Afrikaans, die respondente van die studie, voorkom, te kan gee.

1.3.2.2 Onderzoekgroep

Respondente is met behulp van 'n sneeubalsteekproefmetode, sowel as 'n gerieflikheidsteekproefneming, verkry en geïdentifiseer. Hiermee word daar van die veronderstelling uitgegaan dat die navorser se onmiddellike omgewing as vertrekpunt gebruik word. Sosiale media soos Facebookbladsye en -groepe, Instagram en WhatsApp dien as mediums om verdere respondente op te spoor. Vraelyste is met behulp van hierdie platforms na 217 respondente uitgestuur.

Die ouderdomme van die respondente wissel tussen 18-70 jaar. Die respondente is divers in soverre dit hul beroep, etnisiteit en gender aangaan. Die rede vir die gebruik van die

ondersoekgroep is dat die data wat ingesamel word, so divers as moontlik is en verteenwoordigend is van die deursnee-individu daarbuite – nie noodwendig net individue wat hulself in 'n taalrigting bevind nie.

1.3.2.3 Navorsingsinstrument

Data is met behulp van 'n gestruktureerde vraelys, met geslote vrae, ingesamel (Cohen *et al.*, 2007:205). Geslote vrae bied 'n reeks response aan waaruit die respondente kan kies, en lewer so resultate wat uiters bruikbaar is vir statistiese analise (Cohen *et al.*, 2007:321). Dit word as 'n geldige meetinstrument beskou omrede respondente gewillig is om vrae te beantwoord en in die posisie sal wees om die nodige inligting te bekom (sowel as te kan verskaf) en die vrae te kan lees en verstaan (Wolf, 1997:422).

Daar word van respondente verwag om die betrokke variëteit, waarna deur middel van 'n opname geluister kan word, op 'n semantiese differensiaalskaal van een tot vyf te meet, waar een aandui dat die respondent volkome saamstem, en vyf dat die respondent glad nie saamstem nie. Respondente luister dus na opnames en beantwoord vervolgens vrae oor die “eienskappe” van die spreker.

1.3.2.4 Navorsingsprosedure

Die volgende stappe is tydens dataversameling gevolg:

1. Ingeligte toestemming is by die navorsingspopulasie verkry om die loodsondersoek, sowel as die werklike ondersoek, uit te voer;
2. 'n Loodsondersoek, met etiese goedkeuring, is met die konsepvraelys uitgevoer;
3. Die konsepvraelys is gewysig en aangepas;
4. Die navorsingspopulasie is geïdentifiseer en genader;
5. Die elektroniese skakel van die vraelys is aan die navorsingspopulasie gestuur;
6. Ná ingeligte elektroniese toestemming gegee is, is deelnemers na 'n webblad verwys;
7. Hier het respondente na die stimulusmateriaal geluister en vervolgens die vrae beantwoord;
8. Die navorsingspopulasie, oor verskeie subgroepe (etnisiteit en gender) heen, het die vraelys ingevul;
9. Data is ingesleutel en gekodeer;
10. Data is verwerk;
11. Gevolgtrekkings is aangeteken.

1.3.2.5 Etiese aspekte

Hierdie navorsing (etieknommer: NWU-01132-20-S7) is volgens normale etiese prosedures uitgevoer. Die nodige stappe is gedoen om te verseker dat die kriterium van navorsing wat mense betrek, nie oorskry word nie. Respondente is ingelig oor die spesifieke navorsingsproses. Daar was van respondente verwag om elektroniese toestemming te gee vir hul deelname aan die studie. Deelnemers is spesifiek in kennis gestel dat deelname anoniem geskied, dat antwoorde slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik word, dat deelname vrywillig is en dat hul op enige stadium aan die proses kon onttrek. Die vraelys is ook op só 'n manier ingerig om moontlike sensitiwiteit by respondente so goed as moontlik te bestuur.

1.3.2.6 Dataverwerking

Die response wat deur die respondente gelewer is, is met behulp van programme soos *Google Forms* en *Microsoft Excel* geanaliseer en verwerk. Response van elke kategorie is in hul onderskeie groepe verdeel en die gemiddelde is bereken. Die response is met behulp van grafieke visueel geïllustreer. Voorts is elke eienskap se grafiek onder die betrokke dimensie⁶ verdeel.

Die dimensies se groeperings is soos volg: Response wat verkry is oor etniese groepe heen, en response wat verkry is oor gendergroepe heen. Vir verdere statistiese analise is die t-toets ('t-test') gebruik om statistiese beduidendheid te bepaal.

1.4 HOOFSTUKUITEENSETTING

'n Oorsig van die bestaande literatuur, wat betrekking tot die studie het, maak die eerste twee gedeeltes van hierdie verhandeling uit (Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3). In Hoofstuk 2 word teoretiese konsepte, wat in die sosiolinguistiek veranker is, bespreek, naamlik: taal en identiteit, taal en sosiale identiteit, etnolinguistiese vitaliteit, houdings, taalhoudings, faktore wat taalhoudings beïnvloed, taalhoudingstudies, taalideologie en norme en standaardtaal. Hierdie teoretiese konsepte verskaf die basis vir Hoofstuk 3, wat naamlik handel oor die geskiedenis van Afrikaans. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat die samelewingsbehandeling rakende Afrikaans nie in 'n afsonderlike afdeling weergegee is nie, maar nou verweef is deur die hoofstukke om die studie deurgaans in perspektief te stel.

Hoofstuk 4 bied 'n uiteensetting van die empiriese navorsing. Hierdie hoofstuk bied voorts 'n oorsig van die navorsingsontwerp en navorsingsvrae, en bespreek ook die metodologie,

⁶ Hierdie dimensies verwys na die dimensie wat betrekking het op die spesifieke metodologie wat in die studie gebruik word. Dit word volledig in Hoofstuk 4 bespreek.

respondente, dataverwerking en etiese aspekte. Die analise van die data geskied in Hoofstuk 5. Daar word gebruik gemaak van kwantitatiewe navorsingsmetodes om data te analiseer. Hoofstuk 6 het ten doel om die gevolgtrekking van die studie weer te gee, sowel as om die navorsingsvrae/doelstellings te beantwoord.

HOOFSTUK 2: KONSEPTUELE RAAMWERK

2.1 INLEIDING

In hierdie studie is daar verskeie teoretiese konsepte wat as breër raamwerk dien. Die faktore wat 'n rol speel in die vorming van individuele houdings teenoor 'n bepaalde taal of variëteit is voorts van kardinale belang vir hierdie studie. Vervolgens is dit belangrik dat individue 'n goeie begrip van die teorie wat in die akademie aangetref word, toon.

Hoofstuk 2 is bemoeid met die belangrikste teoretiese konsepte wat op hierdie studie van toepassing is. Die hoofstuk is soos volg verdeel: Eerstens word 'n teoretiese agtergrond geskets vir die kontekstualisering van die studie. Daar word gekyk na die veld, oftewel die sosiolinguistiek, wat as die breë raamwerk dien vir die daaropvolgende teoretiese konsepte. Vervolgens word gekyk na hoe taal en identiteit binne die breë raamwerk van die sosiolinguistiek funksioneer.

Voorts, met die belangrikheid van konteks in gedagte, word daar gekyk na hoe etnolinguistiese vitaliteit 'n bepaalde rol speel. Daar word onderskei tussen houdings, taalgesindheid en taalhoudings as afsonderlike konsepte en hoe dit 'n invloed op taalideologieë het. Laastens word daar 'n bondige oorsig gegee oor die invloed van die betrokke standaardtaal en norme.

2.2 TEORETIESE KONTEKSTUALISERING

2.2.1 Sosiolinguistiek

'n Taal kan nie net as die somtotaal van sy grammatika beskou word nie. Die manier hoe sprekers taal gebruik, moet ook in berekening gebring word. Meer omvattend, hoe taal binne die konteks van die breër samelewing funksioneer. Taal word immers as 'n sosiale handeling beskou. Die veld sosiolinguistiek hou direk verband hiermee.

Sosiolinguistiek verwys na die verwantskap tussen die taalgebruik van 'n spreker en sy sosiale struktuur met inagneming van sosiale en kulturele faktore (Trudgill, 1983:32; Coulmas, 1997:1). Origens kan gesê word dat dit fokus op hoe taal funksioneer binne die perke van die breër samelewing.

Wardhaugh en Fuller (2015:2) voer aan dat sosiolinguistiek as 'n kennisveld gesien kan word wat ondersoek instel na hoe sosiale norme en taalgebruik met mekaar verweef is. Dit, met spesifieke verwysing na sosiolinguistiek, het veral betrekking op faktore wat linguistiek beïnvloed. Hierdie faktore sluit onder andere ouderdom, geslag, ras, opvoeding, etnisiteit en

geografie in. Sociolinguistiek fokus ook veral op fenomene soos houdings en gedrag teenoor taal, sowel as op die taalgebruikers van 'n betrokke taal (Du Preez, 2004:7; Hogg & Abrams, 1988:169). Volgens Otto (2017:365-366) word daar in hierdie veld veral beskrywende en statistiese navorsing gedoen om ooreenkomste te vind tussen aksent en dialek, sowel assosiale faktore.

Volgens Lyons (1981:36) kan daar binne die sociolinguistiek onderskeid getref word tussen mikro-sociolinguistiek en makro-sociolinguistiek. Mikro-sociolinguistiek hou verband met die struktuur van taalsisteme, sonder die inagnome van die volgende: die manier hoe taal verwerf en aangeleer word, die prosessering en liassering daarvan, die interafhanklikheid van taal en kultuur en die fisiologiese en psigologiese prosesse wat verband hou met taalgedrag (Lyons, 1981:36). In teenstelling met mikro-sociolinguistiek, hou makro-sociolinguistiek volgens Lyons (1981:36) verband met enige fenomeen wat betrekking het op taal, en dit sluit voorts dissiplines soos etnolinguistiek in.

Verder binne die sociolinguistiek, is die kwessie van indeksikaliteit ingebed. Indeksikaliteit word omskryf as die skakel wat individue van 'n betrokke taalgemeenskap maak tussen 'n bepaalde kode of taalvorm en die sosiale betekenis wat daaragter skuil (Wardhaugh & Fuller, 2015:407). Bekker (2003:65) is van mening dat taal as 'n simbool van groeplidmaatskap beskou kan word en gevolglik word 'n taal, of variëteite binne 'n taal, die fokus van sosiale vergelyking. "People are ... aware that certain linguistic items (even whole languages) are associated with certain social characteristics so that (A) – an accent, word, phrase, tone of voice, dialect, and so on – means, or can be taken to mean, (B) – smartness, foreignness, masculinity, impoliteness, superiority, and so on" (Wardhaugh & Fuller, 2015:236). Vervolgens kan gesê word dat daar bykans altyd kenmerke aan 'n spreker van 'n betrokke taal of variëteit toegedig word. Die manier hoe sprekers linguistiese items gebruik, is vir die hoorder van daardie spreker 'n direkte weerspieëling van 'n reeks veranderlikes wat betrekking het op die spreker. Met slegs die spreker se uitspraak as maatstaf kan daar met ander woorde reeds 'n reeks vooropgestelde gevolgtrekkings gemaak word.

Derhalwe kan uitspraak nie as neutraal beskou word nie (Wardhaugh & Fuller, 2015:236). Indien 'n spreker van Afrikaans 'n betrokke variëteit, soos Kaaps, praat, sal 'n fonetiese verskynsel soos "djy" aandui dat hy of sy aan 'n betrokke groep behoort. Die hoorder sal die spreker in 'n indeksikale groep plaas en kenmerke aan die verskynsel heg. Hierdie groepering hou direk verband met 'n individu se identiteit en waar individue hulself plaas in die samelewing. Om hierdie rede word daar vervolgens gekyk na taal en identiteit as 'n eenheid.

2.3 TAAL EN IDENTITEIT

In die samelewing dien taal as instrument 'n groter doel as om bloot kommunikasie tussen sprekers te bewerkstellig. Appel en Muysken (1987:16) bevestig bogenoemde stelling deur daarop te wys dat taal 'n groter doel voor oë het en nie nét as sosiaal-neutraal of as hulpmiddel, wat gebruik word om betekenis oor te dra, beskou kan word nie. Taal speel 'n veelseggende rol in die definiëring van wie 'n persoon in geheel is (Dyers, 2008b:51).

Taal is 'n aanduiding van 'n individu se ouderdom, geslag, sosiale klas en geografiese gegewens (Anthonie, 2009:8). Met ander woorde, taal kan 'n individu konseptualiseer binne 'n bepaalde raamwerk en sodoende sekere merkers aan 'n spreker heg. Dit hou ook verband met etniese en sosiale groepe en vervul 'n noodsaaklike rol as simbool en draer van identiteit (Appel & Muysken, 1987:16; Le Cordeur, 2011; Bornman *et al.*, 2013).

Identiteit as konsep kan verskeie definisies aanneem. Louw (1990:459) omskryf identiteit as “die individu se bewustheid van homself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n bepaalde plek in die samelewing.” Hieruit kan afgelei word dat identiteit deur verskeie faktore beïnvloed word – dit is 'n komplekse en veelvlakkige konstruk.

Aaneenskakelend by die bogenoemde is Wardhaugh en Fuller (2015:8) van mening dat individue oor veelvuldige vlakke van identiteit beskik, en dit is spesifiek gebonde aan die konteks waar die individu hom- of haarself bevind. Voorts, ter illustrasie, stel Otto (2017:366) dat indien 'n individu in 'n lae sosio-ekonomiese groep gebore word, hul deur “opwaartse mobiliteit” 'n ander taal of variëteit kan aanleer om soos hoërklasssprekers van die betrokke taal te klink. Tog het sprekers van 'n betrokke taal 'n sekere graad van agting vir die variëteit van hul moedertaal.

Die graad van agting wat individue teenoor hul moedertaal ervaar, hou direk verband met die identiteit van 'n individu. Swanepoel (1992:142) voer aan dat individue taal as 'n identiteitsmerker beskou vanweë hul hoogagting vir die betrokke moedertaal. Individue se hoogagting van 'n betrokke moedertaal kan toegeskryf word aan verskeie redes. Swanepoel (1992:142) skryf hierdie hoogagting toe aan 'n sekere mate van taalliefde en baseer dit op die volgende aspekte:

- i. 'n Moedertaal bepaal 'n groep of individu se identiteit;
- ii. As taal gee dit uitdrukking aan die “unieke volksiel” van die betrokke taal se moedertaalsprekers;
- iii. In beide bogenoemde opsigte onderskei dit individue en groepe van mekaar; en
- iv. 'n Moedertaal vorm die totale wese van die individu.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat 'n taal, veral 'n moedertaal, meer as net 'n middel is wat aangewend word vir kommunikasie en sy instrumentale waarde. Dit dra by tot wie die spreker in wese is. Dit is ook 'n besliste merker van individue en groepe se identiteit. Swanepoel (1992:143) vervat dit soos volg:

Taal is ... “'n geheue, 'n houer van die dinge wat die sprekers daarvan gedink en ervaar het in die leefruimte waarin hulle hul bevind. In hierdie opsig is elke kultuurtaal 'n biblioteek van die geskiedenis van 'n groep, van mense se kontak met hul fisiese en sosiale omgewing; kortom van alles wat 'n groep as nasie of volk identifiseer en van ander volke of groepe onderskei.”

Uit die bogenoemde blyk dit dat taal as kollektiewe entiteit beskou kan word, veral wanneer dit te make het met individue en groepe se identiteit. Dit sluit by Bucholtz en Hall (2004:370) se definisie van identiteit aan wat aandui dat die term “identiteit” letterlik verwys na “eendersheid”. Eendersheid kan dui op die ooreenkomste tussen verskillende individue. Hierdie definisie van Bucholtz en Hall (2004:370) sluit dan direk aan by die rol wat taal in verband met sosiale identiteit speel.

2.4 TAAL EN SOSIALE IDENTITEIT

Behalwe vir individuele identiteit, beskik individue ook oor 'n sosiale identiteit. Sosiale identiteit verwys na die verhouding tussen individue en groepslede wat dieselfde verlede, lewensuitkyk en taal deel (Norton, 1997:420). Meer spesifiek omskryf Tajfel (1978:63) sosiale identiteit as “that part of an individual's self-concept which derives from his knowledge of his membership of a social group(s) together with the value and emotional significance attached to that membership.”

Gevolgtrek word individue se opinies, sienings en menings verkry en gevorm uit die verskillende sosiale groepe waaraan hulle behoort (Hogg & Abrams, 1988:1). In hierdie verband verwys 'n sosiale groep na twee of meer individue wat sosiaal met mekaar identifiseer en hulself in dieselfde sosiale kategorie as die ander bevind/plaas (Turner, 1982:15). Individue se sosiale identiteit word grootliks beïnvloed en gevorm deur te identifiseer met sekere van hierdie sosiale kategorieë (Bekker, 2003:64). Betrokke sosiale kategorieë bepaal nie nét 'n individu se identiteit nie, maar óók hul self-konsep (Hogg & Abrams, 1988:17). Die beïnvloeding en bepaling van 'n individu se selfkonsep sluit direk aan by die teorie van sosiale identiteit (Tajfel, 1978).

Hierdie teorie fokus spesifiek op hoe individue se selfwaarde, selfkonsep en identiteit beïnvloed word deur deelname aan 'n spesifieke groep/subgroep. Vervolgens berus hierdie

teorie op die feit dat elke individu onderskeidelik beskik oor persoonlike identiteit en sosiale identiteit, soos gesien in die voorafgaande paragraaf. In hierdie verband verwys persoonlike identiteit na beskrywings rakende die self en sosiale identiteit na die oorsprong van sosiale kategorisering (Hogg & Abrams, 1988:24-25). Voorts steun hierdie teorie op die konsep rakende sosiale identiteit wat spesifiek kyk na die belangrikheid van groepe en sosiale interaksie.

Islam (2014:1781) voer aan dat individue hul eie identiteit definieer met betrekking tot sosiale groepe en dat hul sodoende te werk gaan om hul identiteit te beskerm en te versterk. Gevolglik is dit noodsaaklik vir individue om hulself te oriënteer ten opsigte van 'n sekere groep. Individue word beoordeel op grond van die feit dat hulle aan eenderse groepe behoort al dan nie (Hogg & Abrams, 1988:24). Met betrekking tot taal, word lede van 'n betrokke spraakgemeenskap dikwels beoordeel op grond van die feit dat hulle nie aan dieselfde spraakgemeenskap as die beoordelaar behoort nie.

Daar is verskeie faktore wat 'n rol speel met betrekking tot die teorie van sosiale identiteit. McNamara (1997:562) dui vier hoofprosesse aan wat betrokke is in die teorie van sosiale identiteit, te wete: sosiale kategorisering, bewustheidsvorming van sosiale identiteit, sosiale vergelyking en die soeke na positiewe eiesoortigheid.


Die proses van sosiale vergelyking behels die bewustheid van die status van beide in- en uit-groepe se sosiale identiteit (McNamara, 1997:563). Sosiale kategorisering verwys na die kategorisering van individue in afsonderlike sosiale groepe (Bekker, 2002:21; Krueger & DiDonato, 2008:735). Individue word geken aan die groepe waaraan hulle behoort. Of hulle aan dieselfde sosiale kategorie/groep(in-groeplid) behoort en of hulle aan 'n ander kategorie/groep (uit-groeplid) behoort (Bekker, 2002:21). Volgens Liberman *et al.* (2017:1) verskil die proses van sosiale kategorisering van ander vorme van kategorisering omrede individue geneig is om hulself in kategorieë te plaas wat tot hul voordeel strek. Dit kan problematies wees as gevolg van die feit dat individue hulself in gunstige groepe plaas en individue van ander groepe stigmatiseer. Individue se soeke na positiewe eiesoortigheid word omskryf as die poging wat individue aanwend om eiesoortigheid in 'n sekere sin te maksimeer, deur beperkings in plek te stel wat groepslede bevoordeel (McNamara, 1997:563). Laasgenoemde het 'n direkte invloed op die etnolinguistiese vitaliteit van 'n groep.

2.5 ETNOLINGUISTIESE VITALITEIT

Die definisie van etnolinguistiese vitaliteit lui soos volg: "that which makes a group likely to behave as a distinctive and collective entity within the intergroup setting" (Giles *et al.*,

1977:308). Hogg en Abrams (1988:172) brei egter die bogenoemde uit deur te stel dat die groep egter afhanklik is van die spesifieke sosio-strukturele stand van veranderlikes van die intergroeptekonteks. Volgens Giles *et al.* (1977:308) is daar drie veranderlikes, naamlik: status, demografie en institusionele ondersteuning. Die vitaliteit van 'n groep word beïnvloed deur hierdie strukturele veranderlikes. Die veranderlikes dra daartoe by dat 'n etnolinguistiese groep oorleef as 'n entiteit.

Taksonomies word dit soos volg uiteengesit (Giles *et al.*, 1997:308) :



Figuur 1. 'n Taksonomiese uiteensetting van die strukturele veranderlikes wat etnolinguistiese vitaliteit beïnvloed

Die statusveranderlikes bestaan uit faktore soos ekonomiese status/welvaart, sosiale status, sosiohistoriese status en taalstatus (Giles *et al.*, 1977:309; Garrett, 2010:83-84). Volgens Giles *et al.* (1977:309) het hierdie veranderlikes betrekking op die 'prestige' en status van 'n betrokke linguistiese groep. Hoe meer status 'n groep besit, hoe meer status word aan hulle verleen. Dus kan gesê word dat hoe meer status 'n taal of variëteit besit, hoe meer aansien en sprekers sal die betrokke taal of variëteit besit.

Die demografiese veranderlikes hou verband met die aantal groepslede en óók die verspreiding van die betrokke lede (Giles *et al.*, 1977:309). Hierdie veranderlike word ook verder deur Garrett (2010:83-84) uitgebrei en omskryf as die sprekersbasis van 'n taal soos gemeet aan die getalle, verspreidings, konsentrasie en die mate van migrasie.

Verspreiding van groepslede kan plaasvind op stedelike, streeks- of nasionale grondgebied (Harwood *et al.*, 1994:168). Dié betrokke veranderlike word verdeel in twee faktore, te wete verspreiding en aantal. Verspreidingsfaktore hou verband met 'n groep se proporsie, omvang van grondgebied terwyl die faktore wat verband hou met die getal, fokus op die geboortesifers, gemengde huwelike, immigrasie en emigrasie (Giles *et al.*, 1977:33). Volgens Hogg en Abrams (1988:172) kan die vitaliteit van 'n groep bevoordeel word deur faktore wat 'n rol speel soos lae emigrasiesifers, hoë geboortesifers en proporsionele verhoudings tussen in- en uit-groepe.

Institusionele ondersteuning kan as 'n veranderlike beskou word wat fokus op hoe 'n taal, sowel as die betrokke variëteite van die taal, aangewend en geïntegreer word by instellings soos die regering, kerke, besighede, skole en die media (Hogg & Abrams, 1988:172; Garrett, 2010:83-84). Dit kan in 'n formele konteks sowel as in 'n informele konteks geskied. Volgens Giles *et al.* (1977:309) is die vitaliteit van 'n linguistiese groep verwant aan die feit dat 'n betrokke taal, insluitend die somtotaal van sy variëteite, deur instellings soos universiteite en howe, gebruik en bevorder word. Gevolglik kan gesê word dat hoe meer 'n betrokke taal deur instellings gebruik word, hoe hoër is die taal se vitaliteit. Afrikaans en Engels, in hul geheel, kan ter illustrasie gebruik word. Volgens Le Cordeur (2011:760) word 'n taal met 'n hoë status, soos Engels, deur individue gebruik om oor die algemeen vooruit te streef. Dit kan toegeskryf word aan verskeie faktore soos onder andere die instrumentele funksies van Engels. Gevolglik is die vitaliteit van Engels hoër as dié van Afrikaans.

Harwood *et al.* (1994:171) brei verder uit en stel hoe 'n etnolinguistiese groep se vitaliteit beoordeel kan word op grond van die volgende:

An ethnolinguistic group may be weak on demographic elements but strong on institutional support and status factors. In such a case one could say that overall, this dominant high-status minority has medium vitality relative to another minority group that happens to be weak on all the vitality factors, demography, institutional control, and status. The general point is that ethnolinguistic groups whose overall vitality is strong are more likely to survive as distinctive collective entities than groups whose vitality is weak within the intergroup setting.

Met bogenoemde in ag genome, sal groepe met 'n hoë etnolinguistiese vitaliteit “floreer ... en lede sal met selfvertroue uitsonderlike identiteite handhaaf” teenoor groepe met lae etnolinguistiese vitaliteit, wat die risiko loop van verkwyning (Bornman *et al.*, 2017:730). Etnolinguistiese vitaliteit sal 'n daadwerklike impak hê op hoe individue, en individue in konteks van groepe, na 'n taal kyk. Dit sal ook 'n bepaalde invloed hê op die persepsies en houdings

wat individue en groepe teenoor 'n taal of variëteit vorm. Sodoende vorm dit 'n direkte skakel met houdings, en meer spesifiek taalhoudings.

2.6 HOUDINGS

Studies rakende individue en groepe se houdings is 'n fenomeen wat deesdae in die sosiale wetenskappe veral aandag geniet en 'n beduidende rol speel op die ontwikkeling van 'n taal. Individue en gemeenskappe ontwikkel dikwels 'n gevoel teenoor 'n spesifieke verskynsel of objek. Hierdie “gevoel” wat ontstaan kan as 'n “houding” tipeer word.

Binne die konteks van sosiolinguistiek, word daar houdingstudies uitgevoer. Houdingstudies is van waarde omrede dit die sosiolinguis in staat stel om stereotipes en houdings teenoor spraakgemeenskappe en taalgroepe te identifiseer (Roos, 1990:25). Met die identifisering van houdings, kan 'n taal se status en vitaliteit bepaal word. Volgens Wamalwa *et al.* (2013:53) vervul die rol van houdings 'n noodsaaklike rol met betrekking tot taalbesluite, taalontwikkeling en taalbeleid in meertalige samelewings. Derhalwe word daar gekyk na wat presies as 'n houding omskryf word.

Die term “houding” is al deur verskeie teoretici en navorsers, wat fokus op houdingstudies, gekonseptualiseer en gekarakteriseer (Agheyisi & Fishman, 1970:137). Alhoewel die term “houding” dikwels in gesprekke na vore tree, is die presiese aard daarvan moeilik om vas te stel omrede dit vanuit verskillende benaderings, perspektiewe en teorieë beskryf is, wat gelei het tot beduidende meningsverskille en verwarring op semantiese vlak (McKenzie, 2010:19). Om daardie rede berus hierdie studie by die klassieke definisie wat die term betref. Hierdie definisie van 'n houding dui op 'n individu se “geestelike gereedheidstoestand” wat beïnvloed word deur ervaring en vervolgens 'n reaksie uitlok op alle verbandhoudende voorwerpe en situasies (Allport, 1935:810). Dit sluit ook direk aan by Garret (2010:19) se meer gedetailleerde definisie wat soos volg lui:

... a construct, an abstraction which cannot be directly apprehended. It is an inner component of mental life which expresses itself, directly or indirectly, through much more obvious processes as stereotypes, beliefs, verbal statements or reactions, ideas and opinions, selective recall, anger or satisfaction or some other emotion and in various other aspects of behaviour.

Ander definisies wat in die literatuur beskikbaar is, lui soos volg (Oppenheim, 1982:39; Sarnoff, 1970:279; Liebscher & Daily-O'Cain, 2017:2):

- 'n Abstrakte voorstelling en innerlike komponent van 'n individu se geestelike lewe;

-
-
- 'n Ingesteldheid om gunstig of ongunstig teenoor voorwerpe op te tree; en
 - Interne gedagtes of idees wat geëksternaliseer/nie geëksternaliseer word.

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat daar verskeie definisies is wat die term “houding” omsluit en beskryf. McKenzie (2010:19) is van mening dat dié definisies as problematies beskou kan word vanweë die feit dat hulle in die besonder oorvleuel met definisies soos “oortuigings, opinies, waardes, gewoontes, motiewe en ideologie”. Om daardie rede is dit noodsaaklik om die bogenoemde konsepte van houdings te onderskei. McKenzie (2010:19-20) en Baker (1992:14) sit dit soos volg uiteen:

- i. Oortuigings: is van nature kognitief, kan geprikkel word deur affektiewe reaksies en vorm in wese slegs een komponent van houdings. Daar kan onderskei word tussen deskriptiewe oortuigings (wat verband hou met hipoteses en persepsies oor die wêreld) en preskriptiewe oortuigings (wat stellings soos “behoort te” en “moet” bevat).
- ii. Opinies: word gedefinieer as openlike oortuigings wat verbaliseerbaar is. Houdings in hierdie verband kan latent wees en word oorgedra in nie-verbale en verbale prosesse.
- iii. Waardes: kan as hoër ideale beskou word waarna individue streef om te bereik. Waardes is ook meer abstrak as houdings omrede hul verder strek as net spesifieke aksies en situasies.
- iv. Gewoontes: Volgens Bohner en Wänke (soos aangehaal in McKenzie, 2010:19) is gewoontes, gedragsroetines en in die konteks kan houdings bepalend wees vir gedrag.
- v. Motiewe: word beskryf as latente ingesteldhede. Motiewe is doel-spesifiek waar houdings objek-spesifiek is.

Die definisie van ideologie word later in die studie, onder afdeling 2.7 getiteld Taalideologie, volledig uiteengesit en bespreek.

Ons houdings is bepalend vir dit waaraan ons aandag gee, hoe ons inligting verwerk en ons optrede (Roos,1990:25). Houdings kan ook beskou word as 'n sielkundige evaluering wat onderskei tussen goed en sleg, skadelik en voordelig, aangenaam en onaangenaam en dies meer. (Ajzen, 2001:21). Uit hoofde van die bogenoemde, is 'n houding 'n “hipotetiese konstruk” wat nie direk waarneembaar is nie, maar wat afgelei kan word van waargenome antwoorde (of gedrag) (Eagly & Chaiken, 1993:2). Alhoewel houdings nie altyd direk waarneembaar is nie, is dit belangrik om te onthou dat dit dikwels deel vorm van die onderbewussyn (Roos, 1990:25). 'n Persoon se houdings word bepaal deur sy of haar eerlike, persoonlike evaluasie en ingesteldheid teenoor 'n fenomeen (Maartens, 1997:1). Vervolgens

word daar gekyk na die komponente waaruit houdings bestaan, omrede dit bepalend is vir individue se gedrag.

Daar is drie komponente, ook verwys na as faktore, wat houdings beïnvloed en vorm, naamlik: 'n kognitiewe komponent (oortuigings), 'n affektiewe komponent (emosies) en 'n konnatiewe (gedrags-) komponent (Roos, 1990:25-26; Baker, 1992:12; Eagly & Chaiken, 1993:16; Garrett, 2010:23). Hierdie komponente word volgens Garrett (2010:23) en Ibarra et al. (2008:328-329) soos volg beskryf:

1. Kognitiewe komponent: Hierdie komponent behels die gedagte en oortuigings oor die wêreld wat 'n direkte invloed op houdings het. Dit het betrekking op kennis, ervarings en oortuigings. 'n Voorbeeld hiervan sal wees dat individue van mening is dat 'n sekere taal of variëteit hulle aansien en status sal verhoog.
2. Affektiewe komponent: Houdings is affektief omrede dit gevoelens van die "houdingsvoorwerp" bevat. Hierdie komponent word as maatstaf van gunstigheid of ongunstigheid teenoor die houdingsvoorwerp gebruik. Met ander woorde, hierdie komponent, gesamentlik met 'n individu se vooropgestelde idees, bepaal die goed- of afkeur en die gunstigheid van die taal of variëteit.
3. Konnatiewe komponent: Hierdie komponent hou verband met die geneigdheid om op 'n sekere manier op te tree met spesifieke verwysing na die gedrag wat aangetref word. Hierdie komponent sal bepaal hoe 'n individu optree. Soms is dit op wyses wat ooreenstem met die kognitiewe en affektiewe komponente.

Bogenoemde komponente vorm 'n integrale deel van 'n individu se wese in geheel. Sodra 'n verandering in een van die komponente plaasvind, veroorsaak dit spanning in die oorblywende komponente wat lei tot 'n houdingsverandering (Roos, 1990:5).

Vir 'n houdingsverandering om plaas te vind of in te tree, verg veel meer inspanning as om net 'n bewustelike besluit te neem om van 'n bepaalde houding te verander of daarvan af te sien. Om daardie rede is dit noodsaaklik om die teorieë wat met houdings verband hou te ondersoek en vas te stel wat 'n besliste invloed daarop uitoefen.

2.6.1 Verskillende teorieë rakende houdings

Soos dit uit die voorafgaande afdeling blyk, is houdings 'n konstruk wat hedendaags veral in die akademie aandag geniet. Met betrekking tot die sielkunde, word navorsing rakende houdings in twee groepe verdeel, naamlik: die mentalistiese- en die behavioristiese houdingsteorieë.

Behaviorisme verwys na die verskynsel dat 'n individu se gedrag vanuit hul spesifieke omgewing aangeleer word (Louw & Louw, 2014:23). Gevolglik is individue se gedrag en houdings 'n direkte resultaat van dit wat in hul omgewing waargeneem word. Houdings kan sodoende afgelei word uit individue se antwoorde wanneer hulle reageer in sosiale situasies (McKenzie, 2010:21). Wat gedrag betref, kan faktore soos ouderdom, gender, herkoms, groeplidmaatskap en taalagtergrond 'n individu se optrede beïnvloed (McKenzie, 2010:21). Volgens die behavioristiese beskouing blyk dit dat individue se gedrag, optrede en houdings direk waarneembaar is.

Hierteenoor beskou die mentalistiese, ook bekend as die kognitiewe, benadering 'n houding as 'n geestelike gereedheidstoestand (Allport, 1935:810). Volgens hierdie benadering is houdings dus nie direk waarneembaar nie.

Volgens McKenzie (2010:21) berus beide bogenoemde teorieë op die beginsel dat individue nie met spesifieke houdings aangebore is nie, maar dat houdings aangeleer is tydens die sosialiseringstydperk gedurende individue se kinderjare en adolessensie. By die aanleer van houdings is daar verskeie prosesse betrokke. Hierdie prosesse kan volgens Garrett (2010:22) onderverdeel word in waarnemingsleer en instrumentele-leer, waar waarnemingsleer die gedrag van ander waarneem en nadink oor die gevolge van daardie gedrag, en waar instrumentele-leer aandag skenk aan die gevolge van die gedrag, en of dit enige voordele of nadele inhou. 'n Individu se persoonlike ervarings en sosiale omgewing, insluitende sosiale media, word as kernbronne beskou wat bostaande prosesse kan beïnvloed (Garrett, 2010:22). Hierdie kernbronne, gesamentlik met die bostaande prosesse, het gevolglik 'n direkte impak op hoe individue in en teenoor sekere situasies en omgewings optree.

By die bestudering van houdings kan daar 'n onderskeid getref word tussen universele houdings en houdings wat meer spesifiek fokus op taal, genaamd taalhoudings⁷ (Roos, 1990:25). Verbandhoudend hiermee kom sprekers van verskillende tale en variëteite dikwels met mekaar in kontak. Die oorsaak en gevolg is dat sodra 'n betrokke taalgemeenskap in kontak kom met 'n ander taalgemeenskap, taalhoudings tot stand kom (Ting, 2003:195).

2.6.2 Taalhoudings

Taalhoudings kan nie net beskou word as die gesindheid wat individue teenoor 'n taal het nie, maar ook as die gesindheid teenoor 'n betrokke kultuurgroep (Paolo, 1999:116). Dit is veral

⁷ In die akademie word taalgesindheid as sinoniem gebruik vir taalhoudings. Hierdie studie verkies egter om die benaming van taalhoudings te gebruik omrede dit die meeste assosieerbaar is met die Engelse benaming en vertaalekwivalent genaamd "language attitudes".

opmerklik by hierdie stelling dat daar verwys word na gesindheid, en nie na die term “houding” nie.

Uit die literatuur blyk dit dat verskeie akademici die term “gesindheid” – of eerder “taalgesindheid” – bo die term “taalhoudings” verkies (kyk Bosch, 1995; Verhoef, 1995 & 1998; Veldsman, 2021). Hierdie studie gebruik voortaan die term taalhouding(s), omrede dit so na as moontlik aan die algemeen gebruikte terminologie van Engels, te wete ‘language attitudes’ is.

Taalhoudings verwys na die vooropgesette mening wat individue teenoor ’n taal het, die variasie binne ’n taal, die sprekers van ’n taal en die aangewende pogings om ’n taal te bevorder of te onderhou (Fasold, 1984:148). Verhoef (1995:42-43) sluit hierby aan en brei die stelling verder uit deur te sê dat taalhoudings omskryf kan word as “’n individuele of kollektiewe menings/stel oortuigings teenoor ’n bepaalde taal/variëteit en sy sprekers.” Dit behels, met ander woorde, die positiewe of negatiewe houdings wat teenoor ’n taal, variëteit of taalgroep aangetref word (Lasagabaster & Sierra, 2009:4).

Voorts voer Verhoef (1995:42-43) aan dat taalhoudings individue en spraakgemeenskappe se persepsies en optrede teenoor ’n sekere taal, variëteit van ’n taal of sprekers van ’n taal bepaal.

Individue en spraakgemeenskappe is nie altyd bewus van die taalhoudings wat by hulle bestaan nie. Diegene word veral bewus van hul taalhoudings wanneer dit negatief, eksplisiet en argumenterend verwoord word in die media of gesprekke (Garrett, 2010:2). Dit is juis hier waar taalhoudings teenoor verskeie aspekte van ’n taal gevorm word. Individue vorm taalhoudings teenoor die volgende: spelling en interpunksie, grammatika, fonetiek en fonologie, dialek en selfs die tempo waarteen ’n individu praat (Garrett, 2010:2). Taalhoudings bestaan ook teenoor variëteite van ’n taal, omrede variëteite van mekaar verskil. Volgens Edwards (1999:102) is die rede waarom een variëteit meer gunstig as ’n ander beoordeel word ’n gevolg van die feit dat een van die variëteite oor ’n linguisties verheve vorm beskik.

2.6.2.1 Faktore wat taalhoudings beïnvloed

Houdings teenoor mense en tale stem nie altyd volkome ooreen nie (Dyers, 2007:94). Dit is moontlik om positiewe houdings teenoor ’n taal te hê, maar negatiewe houdings teenoor die sprekers van ’n betrokke taal. Houdings wat voorkom, is gewoonlik onbewustelik en nie direk merkbaar nie (Ryan *et al.*, 1982:7). Individue is daarom nie altyd ten volle bewus van hul houdings teenoor ’n bepaalde persoon of saak nie, ook nie van die komponente en sleutelveranderlikes wat ’n rol speel in die ontstaan en vorming van hul taalhoudings nie.

Volgens Dragojevic *et al.* (2017:17) word houdings nie nét op linguistiese kenmerke gegrond nie, maar óók op ander komponente, soos in afdeling 2.6. bespreek. Buiten vir hierdie komponente, is daar ook spesifieke sleutelveranderlikes wat taalhoudings beïnvloed naamlik: kulturele agtergrond, taalagtergrond, taalvaardigheid, skool, ouderdom en geslag wat 'n rol speel (Baker, 1992:41-45).

Die kulturele agtergrond waaroor individue beskik, het 'n bepaalde invloed oor hoe hulle 'n taal, of variëteit van 'n taal ervaar. Individue sal meer positiewe taalhoudings teenoor 'n taal (of variëteit) hê wanneer hulle aktief deelneem aan die kulturele aktiwiteite van daardie taal soos aan kuns, poësie en musiek (Baker, 1992:44).

Navorsing het gevind dat die taalagtergrond waaroor individue beskik, 'n belangrike rol vervul ten opsigte van hul taalhoudings (Baker, 1992:44). Dit sluit die taalgebruik van die volgende in: familie en vriende, die gemeenskap en jeugkultuur, massamedia, portuurgroepe en popkultuur (Baker, 1992:44). Met ander woorde, individue sal positiewer taalhoudings teenoor 'n taal (of variëteit) hê wanneer hulle meer blootstelling daaraan kry (Baker, 1992:44).

Behalwe vir individue se kulturele agtergrond en taalagtergrond, is taalvaardigheid en taalhoudings ook direk met mekaar gekoppel (Baker, 1992:44). Individue wat oor goeie taalvaardighede beskik, is geneig om positiewer taalhoudings teenoor daardie taal te hê as die persone waarvan die taalvaardighede nie so goed is nie (Baker, 1992:44). Voorts is dit ook diegene wat goed vaar in die aanleer van 'n taal, wat oor goeie taalvaardighede beskik (Baker, 1992:44).

Die skool of instansie waar 'n leerder ingeskryf is en die onderwysers van daardie entiteit beïnvloed ook grootliks daardie leerder se taalhoudings (Baker, 1992:42). Indien 'n tweetalige skool en hul onderwysers byvoorbeeld Afrikaans as onderrigtaal op leerders afdwing en byvoorbeeld die gebruik van Engels verbied, bestaan die moontlikheid dat leerders sekere negatiewe houdings teenoor Afrikaans kan ontwikkel.

Wat ouderdom betref, het navorsers gevind dat taalhoudings geneig is om minder positief te wees soos wat individue se ouderdom toeneem (Baker, 1992:41). Hierdie tendens kan grotendeels toegeskryf word aan die interaksies wat tussen groepe tydens die sosialiseringproses plaasvind (Baker, 1992:42). Volgens Baker (1992:42) toon meisies ook positiewer houdings teenoor taal as seuns omrede meisies vroër emosionele volwassenheid bereik en as gevolg van die biologiese verskille tussen geslagte.

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat die taalhoudings wat by individue bestaan, gevorm word deur faktore soos hul omgewing en persoonlike ervaring. Hierdie faktore verskil van individu tot individu en sal sodoende verskillende taalhoudings tot die gevolg hê.

Na aanleiding van die bogenoemde, word taalhoudingstudies in geheel in die volgende afdeling uitgebrei en bespreek.

2.6.2.2 Taalhoudingstudies in geheel

Houdings teenoor 'n taal, of variëteit binne 'n taal, bepaal die status, waarde en aansien van die taal (Baker, 1992:10). Bykomend kan gesê word dat taalhoudings grootliks die vooruitgang of verkwyning van 'n taal kan bepaal. Ter illustrasie, indien daar negatiewe houdings teenoor 'n taal of betrokke variëteit bestaan, is dit hoogs waarskynlik dat die status, waarde, sowel as die aansien van die taal of variëteit relatief laag is. Dit het die gevolg dat 'n taal of variëteit gestigmatiseer word en beperkte funksies het. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om taalhoudings te bestudeer.

Taalhoudingstudies het volgens Verhoef (1995:41-42) veral waarde vir taalbeplanning. Roos (1990:25) sluit hierby aan en stel dat dit die sosiolinguïst in staat stel om sekere stereotipes te identifiseer, en sodoende taalbeplanningsprojekte te monitor. Verder weerspieël taalhoudingstudies taalgebruikers se gevoelens rakende 'n bepaalde saak, óók hoe hulle sou reageer of optree teenoor 'n bepaalde gebeurtenis (Kruger, 2018:82). Oor die algemeen het taalhoudingstudies die potensiaal om bydraes te lewer op verskeie vlakke wat taalbeplanning betref (Campbell-Kibler, 2010:378). Dit dra by tot die algehele ontwikkeling en stand van 'n taal.

Die studies wat uitgevoer word rondom die betrokke taalhoudings kan verdeel word in houdings teenoor 'n spesifieke taal, variëteite binne die betrokke taal en onderwerpe wat verband hou met sosiolinguïstiek (Schmied, 1991:16). Baker (1992:29-30) brei laasgenoemde stelling verder uit en stel dat studies wat voorheen uitgevoer is, fokus op:

- i. Houdings teenoor taalvariasie, dialek en spraakstyl
- ii. Houdings teenoor die aanleer van 'n nuwe taal
- iii. Houdings teenoor 'n spesifieke minderheidstaal (bv. Iers)
- iv. Houdings teenoor taalgroepe en gemeenskappe
- v. Houdings teenoor taallesse
- vi. Houdings teenoor die gebruik van 'n spesifieke taal
- vii. Houdings van ouers teenoor die aanleer van 'n nuwe taal
- viii. Houdings teenoor taalvoorkeure

Hierdie studie het spesifiek betrekking op die houdings wat bestaan teenoor taalvariasie, dialek en spraakstyl, alhoewel inligting rakende die houdings teenoor taalgroepe en gemeenskappe en die gebruik van 'n spesifieke taal ook na vore kan tree.

Cramer (2016:1-2) is van mening dat nietaalkundiges se persepsies oor die variasie wat in 'n taal voorkom vir lank geïgnoreer en as onwetenskaplik afgemaak is omrede akademici van mening was dat die gemeenskap oor 'n onvoldoende woordeskat beskik, wat hul nie bevoeg maak om hul mening toereikend oor variasie uit te spreek nie. Gevolglik is die verband tussen taal en houdings teenoor 'n taal as onduidelik beskou.

Volgens Dragojevic *et al.* (2013:18) bestaan taalhoudings nie in 'n “sosiale vakuum” nie, maar kan hulle eerder gesien word as “'n produk van diverse, kompeterende, kulturele, historiese en ideologiese kragte wat vinnig kan verskuif in reaksie op 'n veranderende politieke en tegnologiese landskap.” Taalhoudings ontstaan ook nie net spontaan by individue nie, maar word deur sosiale prosesse aangeleer (Garrett, 2010:22). Volgens Garrett (2001:629) word hierdie taalhoudings selde afgeleer. Taalhoudings is ook opmerklik te sien in die geval van Afrikaans.

2.6.2.3 Bestaande taalhoudingstudies in Afrikaans

Oor die afgelope 60 jaar vorm taalhoudingstudies 'n integrale deel van sosiolinguistiek. Hierdie veld geniet veral aandag sedert die sestigerjare waar Lambert *et al.* (1960) die ‘matched-guise’-tegniek as indirekte metode⁸ tot taalhoudingstudies ingelui het, ten einde individue se taalhoudings teenoor 'n taal of variëteit vas te stel. Binne Afrikaans is enkele studies gedoen om individue se taalhoudings teenoor dié taal bepaal. Die tersaaklike studies word vervolgens bespreek.

De Klerk en Bosch (1994) en Bosch en De Klerk (1996) het ondersoek ingestel oor die taalhoudings van die Oos-Kapenaars teenoor die drie hooftale van die streek naamlik: Afrikaans, Engels en Xhosa. Die ‘matched-guise’-tegniek is as metodologiese raamwerk gebruik om onbewuste, affektiewe en stereotipiese houdings teenoor die betrokke tale en hul aksente en by uitbreiding variëteite te bepaal. In beide studies kom die konsekwente bevinding na vore dat Engels meer positief as Afrikaans geëvalueer word. Dyers (2008a; 2008b) het soortgelyke taalhoudingstudies teenoor Afrikaans gedoen deur die houdings teenoor Afrikaans, Engels en Xhosa in die Wes-Kaap te bestudeer. Wat Dyers (2008a; 2008b) se studie van die De Klerk en Bosch (1994) en Bosch en De Klerk (1996) se studies onderskei, is die feit dat Dyers (2008a; 2008b) houdings bestudeer het via longitudinaal- etnografiese

⁸ In die literatuur word daar ook na metodes as benaderings verwys. Hierdie metodes of benaderings word in afdeling 4.2.2.1 verder bespreek.

werk. Hier dokumenteer Dyers (2008a; 2008b) dat houdings teenoor Afrikaans, Engels en Xhosa nie net aan positiewe of negatiewe houdings toegeskryf kan word nie.

Onlangse navorsing gedoen deur Coetzee-Van Rooy en Peters (2021) stel ondersoek in na veeltalige studente⁹ se houdings teenoor Engels en Afrikaans deur gebruik te maak van 'n ontleding van taalportretdata. Die doel van die navorsing was om aan te toon hoe die gebruik van taalportrette¹⁰ dieper insigte kan lewer in die taalhoudings van groter groepe (Coetzee-Van Rooy en Peters, 2021:8). Die bevindinge toon aan dat daar algemeen neutrale tot negatiewe houdings jeens Afrikaans en algemeen positiewe houdings teenoor Engels in die Suid-Afrikaanse konteks bestaan.

Bostaande studies dui op die taalhoudingstudies wat gedoen is teenoor Afrikaans as taall. Hierteenoor het Saal (2009) onder andere 'n taalhoudingsondersoek gedoen oor hoe sekere omgangsvariëteite van Afrikaans, Engels en Sepedi deur die sprekers daarvan in oordedende tekste ervaar word.

Saal en Blignaut (2011) het ook ondersoek ingestel oor die waarde en gebruik van Tienerkaaps in gedrukte advertensies by graad 10 en 11 Kaapse leerders. Die studie se doel was tweeledig van aard: eerstens om vas te stel watter taal- en sprekerpersepsies die gebruik van 'n Tienerkaaps in gedrukte advertensies by Kaapse Afrikaanse tieners oproep, en tweedens om te bepaal of Tienerkaaps in gedrukte advertensies as gesprekstimulus kan optree. Twee afsonderlike advertensies is gebruik en is in Tienerkaaps en Standaardafrikaans aangebied. Die ondersoek het bevind dat Tienerkaaps in gedrukte media positiewe reaksies ontlok by Kaapse tieners en dat hulle tienertaal verkies bo Standaardafrikaans omrede hulle daarmee kan identifiseer en dit meer verstaanbaar, interessant en humoristies is. In Tienerkaaps is die advertensie beskryf as "kwaai, duidelik, gevaarlik" (Saal & Blignaut, 2011:365).

Na afloop van die bespreking van tersaaklike taalhoudingstudies, is dit belangrik om kennis te neem dat taalhoudings spesifiek is aan 'n sekere konteks en sosio-politieke omgewing. Dit is belangrik om gereeld ondersoek in te stel na individue se taalhoudings aangesien die konteks en sosio-politieke omgewing waar individue hulself bevind voortdurend kan verander en veranderende taalhoudings tot die gevolg hê.

⁹ Studente (n=105) van die Noordwes-Universiteit se Vanderbijlparkcampus is vir die navorsing gebruik.

¹⁰ Taalportrette is 'n kwalitatiewe navorsingsmetodologie wat gebruik word om veeltalige taalgebruikers se besinning oor die tale in hul repertoriums uit te lok (Coetzee-Van Rooy & Peters, 2021:3). Individue kleur, verf en vul die silhoeët van 'n liggaam in. Daarna interpreteer en ontleed die navorser die data om bruikbare gevolgtrekkings te maak (Kasap, 2021).

Ter samevatting. Wat Afrikaans betref, is daar reeds studies wat individue se taalhoudings teenoor Afrikaans as 'n geheel bestudeer deur gebruik te maak van verskillende metodes. Daar is ook studies oor die taalhoudings teenoor sommige variëteite van Afrikaans, maar daar is weinig studies wat taalhoudings teenoor die variëteite van Afrikaans verken deur spesifiek van die 'verbal-guise'-tegniek gebruik te maak.

2.7 TAALIDEOLOGIE

Die studie van taalideologieë het veelvoudige raakpunte met ander verbandhoudende kwessies en beskik volgens Pieterse (1995:49) oor verskeie "grys areas". Pieterse (1995:49) voer verder aan dat die rede vir die laasgenoemde toegeskryf kan word aan die feit dat daar verskeie definisies en interpretasies rondom die term "ideologie" bestaan. Weens laasgenoemde is dit noodsaaklik om die term "ideologie" in die konteks van die onderhawige studie te definieer en te begrens.

Liebenberg (1990:17) se omvattende definisie rakende ideologie word soos volg beskryf: "'n Verklarende geheelsisteem met 'n logies koherente voorkoms wat 'n aksiegerigte komponent bevat en wat ook sekere geïnstitusionele uitvloeisels in die praktyk vertoon". 'n Ideologie leef in die ideëryk van 'n groep individue wat dieselfde dink en dieselfde oortuigings en waardes koester (Venter, 2003:115). Meer spesifiek word 'n taalideologie omskryf as die idees en beskouings wat taalgebruikers het aangaande 'n taal (Silverstein, 1979:193). Irvine (1989:255) beskou taalideologie as die idees en oortuigings van sosiale en taalkundige houdings wat gepaard gaan met morele en politieke belange.

Met betrekking tot die sosiolinguistiek word (taal)ideologie op die sogenaamde "makrovlak" aangetref en weerspieël dit die taalstatus, sowel as individue en groepe se persepsies teenoor hul moedertaal of tale wat in die omgewing aangetref word (Venter, 2003:115). In aansluiting by die bogenoemde, skep individue taalideologieë om die ooreenkomste tussen taal en sosiale verskynsels te verklaar (Dragojevic *et al.*, 2013:3). Dit verklaar waarom daar verskeie maniere aangetref word waarop individue na 'n taal kyk en dit benader.

Ten opsigte van benaderings, sou Cobarrubias (1983) besliste pogings aanwend om 'n struktuur voor te stel waarvolgens hierdie benaderings ontleed kan word. Dit word ook beskryf as taalideologiese benaderings, wat dui op die beskouings en opvattinge wat individue behorende tot 'n bepaalde taalgemeenskap rakende 'n taal of tale in die gemeenskap kan hê (Venter, 2003:115). Hierdie vier ideologiese benaderings, ten opsigte van taal, kan soos volg uitgepak word: linguistiese assimilasië, linguistiese pluralisme, vernakularisering en internasionalisering.

Linguistiese assimilasie dui op die feit dat daar 'n heersende, of eerder 'n dominante, taal binne 'n gemeenskap bestaan en dat individue binne die gemeenskap bevoeg is om in die betrokke taal te funksioneer. Linguistiese pluralisme het die uitgangspunt dat alle tale op 'n vlak van gelykheid moet funksioneer. Die benadering van vernakularisering ag alle inheemse tale as betekenisvol en wend 'n besliste poging aan om die betrokke taal uit te brei. Laastens dui internasionalisering op die standpunt dat 'n taal van internasionale belang van waarde is vir die breër samelewing.

“'n Ideologie is 'n gemeenskaplike siening tussen lede van 'n gemeenskap” en dit hang van dié lede van die gemeenskap af om die taal te bevorder en in stand te hou (Venter, 2003:116). Dit het direk betrekking op Afrikaans. Die vitaliteit, instandhouding en voortbestaan van Afrikaans is verantwoordelikhede wat rus op die Afrikaanse spraakgemeenskap in sy geheel. Die ideologie hou ook verband met die kategorisering van 'n taal. Die kategorisering van variëteite in Afrikaans, volgens wat as standaard en niestandaard beskou word, is egter geensins 'n voor die hand liggende taak nie.

Binne hierdie konteks bestaan die standaardtaalideologie. Die standaardtaalideologie het betrekking op die geïdealiseerde vorm van die taal. Dit word vervolgens in besonderhede bespreek.

2.7.1 Standaardtaalideologie

Die standaard van 'n betrokke taal word gewoonlik vereenselwig met kenmerke van status en 'prestige'. Beide begrippe, naamlik status en prestige, is moeilik omskryfbaar omdat dit van kultuur tot kultuur en gemeenskap tot gemeenskap verskil, en dit berus op die subjektiewe oordele van 'n gemeenskap (De Villiers, 1985:28). Dus is status en prestige nie eie aan 'n objek nie, maar word gevorm en dan deur die gemeenskap daaraan geheg (De Villiers, 1985:28).

Wanneer individue in die oë van 'n bepaalde gemeenskap hoë aansien geniet en gebruik maak van 'n betrokke taal of variëteit, heg dit kenmerke van status en 'prestige' aan daardie taal of variëteit (De Villiers, 1985:29). Gevolglik word die 'prestige' en mag van 'n betrokke taal of variëteit, gekoppel aan die kernbeginsels van die standaardtaalideologie (León, 2018:46). Die standaardtaalideologie veronderstel dat individue na die standaardtaal as die “mees korrekte” vorm van 'n betrokke taal verwys.

Lippi-Green (1994:167) verwys na die standaardtaalideologie as 'n voorkeur van 'n geïdealiseerde homogene gesproke taal wat die geskrewe vorm van die taal as model aanneem. In die geval van Afrikaans sou daar gespekuleer kon word dat die sprekers van

variëteite wat binne die taal aangetref word, Standaardafrikaans idealiseer.. Alhoewel dit in werklikheid nie altyd die geval is nie, is dit tog onvermydelik dat daar meer ‘prestige’ aan Standaardafrikaans geheg word as aan ‘n variëteit soos Kaaps.

2.8 NORME EN STANDAARDTAAL

In ‘n taal is daar bepaalde maatreëls en riglyne waaraan die taalgemeenskap moet voldoen. Hierdie maatreëls en riglyne word saamgevat in ‘n enkele term genaamd die norm. Volgens Carstens (2011:4) is ‘n norm ‘n toestand wat vir gebruikers van ‘n betrokke taal die gewone of mees algemene is, waarna hulle hulself rig in bepaalde situasies, hetsy op sosiale of taalkundige vlak. Op grond van die bogenoemde kan taalnorme in hierdie verband as sosiolinguistiese norme bestempel word, “aangesien die sosiale situasie bepaal watter linguistiese vorm gepas is” (Carstens, 2017:409). Ter illustrasie: In die dele van die land waar Kaaps as spreektaal gebruik word Standaardafrikaans as variëteit in hoër instellings gebruik en nie Kaaps nie, hoofsaaklik omdat Standaardafrikaans in die sosiale situasie of konteks meer gepas is.

Daar bestaan verskeie variëteite in ‘n taal en die standaardtaal word as slegs een van hierdie variëteite beskou. Dit staan oorhoofs bekend as die gestandaardiseerde variëteit (Blignaut, 2014:31). Carstens (2011:279) definieer die gestandaardiseerde variëteit as ‘n “model” waarvolgens ‘n taalgemeenskap hul taalgebruik meet. Milroy en Milroy (1985:59) voer aan dat hierdie variëteit gebruik word in die staatstruktuur, as norm dien vir die onderwyssektor en gekodifiseer word deur woordeboeke en handboeke. Gevolglik word hierdie variëteit veral gebruik in formele kontekste en dien dit as riglyn vir taalgebruikers.

Volgens Du Plessis (1988:33) bestaan daar heelwat meningsverskille aangaande die term “standaardtaal” omrede daar nie konsensus is aangaande die betekenis van die term nie. Du Plessis (1988:33) brei uit op die bogenoemde en voer aan dat die problematiek van die term intree omrede twee benaderings aangetref word. Hier dui hy die standaardtaal as ‘n geïdealiseerde vorm aan teenoor die werklike betekenis van die standaardtaal, soos aangedui in die bostaande verduidelikings.

In ‘n omvattende beskrywing beskryf Da Costa *et al.* (2013:314-327) ‘n standaardtaal soos volg: dit word grootliks as ‘n variëteit van ‘n taal beskou, word met sub-spesifieke groepe geassosieer en vervul bepaalde funksies binne ‘n gemeenskap (Da Costa *et al.*, 2013:314-327). Hieruit blyk dit dat die standaardtaal verskeie rolle vervul. In hierdie verband beskou Otto (2017:372) die standaardtaal as uiters belangrik vanweë die feit dat dit taalgebruik insluit

wat deur soveel sprekers as moontlik verstaan word, wat soveel sprekers as moontlik akkommodeer en wat veral in formele kontekste gebruik kan word.

In die Afrikaanse taalgemeenskap word Standaardafrikaans as die standaardtaal beskou. Carstens (2011:285) definieer Standaardafrikaans soos volg: “daardie variëteit van Afrikaans wat deur die Afrikaanse taalgemeenskap aanvaar word as die taalnorm wat die algemeenste gebruikswaarde het oor die hele Afrikaanse taalgebied.” Volgens Otto (2017:371) is die standaardtaal “nie beter [...] as ander variëteite [...] nie” (Otto, 2017:371). Die standaardtaal staan nie verheue bo die ander variëteite nie. Dit dien slegs as riglyn en basis vir die deursneetaalgebruiker. Nietemin word daar in ’n neerhalende lig na ander variëteite verwys, wat lei tot die gevolg dat sommige groepe en individue negatiewe konnotasies heg aan die term ‘standaardtaal’ (Carstens, 2017:485; Van Huyssteen, 2020b).

Van Huyssteen (2020b) is van mening dat daar weggedoen moet word met ‘gelade terme’ soos standaardtaal, standaardisering en Standaardafrikaans. ’n Alternatiewe term, soos algemene Afrikaans, behoort naamlik die term “Standaardafrikaans” te vervang (Van Huyssteen, 2020b). Van Huyssteen (2020a) voer hierdie argument verder deur algemene Afrikaans op Taalportaal, soos volg te beskryf:

“General Afrikaans is that form of Afrikaans that all Afrikaans speakers/writers, to a greater or lesser extent have in common. Some of the manner of speaking/writing might be more common in certain groups or communities than in others but are nonetheless generally understandable and/or recognisable in the larger Afrikaans community. It is therefore the most widespread and unmarked form of Afrikaans.”

Uit die bogenoemde stelling is dit duidelik dat indien daar weggedoen word met sekere terme wat ’n spesifieke variëteit in Afrikaans benoem, dit die horisonne van Afrikaans as taal in geheel sal verbreed. Dit sal lei na Afrikaans wat meer inklusief is as wat die bostaande definisies van Standaardafrikaans aandui. Die inklusiwiteit van algemene Afrikaans kan tot voordeel strek vir alle Afrikaanssprekendes (Van Huyssteen, 2020b).

2.9 SAMEVATTING

Hoofstuk 2 het ten doel gehad om die nodige teoretiese konsepte te bespreek om sodoende ’n grondslag te lê vir ’n meer omvattende begrip van dit wat in die Afrikaanse taallandskap aangetref word.

In die bespreking is daar gekyk na hoe taal funksioneer binne die perke van die breër samelewing – 'n konsep genaamd sosiolinguistiek. Daar is aandag gegee aan die verweefdheid van taal en identiteit, taal en sosiale identiteit, sowel as aan veranderlikes soos status, demografiese veranderlikes en institusionele ondersteuning wat 'n direkte impak het op die etnolinguistiese vitaliteit van 'n taal. Die etnolinguistiese vitaliteit van 'n taal hou direk verband met die taalhoudings wat binne 'n taal en variëteite aangetref word. Die belangrikheid van die verskillende konsepte soos menings en opinies is ook bespreek om 'n onderskeid te tref tussen daardie konsepte en houdings.

Die betrokke taalhoudings wat by individue en spraakgemeenskappe bestaan, hou ook direk verband met die ideologieë wat rondom 'n taal bestaan. In hierdie afdeling is daar spesifiek gekyk na standaardtaalideologie en die relevansie daarvan tot die studie. Laasgenoemde is slegs 'n oorsigtelike bespreking omrede hierdie studie nie taalideologieë bestudeer nie, maar taalhoudings. Laastens is daar gekyk na norme en die begrip “standaardtaal” – veral na die feit dat norme die perke stel vir 'n standaardtaal om te funksioneer. Met betrekking tot Afrikaans word daar melding gemaak van die idee dat daar weggedoen moet word met sekere gelade terme om Afrikaans mee te beskryf om sodoende 'n meer inklusiewe Afrikaans te bewerkstellig.

Vervolgens word daar gekyk na die geskiedenis van Afrikaans, met inagnameming van die verskynsels wat direkte betrekking het tot die studie. Daar word ook gekyk na hoe die teorie, met betrekking tot die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans wat in die onderhawige hoofstuk aangetref word, in die Afrikaanse spraakgemeenskap aangetref word en tot uiting kom.

HOOFSTUK 3: DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN AFRIKAANS: 'N BONDIGE OORSIG

3.1 INLEIDING

Die geskiedenis en ontwikkeling van Afrikaans speel 'n bepaalde en bepalende rol in die taalhoudings en persepsies wat by individue en spraakgemeenskappe bestaan. Die sosiale ongeregtigheid wat plaasgevind het, het 'n definitiewe invloed op die manier hoe daar na variëteite in Afrikaans gekyk word. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om oorsigtelik te kyk na die aspekte wat 'n invloed gehad het, 'n rol speel en bydra tot die taalhoudings en persepsies wat teenoor Afrikaans bestaan.

Hoofstuk 3 begin met 'n algehele oriëntering wat die studie in perspektief stel. Vervolgens word 'n oorsigtelike bespreking van Kaaps en Oosgrensafrikaans (en die verloop daarvan tot en met Standaardafrikaans) as variëteite van Afrikaans aangebied. Voorts word aandag geskenk aan die standaardisering van Afrikaans, met spesifieke klem op die rol van die taalbewegings, Afrikanernasionalisme en standaardisering en die herstandaardisering van Afrikaans. Laastens word daar gekyk na die taalhoudings wat 1994 voorafgaan en wat daarop sou volg en hoe ditkon bydra tot die manier hoe individue na Afrikaans in geheel kyk.

Die hoofdoel van hierdie hoofstuk is om spesifieke klem te lê en lig te werp op die fenomene in die samelewing wat bygedra het tot die taalhoudings wat teenoor Afrikaans en sy variëteite bestaan en ontstaan het, en meer spesifiek, die samelewingsbehandeling¹¹ wat tot hierdie taalhoudings gelei het. Die samelewingsbehandeling en vorige taalhoudingstudies rakende Afrikaans word nie afsonderlik weergegee nie, maar is nou verweef deur hierdie hoofstuk om daardeur die relevante gebeure in perspektief te stel.

3.2 HISTORIESE KONTEKSTUALISERING

Daar is verskillende teorieë wat handel oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans. Du Plessis (1994:95) meen dat teorieë so oud soos die kolonisering van 1652 is.

¹¹ Daar is drie metodes wat gebruik word in taalhoudingstudies om data te ontgin. Die analise van die samelewingsbehandeling vorm deel van daardie drie. Alhoewel hierdie hoofstuk nie as 'n analise beskou kan word nie, gee dit die belangrikste gebeure weer om die breër beeld te vorm met betrekking tot die ontstaan van taalhoudings oor Afrikaans. Samelewingsbehandeling dien ook binne die verband van die studie as vertaalekwivalent vir "societal treatment". In Hoofstuk 4, afdeling 4.2.2, word daar meer uitgebrei oor hierdie metode.

Wat nie eksplisiet in die literatuur vermeld word nie, is dat die geskiedenis van Afrikaans uit twee fases bestaan, naamlik: Afrikaans voor 1800 en Afrikaans ná 1800 (Du Plessis, 1994:96). Dit is tydens hierdie fases wat die Britse besetting van die Kaap die Suid-Afrikaanse politiese en linguistiese landskap bewustelik verander het en groepe die Kaap verlaat het (Du Plessis, 1994:96).

Benewens die fases, is daar twee teoriegroepe wat fokus op Afrikaans se ontstaansgeskiedenis, te wete: Afrikaans as 'n vereenvoudiging van sewentiende-eeuse Nederlands en dié wat fokus op die intertaalteorie as uitgangspunt (Van der Merwe, 1968:20; Le Cordeur, 2011:761). 'n Meer onlangse bron groepeer egter die ontstaan van Afrikaans binne die volgende vier indelings (Conradie & Groenewald, 2017:45):

1. die plek en rol van variëteite van Nederlands in die vorming van Afrikaans;
2. spontane taaloordrag as faktor in die vorming van Afrikaans;
3. die rol van aanleerder en die vorming van uiteenlopende variëteite; en
4. die sameloop van variëteite en standaardisering.

Conradie en Groenewald (2017:45) meen dat daar nie soseer onderskeid getref kan word tussen verskillende fases nie, dat daar verskeie oonvleuelings is en dat Afrikaans in verskillende tydperke ook in verskillende vorme voorgekom het. In teenstelling hiermee, onderskei Grebe (2012) weer tussen sewe en agt teorieë wat handel oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans. Uit die bogenoemde spruit dat die geskiedenis van Afrikaans kompleks is en as sodanig die nodige bestudering verdien.

Volgens Van Oort en Carstens (2014:695) was (en is) dit “nie duidelik hoe die Afrikaanse taallegkaart presies inmekaar steek nie, aangesien die studie oor die ontwikkeling van Afrikaans ... slegs dele van die volle spektrum van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans behels.” Dit is noodsaaklik om inklusief om te gaan met die gebeure wat 'n bepaalde rol in die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans speel, soos onder andere gevind in die werke van Christo van Rensburg, naamlik: *Afrikaans in Afrika* (1997), *So kry ons Afrikaans* (2012), *Van Afrikaans gepraat* (2018).

Sodra sekere lede van die taalgemeenskap nie ingereken word by die ontwikkeling en geskiedenis van Afrikaans nie, ontstaan spesifieke taalhoudings en persepsies, omdat dele van die bydraes van sommige groepe uitgelaat word. Dit het 'n definitiewe invloed op die manier hoe daar in die algemeen na Afrikaans en sy variëteite gekyk word. 'n Inklusiewe

benadering tot die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans, wat die bydraes van ander groepe (bruin en swart sprekers¹²) inreken, moet erken word (Van Oort & Carstens, 2014:695). Die erkenning van ander groepe se bydraes tot die ontwikkeling van Afrikaans kan vervolgens as aanduiders van betrokke individue en groepe se houdings en persepsies.

Volgens Carstens (2003b:5) stel kennis van die verlede 'n mens in staat om die hede en die toekoms van 'n taal in perspektief te sien. Om hierdie rede is dit belangrik vir hierdie studie om die geskiedenis van Afrikaans te ondersoek en te bespreek.

Afrikaans is die resultaat van verskeie kulture en tale wat in kontak getree het met mekaar. Hierdie kontak het onder meer bestaan tussen die Nederlandse settelaars, Franse Hugonote, Duitsers, slawe van elders in Afrika, Indonesië en Indië en laastens die Khoi-Khoi (wat saam met die San ook as die oerbewoners van die kontinent beskou word) (Conradie & Groenewald, 2017:29). Reeds voor die koms van die Europese skeepsreisigers aan die Suid-Afrikaanse kus, het die inheemse Khoi-Khoi hulself gevestig in dele van die Noord-, Wes-, en Oos-Kaap, soos dit vandag bekend staan (Conradie & Groenewald, 2017:37). Met die koms van seelui het tolke 'n belangrike rol begin vervul, veral tydens veeruiltransaksies (Van Rensburg, 2016:458). Dit was noodsaaklik om effektiewe kommunikasie te bewerkstellig tydens ruilhandel. Om handelsgesprekke so effektief moontlik te laat geskied, het sekere seelui belangstelling in Khoi as taal begin toon (Van Rensburg, 2016:459). Volgens Van Rensburg (2016:456) het die Khoi-Khoi 'n nuwe kontaktaal begin praat. Weens die skaarsste en aanvraag na arbeiders, is slawe na die Kaap ingevoer (Conradie & Groenewald, 2017:38). Die noodsaaklike rol wat die Khoi-Khoi vervul het, het begin verval met die instroming van slawe. In 1713 tref die pokke-epidemie die Kaap en het die gevolg dat tot 30% van die Khoi-Khoi heengaan en oorlewendes vlug na die binneland (Conradie & Groenewald, 2017:40). Hiermee word die betrokke kontaktaal na ander gebiede geneem. Die Khoi-Khoi vervul later 'n noodsaaklike rol in die skep van Oranjerivier- en Oosgrensafrikaans (Van Rensburg, 2016).

Met die voorafgaande in gedagte, kan Afrikaans dus as 'n kontaktaal beskou word. Wanneer tale met mekaar in kontak kom, is dit onvermydelik dat daar sprake sal wees van wedersydse beïnvloeding wat die gevolg het dat die struktuur van die een taal 'n onvermydelike invloed op

¹² Weens die aard van die studie is dit noodsaaklik om na verskillende groepe te verwys. Vir die doel van verdere besprekings word daar nie na spesifieke benamings van groepe verwys nie (weens die sensitiewe aard daarvan), maar eerder na kleur omrede dit as neutraal en op 'n gelyke vlak beskou kan word (Vlg. ook Le Cordeur, 2011:759, voetnoot 1).

die ander sal hê en omgekeerd (Du Plessis, 1987:25). Voorts verklaar dit die verskeie variëteite wat in Afrikaans aangetref word.

Die variëteite van Afrikaans wat hedendaags aangetref word, is 'n lewende getuigenis van die taalkontaksituasie wat aan die vroeë Kaap tussen wit, bruin en swart voorgekom het (Du Plessis, 1995:144). Die drie historiesgeografiese hoofvariëteite¹³ wat in Afrikaans aangetref word, kan soos volg ingedeel word: Oosgrensafrikaans, Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans (ook bekend as Gariep-Afrikaans¹⁴) (Van Rensburg, 1989:438; 1990:68; Otto, 2017:380). Volgens Otto (2017:384) kan die taalkontaksituasie ook verskeie subkulture verklaar, byvoorbeeld: Bendetaal, Tsotsitaal, Flaaitaal, Scanto, Van der Merwe-Afrikaans en Tienertaal. Vir die doel van en relevansie tot hierdie studie word Kaaps en Oosgrensafrikaans as variëteite van Afrikaans bestudeer.

3.2 KAAPS

3.2.1 Agtergrond

Kaaps kan as een van die drie historiesgeografiese variëteite van Afrikaans beskou word (Carstens & Raidt, 2019:240). Kaaps is een van die oudste variëteite van Afrikaans en sy ontstaansgeskiedenis kan as parallel gesien word met dié van Afrikaans as taal in geheel (Hendricks, 2016:4). “Die wortels van Kaaps is ... al omtrent 360 jaar gelede te vinde, toe sprekers van verskillende tale ... vir die eerste keer in die skadu van Tafelberg kontak gemaak het, en uit hierdie kontak 'n nuwe taal begin posvat het” (Kotzé, 2016:37). Die vroegste Kaapse Afrikaans was volgens Le Cordeur (2015:75) reeds voor Jan van Riebeeck se koms aan die Kaap te vinde.

In onderskeidelik 1592 en 1595 besoek Van Linschoten, De Houtman en Lodewycks onderskeidelik die Kaapse kus (Le Cordeur, 2015:715). Jan van Riebeeck se koms aan die Kaap in 1652 het gelei tot die invoer van slawe (Saal *et al.*, 2001:16). Volgens Le Cordeur (2016:88) is die eerste groep slawe ingevoer vanaf Angola en Mosambiek, wat die gevolg gehad het dat Portugees na die Kaap gebring is. Slawe was ook afkomstig van Guinee, Madagaskar, Indiese kusgebiede soos Malabar, Koromandel en Bengale, die Oos-Indiese

¹³ Ten spyte van die feit dat Grebe (1999:56) nie ten volle met Van Rensburg (1989:438; 1990:68) se indeling van die drie hoofvariëteite saamstem nie, sal daar vir die doel van die betrokke studie steeds van Van Rensburg se indeling gebruik gemaak word.

¹⁴ Alhoewel hierdie variëteit vir die oorgrote meerderheid bekend is as Oranjerivierafrikaans, staan die alternatiewe naam vir hierdie variëteit bekend as Gariep-Afrikaans. Vanweë die groep wat hierdie variëteit praat en die oorspronklike naam van die Gariepriver, word dit aangedui as Gariep-Afrikaans (Van Heerden & Kulsén, 2017).

Eilande en die Indiese Argipel (Le Cordeur, 2011:763). Die ontstaan van Kaapse Afrikaans kan toegeskryf word aan 'n diverse groep slawe, wat elk verskillende moedertale gehad het, wat Nederlands (Hollands) probeer praat het om met hul meesters oor die weg te kom. Tweedetaal Nederlands is ook aangewend vir kommunikasie, onderwys, ekonomie en kultuur (Van Rensburg, 1997:1; Le Cordeur, 2011:763). Kaapse Afrikaans kan oorhoofs beskou word as 'n "intertaalvorm"¹⁵ wat ontstaan het, 'n tipe "Aanleerdersafrikaans" van die Khoi-Khoen en slawe (Saal *et al.*, 2001:16; Carstens & Raidt, 2019:240). Dus is Kaapse Afrikaans hoofsaaklik deur bogenoemde slawe en hul nageslagte gepraat. Dit het veral Maleise- en Arabiese invloede bevat, omrede slawe gedwing is om Nederlands te leer (Le Cordeur, 2011:763). Hedendaags kan hierdie invloede in verskeie diverse geografiese gebiede aangetref word. Dit het die gevolg dat Kaapse Afrikaans as geheel in die volgende geografiese gebiede onderverdeel kan word.

Wes-Kaapse Afrikaans (Suidwestelike Afrikaans) kan taksonomies verdeel word in Bolandse Afrikaans, Overbergse Afrikaans, Moesliemafrikaans, Swartlandse Afrikaans, Weskus-Afrikaans, Sandveldse Afrikaans en die Afrikaans van die Klein-Karoo (volgens Ponelis (2012) en Hendricks (2012), soos aangehaal deur Otto, 2017:380-381). Met die bogenoemde in gedagte, laat dit egter die vraag na watter vorm van Kaapse Afrikaans verwys word wanneer daar gepraat word van die Kaapse Afrikaans wat in die Kaap aangetref word en nie noodwendig in die (Suid-)Wes-Kaap as geheel nie? Hierdie kwessie word aan die hand van alternatiewe benamings vir die variëteit verklaar.

Daar is verskeie alternatiewe benamings wanneer dit kom by Kaaps as variëteit van Afrikaans. Alternatiewe benamings wat aangetref word, is soos volg: Kaapse Afrikaans (Hendricks, 1978:13; Le Cordeur, 2011:763-766), Kaapse Vernakulêre Afrikaans (Ponelis, 2009; Du Plessis, 1987:130), Vernakulêre Afrikaans, Bo-Kaapse Afrikaans, Suidwestelike Afrikaans (Ponelis 1987:9).

Ponelis (1987:9) is egter van mening dat die gebruik van Kaapse Afrikaans (as benaming), as alternatief vir Kaaps, verwarring kan veroorsaak vanweë die feit dat Kaapse Afrikaans sinoniem is met Suidwestelike Afrikaans, wat dui op die Afrikaans wat vandag in die Wes-Kaap gepraat word. Geografies word Kaapse Afrikaans nie beperk nie en strek dit oor 'n groter geografiese gebied terwyl "Kaaps geografies beperk is tot die Kaapse Skiereiland, die Bo-

¹⁵ Intertaalvorm in hierdie verband verwys na 'n tipe oorgangsvaardigheid wat deur taalaanleerders gebruik word om 'n doeltaal te leer (Corder, 1981:66; De Wet, 1996:103).

Kaap en Distrik Ses" (Hendricks, 2016:5). Voorts word die benaming "Kaaps" gebruik om die betrokke variëteit aan te dui.

Kaaps, as variëteit, word vandag steeds gepraat deur verskeie spraakgemeenskappe wat weens die onreg van apartheid as bruin geklassifiseer is, met ander woorde bruin sprekers (Blignaut & Lesch, 2014:25; Dyers, 2008b:52-53). Meer spesifiek is Kaaps veral "die taal van die bruin werkersklas" (Blignaut & Lesch, 2014:19). Volgens Hendricks (2017) word Kaaps egter nie net in hoofsaak deur die bruin werkersklas gepraat nie, maar ook deur wit sprekers. Die verskillende sprekers wat Kaaps praat, bring variasie en verskeidenheid mee. Vervolgens word daar gekyk na die linguistiese verskynsels wat in Kaaps aangetref word.

3.2.2 Linguistiese verskynsels van Kaaps

Vir die betrokke studie is dit noodsaaklik om oorsigtelik te kyk na die linguistiese verskynsels van Kaaps. Fonetiese en fonologiese verskynsels onderskei sprekers van mekaar en sodoende het dit spesifiek betrekking tot die studie.

Die taalvermenging van die twee tale, naamlik Afrikaans en Engels, is 'n algemene kenmerk van Kaaps as variëteit. Hierdie verskynsel kan 'n besliste invloed hê op taalhoudings wat individue teenoor Kaaps huldig, veral diegene wat taalsuiwerheid voorstaan. Hierdie vermenging vind plaas deur leksikale items van Engels te "leen", en sodoende Engelse woorde te verafrikaniseer, byvoorbeeld: "although" wat [ɔldœu] word en "try" wat [xətra:i] word (Blignaut & Lesch, 2014:21).

Behalwe vir die invloed van Engels, in samehang met die Islam, is leksikale items en invloede vanuit die Arabiese, die Maleisiese en die Indonesiese spesifiek aan Kaaps (Hendricks, 2016:9). Otto (2017:382) en Hendricks (2016:9) lys die items, wat veral met Islam/Moesliemafrikaans in verband staan, wat in die tiende uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* opgeneem is, soos volg: *asser* (gebedsbeurt), *boeja* (vader), *eid moebarak* (seëngroet). 'n Woord soos "salaam" wat afkomstig is vanuit die Moslem-gemeenskap word ook aangewend as groetvorm in Kaaps (Blignaut & Lesch, 2014:21).

Die gebruik van bestaande woorde in nuwe of uitgebreide betekenisse kan ook as 'n tipiese merker van Kaaps beskou word. 'n Voorbeeld hiervan is die lemma "gevaarlik" wat soos volg in 'n sin gebruik word: Hy speel [xəfa:lək] (met die betekenis van goed) rugby (Blignaut & Lesch, 2014:21). Volgens Blignaut en Lesch (2014:21) is daar ook sekere uitdrukkings wat eie is aan Kaaps, soos: *Kom ons [ma:ts] (march) bedoelend "Kom ons gaan"*. Alhoewel

bogenoemde alles eie aan Kaaps is, het dit nie soseer betrekking tot die studie nie. Om daardie rede word daar voorts gefokus op sommige fonologiese verskynsels wat eie aan Kaaps is.

3.2.2.1 Fonologiese verskynsels

Kaaps het uitspraakverskynsels soos klankweglating, klanktoevoeging en ontronding gemeen met Omgangsafrikaans.¹⁶ Dit is verskynsels soos vokaalverhoging, postvokaliëse /r/-weglating, affrikatisering, vokaalverlaging en palatalisasie wat kenmerkende verskynsels van Kaaps is (Hendricks, 2016:7-8). Dit is noodsaaklik om te kyk na die fonologiese verskynsels van Kaaps omrede hierdie verskynsels in die opnames voorkom waarna die respondente moet luister. Vervolgens word hierdie uitspraakverskynsels in voorbeelde gedemonstreer soos verkry uit onder meer Saal en Blignaut (2011), Hendricks (2016), Blignaut en Lesch (2014) en Otto (2017).

- 1) **Vokaalverhoging** van [e] > [i] en [o] > [u] vind onderskeidelik plaas.
[e] > [i]: *vit* (x weet), *vigiewe* (x vergewe), *briek* (x breek)
[o] > [u]: *oek* (x ook), *loep* (x loop)
- 2) **Postvokaliëse /r/-weglating:**
ha (x haar), *hoo* (x hoor), *vi* (x vir)
- 3) **Affrikatisering:**
[j] > [dʒ]: *djulle* (x julle), *djammer* (x jammer), *djy* (jy)
- 4) **Vokaalverlaging (ook bekend as Schwa-verlaging):**
[ə] > [a]: *biesag* (x besig), *galoeif* (x geloof), *veetag* (x veertig), *gakom* (x gekom)
- 5) **Palatalisasie (by die verkleiningsuitgang):**
Bietjie [bitʃi] i.p.v. [bici], *karrentjie* [karəntʃi] i.p.v. [karici]

Daar is onder meer fonologiese verskynsels wat in Kaaps voorkom maar nie noodwendig besonder is aan die variëteit nie. Volgens Saal en Blignaut (2011:350) sluit dit onder meer verskynsels soos vokaalverkorting, vokaalreduksie, assimilasië, palatalisasie en assibilasie in. Die verskynsels van Kaaps in geheel maak die variëteit herkenbaar vir sprekers van die Afrikaanse taalgemeenskap. Met laasgenoemde in ag genome word daar onderskeid tussen sprekers van Afrikaans getref.

¹⁶ Bo en behalwe vir die beskrywing van Carstens (2018:317), dui Omgangsafrikaans in hierdie verband ook op die informele variëteit van Standaardafrikaans (Cloete, 2017:462). Meer uitgebrei kan dit beskou word as die informele Afrikaans wat individue gebruik wanneer hulle met mekaar in gesprek tree.

Ter illustrasie van die uitspraakverskynsels van Kaaps, word die volgende onderhoud met 'n Moesliem-vrou van die Bo-Kaap uit Le Cordeur (2011:767) aangehaal:

Nou die [gɛŋst ərs] [da:i] was nou vir [dʃœu] 'n [anər] storie, hulle het nog vir [dʃœu] [həistu] [xənim] as [dʃəi] [əni] aande [lup] laat, [nœu] mettər [wa:] [dʃəi] vannaan kom. Nou staan [da:] 'n paar ouens [ɔpi] hoek, hulle sing, hulle sing [da:i] nuwe number wat nou uitgekom het, hulle [səŋət] [səma] [fə] [dʃœu], hulle [vit] [dʃəi] woon [da:], nou sê hulle kom ons walk [sam] met [ha:], nou [nim] hulle vir [dʃœu] [həistu].

Figuur 2. Onderhoud met Moesliem-vrou uit die Bo-Kaap (Le Cordeur 2011:767)

Bogenoemde onderhoud toon duidelik aan waarom Kaaps van ander variëteite van Afrikaans verskil en uitgeken kan word. Vervolgens word daar gekyk na die verloop tot en met Standaardafrikaans en linguistiese verskynsels wat uniek is aan gesproke Standaardafrikaans.

3.3 OOSGRENSAFRIKAANS

3.3.1 Die ontwikkelingspad van Standaardafrikaans

Groepe nedersetters, wat in hoofsaak veeboere was, het hulself aan die einde van die agtiende eeu aan die ooskus van Suid-Afrika gaan vestig (Hugo, 2009:25). Die Afrikaans van hierdie nedersetters het verskil van die Aanleerdernederlands wat die Khoi-Khoen en Kaapse slawe gebesig het. Dit kan beskou word as die voortsetting van die taal wat die Vryburgers aan die Kaap gepraat het (Hugo, 2009:25). In 1836 word Oosgrensafrikaans, as een van die drie historiesgeografiese variëteite van Afrikaans, met die Groot Trek na die Vrystaat en Transvaal geneem (Hugo, 2009:26). Hierdie variëteit was oorspronklik deur Europese trekboere gepraat wat na die oosgrens, en later na die binneland, getrek het (Le Cordeur, 2011:770). Afrikaans wat in die Noorde voorkom was dus gegrond op "Trekkeafrikaans" wat later die grondslag van die huidige Standaardafrikaans geword het (Van Rensburg, 1992:189; De Villiers, 1992:285; Hugo, 2009:26; Le Cordeur, 2011:770).

McCormick (2006:96) is van mening dat Oosgrensafrikaans aan die einde van die negentiende eeu as die variëteit met die grootste geografiese omvang beskou kan word en aangetref word in gebiede soos: die hedendaagse Gauteng en Limpopo Vrystaat, KwaZulu-Natal, Oos-Kaap, die Kaapse binneland en die Karoo (Le Cordeur, 2011:70). Alhoewel die geografiese omvang van hierdie variëteit besonder ruim is, laat dit individue steeds met die vraag: Watter spesifieke merkers word in hierdie variëteit aangetref? Grebe (1999:48) voer aan dat dit moeilik is om bepaalde kenmerke van Oosgrensafrikaans uit te lig en dat inligting

rakende die kenmerke van hierdie variëteit weinig is. Alhoewel inligting rakende kenmerke van Oosgrensafrikaans weinig is, kan daar gekyk word na bestaande literatuur oor vroeë variëteite van Afrikaans, naamlik: Van der Merwe-Afrikaans en negentiende-eeuse Transvaalse Afrikaans. De Villiers (1992:306) beskou Transvaalse Afrikaans as Oosgrensafrikaans se “uitstralingsvariëteit” en “oorsprongvariëteit” van Standaardafrikaans.

Standaardafrikaans word beskou as “daardie variëteit van Afrikaans wat deur die Afrikaanse spraakgemeenskap aanvaar word as die taalvorm wat die algemeenste gebruikswaarde het” (Carstens, 2018:313). Ongelukkig word Standaardafrikaans dikwels verkeerdelik takseer as die enigste korrekte vorm van Afrikaans (Combrink, 1997b:19). Carstens (2018:314) brei uit op die laasgenoemde en stel dat Standaardafrikaans nie die enigste korrekte vorm van Afrikaans is nie, maar dat dit in sekere sosiale kontekste as die mees gepaste vorm beskou kan word – veral wanneer dit kom by geskrewe situasies.

In die volgende afdeling word daar gekyk na die linguistiese verskynsels van gesproke Standaardafrikaans.

3.3.2 Linguistiese verskynsels van gesproke Standaardafrikaans

Dit is van belang vir dié studie om vlugtig te verwys na die verskillende fonologiese verskynsels wat aangetref word in gesproke Standaardafrikaans. Dit is veral noodsaaklik om fonetiese en fonologiese verskynsels te bespreek omrede dit juis hierdie verskynsels is wat sprekers van mekaar onderskei en sodoende betrekking het op die studie.

a) Fonologiese verskynsels

Oosgrensafrikaans se uitspraakverskynsels word oorsigtelik soos volg uiteengesit in De Villiers (1972) en Wissing (2020):

1) Vokale

[a, a:]

- Die [a] van byvoorbeeld die woord **mas** word as 'n **kort klank** uitgespreek terwyl [a:] gesien kan word as die **lang klank** soos haas.

[e, ɛ:]

- Die [e] is 'n kort klank, byvoorbeeld: pet
- Wanneer die [e] **gevolg word deur r, d, t of s, e** word die [e] **langer uitgespreek**, byvoorbeeld: perd, pers, dertig
- Die [ɛ] dui op 'n **lang vokaal**, byvoorbeeld: **skêr, sê**

[i]

- Die [i] van byvoorbeeld *dief*, is 'n **hoë voorvokaal**.

[o]

- Die [o] word gevind in woorde soos *loop*, *hoog*, *boom*, *doof* en kan as **middelhoë agtervokaal** beskryf word.

2) Eksplosiewe

Volgens die Internasionale Fonetiese Alfabet word [p, b, t, d, c, k, g] as eksplosiewe gebruik.

2.1 Bilabiale Eksplosiewe [p, b]

Die [p] is nie altyd volkome stemloos nie en die [b] volkome stemhebbend nie

2.2 Alveolêre Eksplosiewe [t, d]

As gevolg van slap spierspanning word die [l] i.p.v. [d] aangetref en [r] i.p.v. [d].

Byvoorbeeld: *lat* (x dat) & *prerəkant* (x predikant)

2.3 Palatale Eksplosief [c]

Hier kom dit voor in die verkleiningsuitgang.

Byvoorbeeld: *huici* (x huisie)

2.4 Velêre Eksplosiewe [k, g]

Die stand van die [k] word beïnvloed deur omringende vokale. Voor [i] word 'n palatale [c] gevind eerder as [k].

Byvoorbeeld: *hoekie*, *kies*, *kielie*

3) Konsonantreduksie

Die weglating van die /d/

Byvoorbeeld: *anər* (x ander), *hanə* (x hande), *kələr* (x kelder), *pære* (x perde)

4) Vokaalreduksie

Byvoorbeeld: *xər'dəin* (x gordyn), *kə'nən* (x kanon), *maxnə'təsmə* (x magnetisme), *prətəs'tiər* (xportesteer)

5) Ontroding

Byvoorbeeld: *niəs* (x neus), *məis* (x muis),

Die relevansie van hierdie verskynsels is belangrik om aan te toon sodat die prominente verskille tussen hierdie variëteit en Kaaps duidelik voorop staan. Hierdie verskynsels

onderskei sprekers van mekaar en maak dit steeds moontlik vir 'n taalgemeenskap om die sprekers van 'n betrokke variëteit uit te ken.

3.4 SAMEVATTING VAN KAAPS EN STANDAARDAFRIKAANS

Volgens Le Cordeur (2020) was en is die verhouding tussen Kaaps en Standaardafrikaans problematies. Hierdie problematiek, veral wat die rol van politiek daarin speel, word verder uitgedruk in onderstaande afdelings. Hierdie afdeling tref 'n oorsigtelike vergelyking tussen Kaaps en Standaardafrikaans met inagneming van gedeeltes wat vroeër in hierdie hoofstuk aan die bod kom.

Vanuit die variëteite se verskillende/diverse onststaansgeskiedenis en linguistiese verskynsels soos voorheen bespreek, blyk dit duidelik te wees waarom hierdie verhouding as problematies beskou kan word. Alhoewel albei variëteite steeds as Afrikaans bestempel word, is daar tog verskille wat nie ongesiens verbygaan nie. Dyers (2015:58) illustreer die verskille tussen Kaaps en Standaardafrikaans aan die hand van die volgende voorbeeld:

Standaardafrikaans: *Wanneer laas was jy in Kaapstad vir inkopies?*

Kaaps: *Wanne' laas was djy innie Kaap vi' shopping?*

Deur die boonste twee sinne vergelykend teenoor mekaar te stel, kan dit reeds negatiewe persepsies en taalhoudings by individue teweeg bring. Die linguistiese verskille tussen hierdie twee variëteite is beduidend. 'n Spreker van 'n variëteit, wat nader aan die standaardvariëteit is as Kaaps, sal die linguistiese verskynsels by Kaaps bevraagteken en as "vreemd" ag omrede Standaardafrikaans die norm is wat in onderrig toegepas word. Die omgekeerde kan ook plaasvind. Die Kaapsspreker kan Standaardafrikaans in hierdie verband weer as meerderwaardig beskou.

Volgens Williams (2021) is die mees negatiewe persepsies wat hedendaags teenoor Kaaps bestaan, die volgende:

- Kaaps is nie 'n taal nie;
- Kaaps is nie goed genoeg om gebruik te word in hoërinstellings soos skole en universiteite nie;
- Die spreker wat Kaaps gebruik, gebruik 'n laer, kombuisvorm van Afrikaans; en

-
-
- Kaaps word geassosieer met Sabela¹⁷ – wat betrekking het op die “number-gangsters”.

Alhoewel die voorafgaande opmerkings van Williams nie empiries gefundeer is nie, dui dit reeds op sy negatiewe indrukke teenoor die variëteit selfs sonder 'n omvattende literatuuronderzoek. Die assosiasies en taalhoudings wat teenoor hierdie variëteit aangetref word, belemmer duidelik die groei en opbloei van die variëteit.

'n Meer gedetailleerde bespreking van die bogenoemde word aangetref in die volgende afdeling wat fokus op die prosesse in Afrikaans wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van Afrikaans en sy variëteite soos dit hedendaags bekend is. Hierdie prosesse is nou verweef met die taalhoudings wat daar rondom die betrokke variëteite bestaan en word deurlopend bespreek.

3.5 STANDAARDISERING VAN AFRIKAANS

3.5.1 Taalbewegings

'n Taalbeweging word beskou as die pogings wat aangewend word om 'n taal (byvoorbeeld Afrikaans) te implementeer as kultuur- en skryftaal (Steyn, 2014:81). Hierdie pogings sluit aan by die meer “tradisionele” beskouings rondom die kwessie van taalbewegings (Carstens, 2001:10). Die meer tradisionele beskouings suggereer dat daar 'n onderskeid getref kan word tussen die Eerste en die Tweede Taalbeweging (Carstens & Raidt, 2019:288). Tradisioneel word aanvaar dat die Eerste Taalbeweging vanaf 1875 tot 1902 strek en die Tweede Taalbeweging vanaf 1900 tot 1925 (Saal et al., 2001:79). Hierdie taalbewegings het gelei na Afrikaans, as oorkoepelende term, soos dit vandag bekend is. Alhoewel daar alternatiewe beskouings rondom die Afrikaanse Taalbewegings bestaan (vgl. Grebe, 2012), ontstaan hierdie studie by die meer tradisionele beskouing.

3.5.1.1 Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging

Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging is van stapel gestuur op 7 September 1872 deur 'n versoek van Arnoldus Pannevis, in *De Zuid-Afrikaan*, vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling sodat die Bybel meer toeganklik en verstaanbaar vir bruin sprekers sou wees (Raidt, 1991:248; Carstens & Raidt, 2019:201). Dit was belangrik “dat die taal vir godsdienstdoeleindes 'n wyer

¹⁷ Sabela word beskou as 'n register of taal wat sy oorsprong het in Suid-Afrikaanse gevangenis en hoofsaaklik gebruik word deur die ‘number-gangster’. Dit word beskou as 'n mengsel tussen die vier mees gesproke tale in Suid-Afrika, naamlik: Afrikaans, Engels, Xhosa en Zulu (Lewis, 2006).

gebruik kon kry" (Carstens, 2001:10). Op 14 Augustus 1875 word die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die Paarl gestig om diegene te oorrede dat die tyd nog nie ryp was vir 'n Bybelvertaling nie (Hugo, 2009:42; Steyn, 2014:22). Lede van die GRA was onder andere C.P. Hoogenhout, D.F. du Toit, August Ahrbeck, S.G. du Toit, D.E. du Toit, P.J. Malherbe, Gideon J. Malherbe en S.J. du Toit (Steyn, 1980:138; Carstens & Raidt, 2019:325). S.J. du Toit word later as vertaler aanbeveel en vertaal gevolglik Bybelboeke in "gemaklike Afrikaans" (Conradie & Groenewald, 2017:55). Volgens Carstens en Raidt (2019:569) is dit veral opmerklik dat lede van die bruin spraakgemeenskap nie betrokke was by die Afrikaanse Bybelvertaling nie. Tog was die vertaling juis vir hierdie spraakgemeenskap bestem en aangevra.

Dit is belangrik om te noem dat die GRA se doel soos volg uiteengesit is: "om te staan ver ons Taal, ons Nasie en ons Land" (Steyn, 1980:138). Dit maak direk aanspraak op die taalgetrouheid wat onder sprekers ontstaan het. Die stigting van die GRA het ook aanleiding gegee tot 'n maandblad genaamd *Di(e) Afrikaanse Patriot* wat in 1876 vir die eerste keer verskyn (Steyn, 2014:22). Hierdie maandblad het spoedig 'n weekblad geword wat Afrikaans sou bevorder vanuit 'n politieke agenda (Conradie & Groenewald, 2017:55). *Die Patriot* het onder andere berigte bevat oor die Afrikaanse geskiedenis, resente nuus, Afrikaanse gedigte en 'n vrae- en antwoordrubriek (Carstens & Raidt, 2019:327). Ongelukkig sou hierdie weekblad onder fel kritiek deurloop.

Lesers van die weekblad het die taalgebruik as "ongeleerd" bestempel omrede dit te ver verwyder was van geskrewe Nederlands en vir ander was die eienskappe van Kaaps, die taal van die slawe, wat teenwoordig was, onaanvaarbaar (Carstens & Raidt, 2019:327). Steyn (1980:143) is van mening dat die Eerste Afrikaanse Taalbeweging 'n taalgetrouheid voortgebring het wat nie tevergeefs is nie. Tog het die taalbeweging aan die einde van die eeu gekwyn, omrede die leier S.J. du Toit anti-nasionaal geraak het terwyl die taalbeweging eintlik die draer van nasionalisme was (Steyn, 1980:143). Vandaar beskou die tradisionele taalkundiges dit as die "Eerste Afrikaanse Taalbeweging" (Conradie & Groenewald, 2017:55). Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog/Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het finaal 'n einde aan die Eerste Afrikaanse Taalbeweging gebring (Hugo, 2009:55).

3.5.1.2 Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging

Die pogings wat aangewend is om Afrikaans as taal te standaardiseer, is hervat ná die Anglo-Boereoorlog en was sodoende nie meer in die hande van die GRA nie (Deumert, 2004:58). Volgens Kannemeyer (1974:16) was die mees prominente doelstelling van hierdie beweging

“om uiting te gee aan die grootste behoeftes en die diepste wese van die Afrikanervolk”. Ná die afloop van die oorlog was die “Afrikaners in die twee Boererepublieke ekonomies verpletter en geestelik verarm” (Carstens & Raidt, 2019:339). Afrikaans is dus ná die afloop van die oorlog as instrument ingespan om die land, sowel as die Afrikaners, se selfagting te herstel (Zietsman, 1992:197). Vervolgens verskuif die geografiese sentrum van die bevordering van Afrikaans vanaf die Kaap na die noordelike binneland, waar Pretoria en Johannesburg hul posisies as ekonomiese en kulturele sentrums begin vestig het (Deumert, 2004:58). Nuwe taalverenigings het oorgeneem en word soos volg gestig: die *Afrikaanse taalgenootskap* in 1905, *Onze taal* en die *Afrikaanse Taalvereniging* in 1906 en die *Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* in 1909 (Deumert, 2004:58; Carstens & Raidt, 2019:291).

Die hoofdoel met die stigting van die *Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* was om beide Afrikaans en Nederlands in Suid-Afrika te bevorder (Deumert, 2004:58). Die Akademie het van die volgende doelwit uitgegaan: “verheerliking of waardering, suiwering en opbou van Afrikaans” (Carstens & Raidt, 2019:203). In 1915 word die eerste spelreëls deur die Akademie uitgegee en twee jaar daarna word die eerste Afrikaanse woordelys uitgegee (Raidt, 1991:253).

Vervolgens word Afrikaans stelselmatig as onderwysmedium in laerskole geïmplementeer en word tussen 1916-1919 as kanseltaal aanvaar in Gereformeerde Kerke oor verskillende provinsies heen (Raidt, 1991:253). Vanaf 1923 is ’n besliste poging aangewend om die Bybel te vertaal met S.J. du Toit se eerste vertalings as vertrekpunt (Raidt, 1991:253; Carstens & Raidt, 2019:351). Die eerste volwaardige en volledige vertaling van die Bybel verskyn in 1933 en kan as ’n mylpaal in die opbou van Afrikaans gesien word (Raidt, 1991:253; Carstens & Raidt, 2019:351). Afrikaans word in 1925 deur die Volksraad as die tweede amptelike taal van Suid-Afrika aanvaar en het erkenning gekry in die parlement, staat, kerk, gereg en skool (Raidt, 1991:255; Carstens & Raidt, 2019:351). Hiermee is die pogings van talle individue, om Afrikaans as voertaal en skryftaal te implementeer, verwesenlik en pronk Afrikaans naas Engels as ’n volwaardige taal van Suid-Afrika. Alhoewel laasgenoemde ’n beduidende vordering vir Afrikaans is, het dit uitdagings van sy eie meegebring.

3.5.1.3 Die Vernederlandsing van Afrikaans

Ondanks die feit dat Afrikaans as amptelike taal erken en geïmplementeer is, het dit uitdagings van sy eie meegebring, onder andere dat die taal nie noodwendig oor die “woordvoorraad” beskik het om die mas op te kom nie (Carstens & Raidt, 2019:572). Daadwerklike stappe moes gedoen word om die kwaliteit van Afrikaans op dieselfde vlak as Engels te kry en te

vestig (Uys, 1983:167). Die mees prominente oplossing sou wees om op 'n taal te steun wat die meeste ooreenkomste toon met Afrikaans. In hierdie geval sou dit Nederlands wees.

Om Nederlands as grondslag en verwysingsraamwerk te gebruik, het kwessies rakende die skryfwyse en sinskonstruksies van Afrikaans opgelos (Van Rensburg, 2015:326). Deur laasgenoemde in ag te neem, ontstaan die vraag of Afrikaans na regte as 'n taal in geheel beskou kan word en of dit net as vereenvoudigde Nederlands beskou kan word. Die Nederlandse letterkundige Siegfried Huigen (soos aangehaal in Steyn, 2014:28), beskou Afrikaans as negentiende-eeuse Nederlands en kritiseer die idee dat dit as “tussentaal” beskou kan word. In hierdie verband toon Van Rensburg (2015:326) aan dat Vernederlandse Afrikaans en Nederlands meer verstaanbaar was as GRA-Afrikaans, wat verbind was aan Boere-Afrikaans, en Nederlands. So kon Afrikaans met Nederlands en die Nederlandse taalsisteme in berekening gebring word.

Die progressie van Afrikaans word voortgesit deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te betrek by spellingprosesse en die beplanning rakende 'n omvattende woordeboek vir Afrikaans (Carstens & Raidt, 2019:576). Vanweë die omvattende werk van die Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns), ook werke soos die woordelys en spelreëls, woordeboeke, preskriptiewe grammatikas en handboeke oor die “korrekte gebruik van Afrikaans”, word Afrikaans as 'n uiters gestandaardiseerde taal beskou (Webb *et al.*, 1992:33). In aansluiting by laasgenoemde kan die standaardisering van Afrikaans as 'n “hoogs komplekse onderwerp” beskou word (Grebe, 2010:196) en dit hou ook ten nouste verband met Afrikanernasionalisme.

3.5.2 Afrikanernasionalisme en standaardisering

Soos dit uit die voorafgaande afdeling na vore kom, was Afrikaans 'n belangrike simbool vir die wit Afrikanernasionaliste (McCormick, 2006:93). Die sogenaamde “Afrikaners” het Afrikaans as instrument gebruik om die simboliek van volkseenheid en Afrikanernasionalisme oor te dra (Pokpas & Van Gensen, 1992:168). Om hierdie rede word “Afrikaans” en “Afrikaners” met mekaar verbind en as onlosmaaklik van mekaar beskou alhoewel dit hedendaags as twee afsonderlike entiteite beskou word.

Volgens Webb *et al.* (1992:35) is daar 'n beduidende groep Afrikaanssprekendes wat Afrikaans slegs aanwend vir die instrumentale funksies waarvoor die taal beskik en hulle identifiseer nie noodwendig met Afrikaans as “simboliese bindmiddel van alle Afrikaners nie”. Afleidend kan gesê word dat sommige sprekers Afrikaans aanwend vir sy instrumentale

waarde en nie soseer identifiseer met Afrikaners, wat betrekking het tot die Afrikanernasionalistiese kultuur nie.

Die term “Afrikaner” kan in hierdie verband as problematies beskou word wanneer daar retrospektief daarna gekyk word. Dit is noodsaaklik om kennis te neem van die feit dat daar ’n verskil tussen die term “Afrikaner” en “Afrikaanssprekendes” is. Steyn (1987:74) dui aan dat die benaming “Afrikaner” in die twintigste eeu soos volg verstaan is: Afrikaans- en Engelssprekende blankes wat gebore en getoë is in Suid-Afrika, Afrikaanssprekende blankes en Kleurlinge. Wat hierdie betekenisonderskeidings problematies maak, is die feit dat dit nie inklusief vir alle groepe Afrikaanssprekendes is nie.

Deur die term “Afrikaner” te herdefinieer sodat dit inklusief vir alle individue is, sal die gevolg hê dat daar nie meer negatiewe etniese konnotasies aan Afrikaans gekoppel word nie (Carstens & Raidt, 2019:855). Myns insiens dui die term “Afrikaner” op die nasionalistiese kultuur van individue wat Afrikaans as voertaal gebruik en “Afrikaanssprekendes” op die hele spraakgemeenskap van Afrikaans, wat inklusief vir alle groepe is, die taal gebruik vir sy instrumentale waarde en nie noodwendig hulself verbind tot of vereenselwig met die nasionalistiese inslag nie.

Alhoewel die Afrikaner en Afrikanernasionalisme ’n groot deel uitmaak in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans, het hul beduidende invloed nie altyd gelei tot die vooruitgang van Afrikaans nie. Carstens en Raidt (2019:728) verduidelik dit soos volg: “Terwyl Afrikanernasionalisme dus aan die een kant die opkoms, uitbouing en selfs die standaardisering van Afrikaans gedra en van stapel gestuur het, het dit aan die ander kant Afrikaans as die taal van apartheid gestigmatiseer en die saak van die Afrikaanse taal groot skade aangedoen”. Volgens Ponelis (1987:14) is die grootste nadeel van Afrikanernasionalisme die uitwerking wat dit op die sekondêre Afrikaanse taalgemeenskap sou hê. Dit is egter problematies omrede sekondêre gebruikers van Afrikaans deel vorm van die Afrikaanse taalgemeenskap, ongeag hul etnisiteit, en oor die potensiaal beskik om ’n primêre gebruiker te wees (Ponelis, 1987:14).

3.5.2.1 Standaardafrikaans teenoor Kaaps

Die proses van standaardisering kan direk verbind word met die geskiedenis van ’n nasie en hul taalgebruik (Haugen, 1966:930). Myns insiens is standaardisering onderworpe aan die geskiedenis en taalgebruik van ’n spesifieke spraakgemeenskap. Kotzé (2011:750) beskou die standaardisering van ’n taal as die gevolg van ’n politieke proses. Bogenoemde is veral te

siene met betrekking tot Afrikaans. Die vraag ontstaan egter of die geskiedenis, taalgebruik en standaardisering inklusief is (en was) vir alle groepe.

Die standaardisering van Standaardafrikaans kan weens verskeie redes as 'n kontensieuse en komplekse saak beskou word (McLaclan, 2016:480; Grebe, 2010:196). Dit is veral sigbaar wanneer voorafgaande afdelings, wat handel oor die onderskeie Afrikaanse taalbewegings, in ag geneem word. Basson (2018:65) beskou Afrikanernasionalisme as die “beginpunt van die standaardisering van Afrikaans”. Die deelname rakende die beslissing rondom Afrikaans was eksklusief vir wit Afrikaanssprekendes gereserveer. Dit was veral Langenhoven wat Afrikaans as sogenaamde “witmanstaal” geëtiketteer het (Hugo, 2009:65). Hierbenewens is Van Rensburg (1992:189) van mening dat Oosgrensafrikaans, wat die grondslag van die huidige Standaardafrikaans gevorm het, slegs as 'n “wit” variëteit beskou kon word.

Dit is problematies vanweë die feit dat Afrikaans in hierdie verband, nie as inklusief vir alle variëteite en veral sprekers is nie. Van Oort en Carstens (2014:695) is van mening dat die eksklusiewe beskouing van die Afrikaanse taalgeskiedenis die wanindruk geskep het dat Afrikaans uitsluitlik 'n “wit” produk is. Bruin sprekers van Afrikaans het hulself juis van Standaardafrikaans vervreem aangesien dit beskou is as die taal van die wit Afrikaner (Odendaal, 2012:2). Die gevolg is dat bruin sprekers 'n negatiewe en gestigmatiseerde betekenis aan Standaardafrikaans koppel (Blignaut, 2014:38).

Aldus Odendaal (2014:63) is “Standaardafrikaans van die begin af reeds doelbewus 'n rassekwessie gemaak”. Kleur is as politieke wapen ingespan en is verantwoordelik vir die “nietalige skeiding binne die Afrikaanse taalgemeenskap”, spesifiek tussen die wit en bruin sprekers (Ponelis, 1987:4). Tydens die bewind van die Nasionale Party, het Afrikaans veral aandag en status as een van die twee amptelike tale geniet. Om daardie rede word Standaardafrikaans aan die apartheidsideologie verbind en lei tot die gevolg dat bruin en swart sprekers van Afrikaans 'n negatiewe konnotasie teenoor hierdie variëteit huldig (Blignaut, 2014:36). “Terwyl Standaardafrikaans deur die apartheidsregering bevoordeel is, het variëteite soos Kaaps nie dieselfde erkenning gekry nie” (Le Cordeur, 2015:718). Ander variëteite en sprekers van die betrokke variëteite het dus 'n ondergeskikte posisie ingeneem. Afrikaans is geëtiketteer as die taal van die onderdrukker vanweë die feit dat Afrikaans op 'n rassebasis bevorder is (Le Cordeur, 2016:90).

Met betrekking tot die bogenoemde, is dit in hoofsaak belangrik om die gebeure rondom 7 Junie 1976 in Soweto in gedagte te hou. Afrikaans is as onderrigmedium in skole, spesifiek in

swart gebiede, afgedwing. Volgens Carstens (2006:13) het dit wel 'n bepaalde rol gespeel in die demokratisering van die nuwe Suid-Afrika in die 1990's. Hierdie opstand het na die res van die land deurgesyfer en word steeds deur sommige individue as 'n protes teen 'n taalbeleid beskou, wat Afrikaans op swart individue afgedwing het (Le Cordeur, 2016:90). Volgens Carstens (2006:13) is dit belangrik om in ag te neem dat laasgenoemde slegs een van die redes was. Hierdie gebeurtenis weerspieël individue se houdings teenoor Afrikaans en beïnvloed die manier hoe daar na Afrikaans gekyk word.

Die groter debat rondom die herstandaardisering van Afrikaans is 'n kwessie wat hedendaags veral aandag geniet. Daar word gestreef om alle spraakgemeenskappe van Afrikaans te betrek by Afrikaans as taal in geheel. Vervolgens word daar gekyk na die kwessie rondom die herstandaardisering van Afrikaans.

3.5.3 Herstandaardisering

Vanaf die 1980's was daar reeds aanvraag dat alle variëteite van Afrikaans by Standaardafrikaans ingesluit moet word (Odendaal, 2013:184). Dit het spesifieke betrekking op die variëteite wat voorheen gemarginaliseer is (Odendaal, 2013:184). Voorbeelde sou veral Kaaps as variëteit van Afrikaans insluit. Volgens Webb (1989:412) is dit "belangrik dat waar variëteite vroeër as verkeerde of minderwaardige vorme beskou is, daar vandag aanvaar word dat variëteite van 'n taal gelykwaardige onderdele van dié taal is". Die gevolg sal 'n inklusiewer Standaardafrikaans wees en moontlik 'n verskuiwing in die spraakgemeenskap se taalhoudings en persepsies meebring. Om daardie rede is dit noodsaaklik om die herstandaardisering van Afrikaans onder die loep te neem.

Die herstandaardisering van Standaardafrikaans word volgens Willemse (2012:65) as 'n "doelbewuste proses van insluiting en verruiming van Standaardafrikaans" beskou. Volgens Odendaal (2014:667) gaan die herdefiniëring van Standaardafrikaans oor die regstelling van voorheen benadeelde sprekers van Afrikaans, wat as gevolg van politieke onregte nie geken is in die standaardtaal nie.

Dit handel oor die feit om Afrikaans meer inklusief vir alle sprekers te maak. Standaardafrikaans kan uitgebrei of verryk word deur "variante en/of innovasies" van Kaaps en Oranjerivierafrikaans in te sluit (Hendricks, 2014:16). In hierdie verband word daar na Kaaps en Oranjerivierafrikaans verwys as 'n sambreelterm wat al die variëteit se variante insluit. Die gevolg sal 'n meer inklusiewe Afrikaans wees wat moontlik die aansien, status en instrumentale waarde van die taal verhoog.

Die vraag is egter hoe die herstandaardisering van Afrikaans prakties geïmplementeer sal kan of behoort te word. Beteken dit dat woorde soos “aweh”, “mirrag”, “saloet” en “gâi tsēs” oor die algemeen aanvaar gaan word in geskrewe taal? Met die Suid-Afrika van 1994 en daarna in gedagte, is dit beslis ’n kwessie wat aandag moet geniet.

3.5.4 Afrikaans pre- en post-1994

Die apartheidsbestel van 1948 was verantwoordelik vir die segregasie van landsburgers op grond van rassegroepe. Die beleid het vereis dat wit geskei moet word van swart, bruin en Indiërs. Volgens Carstens en Raidt (2019:595) is dit juis as gevolg hiervan dat daar ’n verbintenis tussen wit, apartheid en Afrikaans ontstaan het.

“Afrikaans se verlede is – of ons dit wil hoor of nie – ongelukkig geassosieer met apartheid, met die skeiding tussen mense wat dieselfde taal, naamlik Afrikaans gepraat het, maar vir baie lank nie met mekaar mag gemeng het nie” (Carstens & Raidt, 2019:595). Die terme “Afrikaans” (meer spesifiek Standaardafrikaans) en “apartheid” was as onlosmaaklik van mekaar beskou (Carstens & Raidt, 2019:595). Die status en reputasie van Afrikaans het grootliks deurgeloop as gevolg van Afrikaans se assosiasie met die betrokke bestel (Ponelis, 1994:15). Afrikaans is beskou as apartheidstaal, onderdrukkers- en verdrukkerstaal (Carstens & Raidt, 2019:596). Laasgenoemde dra by tot die betrokke taalhoudings en persepsies wat teenoor Afrikaans bestaan. Individue het geredeneer dat wanneer Afrikaans “verwyder” word, apartheid outomaties nie meer ’n kwessie sal wees nie (Carstens & Raidt, 2019:634).

Soos genoem in voorafgaande afdelings van hierdie hoofstuk, was die invloed wat die bruin en swart sprekers van Afrikaans op die geskiedenis van die taal gehad het, nie ten volle erken nie. Carstens en Raidt (2019:569) is van mening dat die storie en geskiedenis van Afrikaans vir té lank eensydig was en slegs die “wit kant” voorgehou het terwyl bruin en swart sprekers se invloed (en impak) op die geskiedenis ontken is. Die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het tot en met die vroeë 1990’s nie beskik oor ’n verteenwoordiger van die bruin (en swart) spraakgemeenskap nie (Carstens & Raidt, 2019:569). Die dialekte en sosiolekte van hierdie spraakgemeenskappe is nie in ag geneem en het nie in aanraking gekom vir die standaardvorm nie, dus was die gevolg dat die variëteite as “substandaard” afgemaak is (Carstens & Raidt, 2019:596). Dit versterk weereens die idee dat Afrikaans nie inklusief tot alle spraakgemeenskappe was nie.

Die afskaffing van apartheid het ’n “nuwe Suid-Afrika tot gevolg gehad” waar ’n nuwe Grondwet, gesamentlik met nuwe beleide geïmplementeer is (Basson, 2018:37). Volgens

Carstens en Raidt (2019:601) het Suid-Afrika “waarlik [ge]transformeer” wat vir etlike individue noodsaaklik was omdat dit ’n onontbeerlike verbetering in hul lewensomstandighede teweeg gebring het. Ongelukkig was talle Afrikaanssprekendes bekommerd dat die nuwe bedeling¹⁸ van Suid-Afrika, Afrikaans tot ’n val sal bring (Odendaal, 2012:101). Dit was ’n realiteit dat Afrikaans geensins spesiale behandeling soos voorheen sou ontvang nie.

Afrikaans verloor gevolglik daadwerklik sy status as een van die twee amptelike tale en worddeel van die elf amptelik tale. Ideaal gesproke behoort al elf amptelike tale van Suid-Afrika in “volkome ewewig” te bestaan (Webb, 2001:170). Ongelukkig vir Afrikaans, is daar in hierdie tydperk (spesifiek 1994-2004) ’n beduidende vermindering in die rol (en gebruik) van Afrikaans in die openbare en private sektor (Carstens, 2006:15). Afrikaans moes plek maak vir Engels. Dit is veral te sien in die uitsaaiwese, godsdiens, die wetenskap en onderwys. Laasgenoemde is te sien in tersiêre onderrig en in tersiêre instellings se taalbeleide. Volgens Odendaal (2012:102) is “Afrikaans as taal van die staat se burokrasie laat vaar en staatsbeheerde instellings verbied om voorheen bekende Afrikaans akronieme te gebruik, soos SAUK (Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, nou SABC), SAL (Suid-Afrikaanse Lugdiens, nou SAA), YSKOR (Yster- en Staalkorporasie, nou ISCOR). Afrikaans is ook grootliks as taal op naamborde en aanwysings by lughawens, treinstasies en op produketikette laat vaar”. Met laasgenoemde in ag geneem is dit duidelik wat die houdings en persepsies in die nuwe demokratiese Suid-Afrika teenoor Afrikaans was en is.

Ten slotte sou ’n mens ook kon opmerk dat die verheffing van die amptelike Afrikatale tot ’n plek van “volkome ewewig” met die ander amptelike tale ook nie glad verloop nie.

3.6 TAALHOUDINGS TEENoor AFRIKAANS AS TAAL

Daar is beide positiewe en negatiewe taalhoudings wat iteenoor Afrikaans pre- en post-1994 gehandhaaf word. Alhoewel die geskiedenis van voor 1994 ’n daadwerklike impak het, en gehad het, op die taalhoudings teenoor Afrikaans, is die taalhoudings wat in die nuwe Suid-Afrika aangetref word veral opmerklik. Aan die een kant van die spektrum staan Afrikaans kwessies soos studentebetogings¹⁹ en die uitsterwing van Afrikaans as taal, in die gesig. Aan

¹⁸ Die benaming dui in hierdie verband op die staatkundige stelsel waarin politieke gelykheid van wit, swart en bruin erken en ingereken word (Steyn, 1984:8).

¹⁹ Hier word verwys na die *#Afrikaans Must Fall*-veldtogte wat onderskeidelik by die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van Johannesburg en die Universiteit van Pretoria plaasgevind het.

die ander kant stel akademici soos Carstens (2016a) ons gerus dat Afrikaans 'n taal is wat nog “vir baie jare gepraat, geskryf en gebruik gaan word.”

Volgens Carstens (2016a) is daar verskeie kwessies wat 'n uitwerking het op die voortbestaan van Afrikaans. Hy noem voorts die faktore wat bydra tot die groei of kwyn van 'n taal: die demografie van 'n betrokke taalgroep, die toe- of afname in funksies en “die houdings wat mense oor 'n taal het” (Carstens, 2016a). Met betrekking tot Afrikaanssprekendes se taalhoudings, het Eloff (2007) die Afrikaanse gemeenskapsmatriks uiteengesit. Hierdie matriks het betrekking op Eloff (2007) se debat rondom die “nuwe Afrikaner” vir die “nuwe Suid-Afrika”. Die matriks is soos volg deur Coetzee-Van Rooy getabuleer, en is voorts in Kruger (2018:86) se studie vertaal:

Tabel 1: Afrikaanse gemeenskapsmatriks (Eloff, 2007; Coetzee-Van Rooy, 2013:202; Kruger, 2018:86)

Tipe Afrikaanse Suid-Afrikaners	Houdings oor post-1994 Suid-Afrika	Houdings oor die belangrikheid van Afrikaans
Eksklusief weerstandiges	Nie positief	Sterk verbintenis met Afrikaans
Passief-weerstandiges	Nie regtig entoesiasies nie	Nie sterk verbintenis met Afrikaans nie
Inklusief bevorderaars	Baie positief	Nie sterk verbintenis met Afrikaans nie
Aktiewe bevorderaars	Baie positief	Sterk verbintenis met Afrikaans

Volgens Eloff (2007:121-122) kan daar onderskei word tussen vier soorte/groepe Afrikaners wanneer daar gekyk word na hul houdings oor post-1994 Suid-Afrika en die belangrikheid van Afrikaans. Hierdie groepe val soos volg uiteen:

1. *Eksklusief weerstandiges*: Hierdie groep individue voel positief wat die Afrikaanse taal en kultuur aanbetref, maar negatief wanneer dit kom by die nuwe Suid-Afrika (Suid-Afrika post-1994). Hierdie Suid-Afrikaners het 'n eksklusiewe siening van die wit Afrikaners, sluit die sogenoemde “linkse” (of liberale) Afrikaners uit en behoort vermoedelik nie aan 'n politieke party nie.
2. *Passief weerstandiges*: Hierdie groep individue voel nie positief teenoor die Afrikaanse taal, kultuur of die nuwe Suid-Afrika nie. Hierdie groep vorm deel van die hoë inkomstegroep, hulle kinders ontvang onderrig by Engelse skole, hulle reken dit is bloot 'n kwessie van tyd totdat die land ten gronde sal gaan (hulle gebruik Zimbabwe as 'n

pertinente geval en as 'n waarskuwing) en behoort vermoedelik nie aan 'n politieke party nie.

3. *Inklusief bevorderaars*: Hierdie groep voel nie positief ten opsigte van die Afrikaanse taal en kultuur nie, maar wel teenoor die nuwe Suid-Afrika. Hulle het sterk gevoelens wat versoening aanbetref en is geneig om “polities korrek” op te tree. Hulle behoort vermoedelik aan politieke partye soos die *Democratic Alliance* (DA) of die *African National Congress* (ANC).
4. *Aktiewe bevorderaars*: Hierdie groep is veral positief teenoor die Afrikaanse taal, kultuur en die nuwe Suid-Afrika. Hierdie groep aanvaar die demokratiese stand van die land, maar is wel skepties oor hoe die land regeer word. Hulle gebruik die Grondwet aktief vir die beter behandeling van mede-Afrikaners en minderheidsgroepe. Hulle behoort vermoedelik aan 'n politieke party, maar nie aan die ANC nie.

Hieruit is dit duidelik dat daar verskeie sienings bestaan rondom die Afrikaanse taal en kultuur. Volgens Eloff (2007:124) is daar nie meer 'n eksklusiewe groep “ware Afrikaners” nie, of daar behoort nie te wees nie. Die siening dat daar net een groep “Afrikaners” was, het bepaalde taalhoudings by individue ontlok. Voorts kon Afrikaans as 'n taal beskou word wat nie inklusief was nie, nie net sover dit ander inheemse groepe aangaan nie, maar ook sover dit die variëteite wat in Afrikaans aangetref word, aangaan.

3.6.1 VERWIKKELINGE IN DIE VOORTUITGANG VAN AFRIKAANS

Afrikaans probeer sistematies bande met die verlede te verbreek. Hierdie proses lewer tog beduidende bydraes tot Afrikaans in geheel. Die stem van die bruin skrywers, sowel as gay skrywers, is meer te siene. Temas soos postkolonialiteit, manlike identiteit, egodokumente en genrefiksie kom in die letterkunde na vore (Carstens & Raidt, 2019:507-508). Conradie en Groenewald (2017:58) dui aan dat “dit in sommige opsigte beter en in ander slegter met Afrikaans” gaan, maar dat daar vordering op die volgende vlakke gesien kan word:

- i. Die Afrikaanse letterkunde dui aansienlike progressie aan (bv. deur die werk van prosaïste soos Marlene van Niekerk en Etienne van Heerden).
- ii. Afrikaanse TV-stasies is gevestig, byvoorbeeld kykNET.
- iii. Die Bybel word na 30 jaar in 'n direkte vertaling vertaal.
- iv. Die woordeboekbedryf gedy. Die WAT voltooi die eerste deel van die letter S in 2013, die toevoeging van aanleerderswoordeboeke, streektaalwoordeboeke en die eerste omvattende Nederlands-Afrikaanse woordeboek.
- v. 'n Algehele groter internasionale belangstelling in Afrikaans.

Bo en behalwe vir die ontwikkeling van Afrikaans op bogenoemde terreine, kan daar na die ontwikkeling en bevordering van Afrikaans gekyk word op verskeie vlakke.

Een van die belangrikste verwikkelinge in Afrikaans is die opkoms van die Afrikaanse kunstefeeste (Hugo, 2009:121). Hierdie kunstefeeste help uiteraard om Afrikaans te ontwikkel, bevorder en bring sprekers van alle variëteite en etniese groepe bymekaar. Vervolgens skep dit 'n inklusiewe ruimte wat die ontwikkeling van 'n gedeelde spraakgemeenskap kan bevorder. Inklusiwiteit dra by tot die algehele stand en ontwikkeling van Afrikaans as taal.

Die grootste Afrikaanse kunstefeeste wat hedendaags aangetref word, kan soos volg gelys word: Aardklop Nasionale Kunstefees, die Innibosfees, die US Woordfees en, sekerlik die bekendste, die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees (ook bekend as die KKNK) wat reeds in 1994 ontstaan het (Carstens & Raidt, 2019:493). Bo en behalwe vir die groter Afrikaanse kunstefeeste, is daar tientalle kleiner kunstefeeste soos: die Suidoosterfees, die Vrystaat Kunstefees, die Garipefees, die Oesfees, die Dolosfees, die Cederberg-kunstefees, die Bosveldfees, die Oesterfees, die Walvisfees, die Proe-fees, die Oppikoppi-fees en *Die Volksblad*-fees (Hugo, 2009:121; Carstens & Raidt, 2019:493-494).

Alhoewel kunstefeeste soos die KKNK gereeld onder kritiek deurgeloop het, kon dit as aanmoediging beskou word vir Afrikaanse skrywers, akteurs en musikante uit bruin en wit gemeenskappe (Hugo, 2009:121). Vandag kry ons skrywers soos Ronelda Kamfer (*Noudat slapende honde*), Anastasia de Vries (*Baie melk en twee sykers*), Ryan Pedro (*pienk ceramic-hondjies*), Nathan Trantraal (*Oolog*), Lynthia Julius (*Uit die kroes*), wat elkeen skryf in die variëteit wat hulle verkies (en self praat). Wat teaterproduksies aanbetref, is daar verskeie produksies in Kaaps, soos: *Afrikaaps*, *Kanna Hy Kô Hystoe*, *Joe Baber*, *Ghoema* en *Kinnars Vannie Ses*. In die uitsaaiwese is daar kanale soos *kykNet* en *VIA* wat grotendeels Afrikaanse programme en sepies soos *Suidooster* en *Arendsvlei* uitsaai wat 'n verskeidenheid van Afrikaanse variëteite gebruik.

Die mees onlangse opbloeï in die ontwikkeling van Afrikaans, is die *Drietalige Woordeboek van Kaaps* – ook bekend as die DWK. Die DWK dokumenteer inskrywings in Kaaps, Standaardafrikaans en Engels. Williams (2021) beskryf die DWK as 'n beskrywende korpusprojek wat gebruik maak van verskeie databronne, tekste en praktyke om die volle omvang van Kaaps vas te vang en sodoende die eerste woordeboek van Kaaps op die been te bring. Die woordeboek kan lei tot die algehele standaardisering van Kaaps, wat 'n beduidende verskil en bydrae sal lewer ten opsigte van die bevordering van hierdie variëteit.

Behalwe vir die KKNK, skep alle kunstefeeste 'n platform vir die bevordering en ontwikkeling van Afrikaans, ongeag die spraakgemeenskap waaraan individue behoort. Dit dra op sigself by tot die gelyke bevordering van Afrikaans. Gelyke bevordering kan die wyse waarop individue na Afrikaans kyk, sowel as hul taalhoudings en persepsies teenoor die taal, positief beïnvloed. Om daardie rede is dit relevant om die bydrae wat kunstefeeste op die ontwikkeling en bevordering van Afrikaans het, in ag te neem.

Dit is wel belangrik om ondersoek in te stel na die aantal sprekers van Afrikaans wat in Suid-Afrikawoon. Die aantal sprekers kan op sigself bydra tot die pro- of regressie van Afrikaans.

3.7 SPREKERS VAN AFRIKAANS

Suid-Afrika kan as 'n meertalige land beskou word waar daar verskillende tale, sowel as variëteite binne 'n betrokke taal, as 'n groter geheel funksioneer. Volgens Ponelis (1984:31) is daar in die Suid-Afrikaanse konteks verskillende soorte meertaligheid, naamlik: passiewe meertaligheid, wat betrekking het tot die meertaligheid wat in die onderwys aangetref word en aktiewe meertaligheid, wat daarop dui dat 'n sosiale sisteem uit etlike taalgemeenskappe bestaan. Wat die taalgemeenskap spesifiek met betrekking tot Afrikaans betref, kan daar onderskei word tussen die primêre Afrikaanse taalgemeenskap en die sekondêre Afrikaanse taalgemeenskap.

Die primêre gebruikers dui op die sprekers wat Afrikaans gebruik as hul eerste taal of moedertaal terwyl sekondêre gebruikers dui op sprekers wat Afrikaans gebruik vir die instrumentale waarde wat dit verskaf binne die konteks van die werksomgewing, akademie, sosiale transaksies en dies meer (Ponelis, 1984:33). Wanneer daar gekyk word na die primêre sprekers van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse konteks in elke provinsie, spesifiek die wat Afrikaans as eerste taal en huistaal gebruik, sowel as die verskillende etniese groepe waaraan hierdie huistaalsprekers behoort, kan dit soos volg uiteengesit word volgens Stats SA (2011:23):

Tabel 2: Afrikaans as huistaal volgens die provinsies van Suid-Afrika

Provinsie:	Aantal huistaalsprekers:
Wes-Kaap	2 820 643
Oos-Kaap	683 410
Noord-Kaap	606 225

Provinsie:	Aantal huistaalsprekers:
Vrystaat	340 490
KwaZulu-Natal	161 876
Noordwes	309 867
Gauteng	1 502 940
Mpumalanga	289 446
Limpopo	140 185
Totale sprekers in Suid-Afrika	6 855 082

Tabel 3: Afrikaans as huistaal volgens populasiegroepe

Populasiegroep:	Aantal Afrikaanse huistaal-sprekers:
Swart	602 166
Bruin	3 442 164
Wit	2 710 461
Indiërs/Asiërs	58 700
Ander	41 591
Totaal:	6 855 082

Tabelle 2 en 3 is tans die jongste beskikbare gegewens rakende die aantal Afrikaans huistaalsprekers wat in elke provinsie van Suid-Afrika, asook die verskeie populasiegroepe, aangetref word. Uit Tabel 1 is dit duidelik dat die meerderheid Afrikaanse huistaalsprekers afkomstig is van die Wes-Kaap en Gauteng. Hierdie twee provinsies huisves dan ook Kaaps en Oosgrensafrikaans as variëteite van Afrikaans wat in hierdie studie onder die loep geneem word.

Wat veral opmerklik is in Tabel 2, is die feit dat bruin sprekers van Afrikaans die meerderheid uitmaak van die totale aantal sprekers van Afrikaans. Hierdie verskynsel kan bydra tot die groter debat wat hedendaags aangetref word rondom die inklusiwiteit van Afrikaans om alle etniese groepe en variëteite in te sluit. Dit sal lei tot 'n omvattender Afrikaanse taalgemeenskap wat poog om alle invloede te erken.

Dialekte, of dan variëteite, binne 'n taalgemeenskap kan egter radikaal van mekaar verskil en tot die gevolg lei dat sprekers van die taalgemeenskap mekaar nie verstaan nie (Ponelis,

1987:3). Dit is problematies omrede eenvormigheid by die betrokke taalgemeenskap afwesig is. Wanneer individue van verskillende gemeenskappe met mekaar in kontak kom, vergelyk hulle hulself en wanneer lede hulself wil distansieer, gebruik hulle taal as middel om dit te bewerkstellig (Bosch, 2000:51). Met betrekking tot Afrikaans kan dit as 'n komplekse saak beskou word.

Lede van die Afrikaanse taalgemeenskap distansieer nie net hulself van lede van ander taalgemeenskappe nie, maar ook van lede wat van 'n ander variëteit van Afrikaans gebruik maak. Dit kan moontlik lei tot taalhoudings en persepsies wat individue rondom die betrokke vorm ontwikkel.

3.8 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het ten doel gehad om die gebeure wat 'n invloed op die vorming van die taalhoudings teenoor Afrikaans sou uitoefen, weer te gee.

Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans het gelei tot die vestiging van die verskillende variëteite soos dit vandag bekend is. Die fonetiese en fonologiese verskynsels wat by beide hierdie variëteite aangetref word, gee te kenne dat daar 'n definitiewe onderskeid tussen die variëteite aangetref word.

Die onderskeid wat tussen hierdie variëteite op linguistiese en geskiedkundige vlak aangetref word, het 'n definitiewe invloed op hoe individue die variëteit ervaar. Daardie ervaring kan sekere taalhoudings na vore bring. Die feit dat Afrikaans en politiek nou verweef is met mekaar as gevolg van die gebeure voor 1994, maak dat negatiewe taalhoudings aan die taal en sy standaardvorm gekoppel is.

Ná 1994 poog Afrikaans om sy bande met die verlede te verbreek. Hier vind 'n opbloei in erkenning van alle variëteite in Afrikaans plaas. Dit lei tot die progressie van Afrikaans as taal wat inklusief te werk gaan met al sy variëteite.

Die vraag bly egter of daar 'n verandering in die hedendaagse taalhoudings gevind kan word. Met behulp van die 'verbal-guise'-tegniek as metodologie, is taalhoudings ondersoek en bespreek.

HOOFSTUK 4: METODOLOGIE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die metodologie wat gebruik is ten einde die navorsingsvrae te kan beantwoord. 'n Beskrywing van die data-insamelingsprosedures word ook gegee. Vervolgens word 'n oorsig gegee van die respondente wat aan die studie deelgeneem het, sowel as die prosedures wat gevolg is vir dataverwerking en etiese aspekte. Daarbenewens motiveer hierdie hoofstuk waarom die tipe metodologie gekies en geskik is vir die betrokke studie. Sodoende kan die taalhoudings wat individue teenoor Kaaps, as 'n niestandaardvariëteit, en Standaardafrikaans het, bepaal word.

4.2 METODOLOGIE

4.2.1 Kwantitatiewe navorsing

Kwantitatiewe navorsing dien as 'n oorkoepelende term in die navorsing wat dui op die insameling van numeriese data, met behulp van instrumente soos vraelyste, gestruktureerde waarnemingskontrolelyste, toetse, en so meer (Grosser, 2016:246). Die numeriese data wat ingesamel is, word gebruik om algemene bevindinge en gevolgtrekkings te maak (Maree & Pietersen, 2019a:184). Hierdie navorsingsmetodologie is veral gepas vir die studie omrede kwantitatiewe navorsing onder meer daarop fokus om “houdings, menings en persepsies van mense te bepaal, kenmerke van 'n fenomeen te klassifiseer, evalueer, beskryf, vas te stel of te ondersoek, om verhoudings, verbande, verskille en ooreenkomste te bepaal, en om hipoteses of bestaande teorieë te toets of te evalueer” (Creswell soos aangehaal in Grosser, 2016:247). Dus is 'n kwantitatiewe benadering tot die studie die gepaste metodologie vir die studie.

Studies rakende individue se taalhoudings en teenoor spesifieke variëteite van Afrikaans word selde aangetref. Derhalwe is daar beperkte inligting tot die navorser se beskikking. Met behulp van 'n geskikte navorsingstegniek, is voldoende bruikbare inligting nietemin by respondente verkry.

4.2.2 Navorsingstegniek

4.2.2.1 Metodes van data-insameling by taalhoudingstudies

In taalhoudingstudies is daar verskeie metodes om data by respondente te verkry. Hierdie metodes word hoofsaaklik in drie groepe verdeel, naamlik: die analise van die samelewingsbehandeling, direkte metodes en indirekte metodes (Ryan *et al.*, 1982; Garrett *et al.*, 2003:14-5). Die metode rakende samelewingsbehandeling behels die analise van die sosiale behandeling wat 'n taal, 'n variëteit van 'n taal en die sprekers van 'n taal ontvang (Garrett *et al.*, 2003:15; Garrett, 2007:116). Studies rakende hierdie metode word grotendeels uitgevoer deur byvoorbeeld observasie en etnografiese studies (vir bykomende voorbeelde raadpleeg Fishman, 1966 en Garrett *et al.*, 2009).

Direkte metodes word gekenmerk deur die uitlokking van individue se houdings. Hierdie metode vra direkte vrae oor die evaluasie van 'n taal, voorkeure en dies meer en word uitgevoer met behulp van vraelyste en/of onderhoude (Garrett *et al.*, 2003:16). Daarbenewens noem McKenzie (2010:42) dat die direkte metodes gewoonlik respondente ondervra rakende hul oortuigings, gevoelens en kennis van die houdingsvoorwerp. Labov (1966) se studie kan as die bekendste voorbeeld van hierdie metode beskou word.

In teenstelling met die direkte metodes wat direkte vrae aan respondente rig, gebruik indirekte metodes subtile en soms selfs misleidende tegnieke, te wete: die waarneming van respondente sonder hul wete, die waarneming van aspekte van respondente se gedrag waarvoor hul geen beheer het nie en die suksesvolle misleiding van respondente (Garrett *et al.*, 2003:16). Respondente verkeer onder 'n wanindruk en dra nie kennis van die feit dat die navorser besig is om houdings te ondersoek nie. Voorts word die 'matched-guise'-tegniek onder die indirekte metodes geklassifiseer aangesien die objek/doel van die studie volgens Soukup (2012:214) nie eksplisiet bekend gemaak word nie. Dit staan in teenstelling met die direkte metodes wat eksplisiet stel waarvoor die studie handel. Volgens Garrett *et al.* (2003:51) is die 'matched-guise'-tegniek as indirekte metode ontwikkel, omrede die direkte metodes nie die taalhoudings ontgin het waarin Lambert geïnteresseerd was nie. Hierdie tegniek word volgens Garrett (2010:57) as 'n "neat" (knap/keurige) en "rigorous" (nougesette) ontwerp/metode beskou wat poog om individue se innerlike/versteekte houdings te ontgin.

4.2.2.2 'Verbal-guise'- en 'matched-guise'-tegniek

In hierdie studie is data met behulp van die 'verbal-guise'-tegniek – 'n variant van die 'matched-guise'-tegniek – ingesamel. Die tradisionele 'matched-guise'-tegniek is deur Lambert *et al.* (1960) ontwikkel om te bepaal hoe individue reageer op verskillende

eienskappe van spraak (Wardhaugh & Fuller, 2015:88). Stefanowitsch (2005:1) voer aan dat hierdie tegniek nie net om bogenoemde rede ontwikkel is nie, maar ook om verskillende individue en groepe se houdings teenoor variëteite vas te stel. Na aanleiding hiervan word die 'matched-guise'-tegniek, en die variant wat hier gebruik word beskou as die gepaste metodologie vir die studie, omrede hierdie studie spesifiek kyk na verskillende individue en groepe se taalhoudings teenoor Kaaps, as 'n niestandaardvariëteit, en Standaardafrikaans.

Die tradisionele 'matched-guise'-tegniek van Lambert *et al.* (1960) gebruik opnames van 'n individu wat gewoonlik volledig tweetalig/bi-dialekties van aard is. Vervolgens beoordeel luisteraars/respondente dieselfde spreker alhoewel hulle onder die indruk verkeer dat hulle verskillende sprekers beoordeel. Hierdie beoordeling geskied tradisioneel met behulp van 'n geslote vraelys. Die 'matched-guise'-tegniek (MGT) het egter al onder heelwat kritiek deurgeloopt en staar vele uitdagings en beperkings in die gesig.

Die MGT word volgens De Klerk en Bosch (1994:51) grotendeels gekritiseer vir: die kunsmatigheid van die metode, dat sprekers beoordeel word op grond van hul leesvermoë as 'n leser en nie noodwendig op grond van die variëteit wat gebruik word nie en dat die herhaling van die prosedure kan lei tot verveling en verminderde aandag by respondente. Daarbenewens voer Hudson (1980:205) aan dat die tegniek stereotipes kan onthul wat nie noodwendig bestaan nie deurdat respondente afleidings maak uit die vraelys en nie noodwendig hul ware opinie openbaar nie.

Tesame hiermee stel Gardner en Lambert (1972) dat dit onduidelik is of respondente hul werklike taalhoudings weergee en of hul net deurgee wat hulle dink sosiaal aanvaarbaar is. Dit kan as problematies beskou word deurdat dit direk die taalhoudings wat die navorser probeer ontlok, beïnvloed. Die prominentste kwessie rakende die MGT, is die feit dat dit uitdagend kan wees om persone te vind wat volledig tweetalig/bi-dialekties is en terselfdertyd oor dieselfde vlak van vlotheid en taalvaardigheid beskik (Brewer, 2013:43). Vanweë hierdie beperkings en uitdagings het Cooper (1974) die 'verbal-guise'-tegniek, wat oorspronklik deur Pear (1931) geïmplementeer is, verder ontwikkel.

Die 'verbal-guise'-tegniek verskil van die 'matched-guise'-tegniek deurdat verskillende verbale voorstellings(opnames) deur verskillende sprekers bygedra word as stimulusmateriaal. Nejarri *et al.* (2019:91) beskryf hierdie tegniek in die volgende stelling: "A verbal guise technique provides listeners with speech produced by several native speakers and is employed to collect speech samples that sound as natural and authentic as possible, and simultaneously allows researchers to control the content produced by the verb-guise speakers." Benewens dit wat reeds genoem is, is hierdie tegniek veral ingestel daarop om die stemme waarna geluister

word so eenders moontlik te laat klink. Dit word gedoen sodat daar so ver as moontlik beheer is oor veranderlikes soos die stemkwaliteit van die spreker en die inhoud van die teks (Agheysi & Fishman, 1970:146). In hierdie studie is sprekers van die gekose variëteite, Kaaps en Standaardafrikaans, gebruik om die tegniek te bewerkstellig terwyl verskeie veranderlikes konstant gehou word (vergelyk par. 4.2.3.2 vir meer hieroor).

4.2.2.3 Opnames

Daar is ses sprekers (persone) wat op die opnames gehoor kan word. Die variëteite wat geselekteer is vir die opnames, is Kaaps en Standaardafrikaans, met vullers wat as afleiers dien. Die sprekers het elk 'n passasie uit Esopus se fabel "Die noordewind en die son" voorgelees.

Die sprekers wat in die opnames gehoor kan word, is gekies op grond van die volgende kriteria:

- Ouderdom: Deur hierdie veranderlike dieselfde te hou in die opnames, verhoog dit die vergelykbaarheid van die opnames. Respondente se response word sodoende nie beïnvloed deur ouderdomsverskille nie. Persone van die geselekteerde variëteite is tussen die ouderdom van 40 en 70 jaar oud.
- Geslag: Deur hierdie veranderlike dieselfde te hou, kan geslagsdiskriminasie nie respondente se response beïnvloed nie. Hierdie studie gebruik vroue vir die opnames omrede vroue van meer prestige-vorme van taal gebruik maak as mans (Trudgill, 1978:179). Die professionaliteit van die opnames sal deurgaans dieselfde wees en nie respondente se response beïnvloed nie.
- Hoe lank sprekers op 'n bepaalde plek woon: Hierdie veranderlike speel veral 'n belangrike rol by die verteenwoordigende sprekers van die variëteite. Sprekers in die opnames moet die meerderheid van hul lewe op 'n bepaalde plek woon om as 'n verteenwoordigende spreker van daardie gebied beskou te kan word.
- Huistaal: Hierdie studie maak spesifiek gebruik van vroulike eerstetaalsprekers van Afrikaans.

Vervolgens word sprekers se gegewens weergegee. Die volgorde waarin hierdie gegewense gegee word, is soos volg: die volgorde waarin die stem gehoor word, die variëteit wat die betrokke spreker gebruik, die geslag, ouderdom, tuisdorp van die spreker, hoe lank die spreker in die bepaalde gebied woon en vanwaar spesifiek die opname verkry is. By die stemopnames in Kaaps en Standaardafrikaans, kan daar op die stemopname-ikoon gekliek word en na die betrokke stem geluister word.

Tabel 4. Uiteensetting van gegewens oor stemme in die opnames

<u>Volgorde:</u>	<u>Variëteit:</u>	<u>Geslag:</u>	<u>Ouderdom:</u>	<u>Tuisdorp:</u>	<u>Hoe lank woon spreker in bepaalde gebied:</u>	<u>Opname verkry by:</u>
Stem 1  Stem 1.mp3	Kaaps	Vroulik	45 jaar	Kaapstad	45 jaar	Dr. Donovan Lawrence
Stem 2	Afleier 1	Vroulik	20 jaar	Worcester	18 jaar	Prof. Daan Wissing
Stem 3  Stem 3.wav	Standaard-afrikaans	Vroulik	60 jaar	Tussen Bloemfontein en Johannesburg	Lewenslank	Prof. Daan Wissing
Stem 4  Stem 4.wav	Kaaps	Vroulik	42 jaar	Retreat	42 jaar	Eie opname
Stem 5	Afleier 2	Vroulik	20 jaar	Potchefstroom	20 jaar	Prof. Daan Wissing
Stem 6  Stem 6.mp3	Standaard-afrikaans	Vroulik	52 jaar	Johannesburg	51 jaar	VivA Spraakatlas

Die tabel dui aan dat die gekose variëteite almal deur vroulike lesers voorgelees word, dat die lesers (die afleiers uitgesluit) min of meer dieselfde ouderdom is, en uit geografiese gebiede kom waar die betrokke variëteite wat in die studie gebruik is, aangetref word. Wat egter verskil, is vanwaar die opnames verkry is.

Daar is oorspronklik besluit om gebruik te maak van VivA (Virtuele Instituut vir Afrikaans) se Spraakatlas as databasis om die opnames te verkry. Ongelukkig het hierdie databasis nie oor verteenwoordigende sprekers van Kaaps, as niestandaardvariëteit van Afrikaans, beskik nie. Die navorser het daarom besluit om self hierdie sprekers (Stem 4) te gaan opneem, nadat ingeligte toestemming by die sprekers verkry is. Slegs een van hierdie opnames is gebruik. Vervolgens is daar onderskeidelik met dr. Donovan Lawrence, verbonde aan die Universiteit van die Wes-Kaap, en prof. Daan Wissing, verbonde aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus, in verbinding getree. Dr. Lawrence het met ingeligte toestemming 'n dame, 'n vroulike spreker van Kaapstad (Stem 1) opgeneem en prof. Wissing het opnames van vroulike sprekers van onderskeidelik Worcester (Stem 2), Johannesburg (Stem 3) en Potchefstroom (Stem 5) verskaf wat hy reeds voorheen sou gebruik vir ander studies.

4.2.2.3.1 Tekse

'n Passasie uit Esopus se fabel "Die noordewind en die son" word as primêre teks gebruik wat deur die lesers/sprekers in die opnames voorgelees word. Hierdie fabel is uit die oorspronklike Grieks vertaal en word wêreldwyd deur verskeie taalkundiges gebruik vir studies met betrekking tot variëteit- en dialekverskille (Luther, 2017). Die teks word vir hierdie studie gebruik omdat dit 'n standaard teks is wat in vergelykende taalstudies gebruik word. Die teks word ook deur die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA), gebruik vir data-insameling vir die Afrikaanse Spraakatlas.²⁰ Die Spraakatlas word ook as databasis gebruik vir enkele opnames²¹ wat in die studie gebruik is.

4.2.2.4 Navorsingsinstrument: vraelys

Young (2016:192-193) definieer 'n vraelys soos volg: "... any text-based instrument that gives survey participants a series of questions to answer or statements to respond to, either by indicating a response – by marking a page, writing a number or checking a box on paper or online, for example, Brown 2001"^[22]. Die vraelys in hierdie studie is 'n gestruktureerde vraelys en dit bevat geslote vrae. Geslote vrae bied 'n reeks response aan waaruit die respondente moet kies (Maree & Pietersen, 2019b:203). Volgens Cohen *et al.* (2007:321) lewer response in hierdie tipe vraelys resultate wat uiters bruikbaar is vir statistiese analise.

Die reeks response word aan respondente gebied met behulp van 'n skaal. Maree en Pietersen (2019b:208) beskou skale as 'n bruikbare manier om te meet hoe respondente dink of voel teenoor 'n spesifieke verskynsel. Hierdie studie maak spesifiek gebruik van die semantiese differensiaalskaal, soos ontwikkel deur Osgood *et al.* (1957). Hierdie skaal maak gebruik van byvoeglike naamwoorde (wat later in onderskeie dimensies verdeel word) wat uiterstes van mekaar is, soos *goed/sleg*, om te verwoord en te meet hoe individue oor 'n spesifieke verskynsel voel (Maree & Pietersen, 2019b:210). In die vraelys wat in hierdie studie gebruik is, bestaan die skaal by elke vraag uit response van 1 tot 5, waar 1-2 'n positiewe respons sal aandui, 3 die neutrale respons en 4-5 'n negatiewe respons. Volgens Maree en Pietersen (2019b:210) word die skaal gewoonlik aangebied met response van 1-7 of 1-11. Houdingsnavorsers maak gebruik van onewe getalle, wanneer dit kom by die semantiese

²⁰ Die Spraakatlas is 'n elektroniese kaart wat die variëteite van Afrikaans wêreldwyd bevat. Hierdie variëteite kom voor in die vorm van stemopnames wat 'n passasie van "Die noordewind en die son" voorlees (sien <https://viva-afrikaans.org/lees-luister/spraakatlas>).

²¹ Stem 6

²² Kyk Brown, J.D. 2001. *Using surveys in language programmes*. Cambridge: Cambridge University Press.

differensiaalskaal, sodat daar 'n opsie vir 'n neutrale respons beskikbaar is (McKenzie, 2010:46).

Met betrekking tot die dimensies, het Zahn en Hopper (1985) deur middel van 'n studie en faktorontleding ('factor analysis') bevind dat taalhoudings in drie gedifferensieerde faktore verdeel kan word, naamlik: meerderwaardigheid ('superiority'), aantreklikheid ('attractiveness') en dinamisme ('dynamism'). Volgens McKenzie (2010:47) het onlangse studies aangetoon dat bogemelde dimensies verder gekondenseer word in kategorieë van bekwaamheid ('competence') en sosiale aantreklikheid ('social attractiveness'). Die betrokke dimensies wat gebruik is vir hierdie studie sluit die laasgenoemde dimensies in en is geselekteer op grond van Lambert (1967) en Giles (1970) se kategorieë van bekwaamheid ('competence'), persoonlike integriteit ('personal integrity') en sosiale aantreklikheid ('social attractiveness'). Hierdie dimensies is vir die studie gekies vanweë die feit dat dit in die meerderheid taalhoudingstudies aangetref word. ('n Meer eksplisiete verduideliking van die gekose kategorieë word in Hoofstuk 2 aangebied.) Die dimensie en byvoeglike naamwoorde wat volgens die kategorieë gekies is, val soos volg uiteen:

- Bekwaamheid: *baie intelligent/glad nie intelligent nie, baie geleerd/glad nie geleerd nie en baie ambisieus/glad nie ambisieus nie.*
- Persoonlike integriteit: *baie hardwerkend/glad nie hardwerkend nie, baie eerlik/glad nie eerlik nie en baie betroubaar/glad nie betroubaar nie.*
- Sosiale aantreklikheid: *baie vriendelik/glad nie vriendelik nie, baie aantreklik/glad nie aantreklik nie en baie aangenaam/glad nie aangenaam nie.*

4.2.2.4.1 Data-insamelingsproses

Die vraelys is elektronies met behulp van *Google Forms* beskikbaar gemaak, om voorsiening te maak vir enige gebeurlikhede wat met Covid-19 verband kon hou. Die data wat met behulp van *Google Forms* ingesamel is, is outomaties per vraag in *Google Sheets* gestoor, wat berus op dieselfde beginsel as *Microsoft Excel*. Vandaar is die data verwerk.

Die skakel na 'n elektroniese vraelys is op die betrokke dosent se eFundi²³ geplaas. Vanweë die minimale respons wat hierdie platform opgelewer het, is die skakel na die vraelys, met ingeligte toestemming vanaf die hekwagter en etiekkomitee, vervolgens op sosiale media geplaas. Platforms soos Facebook, Instagram en WhatsApp het as mediums gedien

²³ eFundi is 'n aanlyn platform, wat gebruik word vir onderrig en leer by die NWU, wat geregistreerde studente en dosente met mekaar verbind.

omdeelnemers te nooi om aan die studie deel te neem. Wanneer respondente op die skakel klik, tref respondente inligting oor die studie en 'n toestemmingsvorm aan.

Vanweë die aard van die studie kan die presiese doel van die ondersoek nie eksplisiet aan die begin van die studie vermeld word nie. Respondente word vir 'n kort wyle mislei deur te sê dat die studie kyk na die verskillende stemme van Afrikaans wat op die Suid-Afrikaanse radiowese gehoor word. Die wanvoorstelling rakende die radio is gekies aangesien die gekose metodologie volgens Lambert *et al.* (1960:40) vergelykbaar is met die manier waarop 'n mens afleidings maak van 'n persoon wanneer 'n mens hulle oor die telefoon of radio hoor.

Vervolgens is 'n reeks vrae wat handel oor die respondente se biografiese gegewens gestel. Hierdie biografiese gegewens vra ondermeer na die volgende: respondente se huistaal/eerste taal, geboortedatum, geografiese inligting (tuisdorp/woondorp), geslag en bevolkingsgroep. By beide die vrae wat handel oor geslag en etnisiteit, is respondente die opsie gebied om te verswyg aan watter onderskeie groepe hulle behoort (respondente kon met ander woorde “verkies om nie te sê” nie), omrede die studie respondente se vrye keuse om sensitiewe vrae te beantwoord, respekteer. Sodra respondente ingestem het om aan die studie deel te neem, volg die taalhoudingsvrae.

Eerstens luister respondente na die opname in die vraelys en beantwoord dan die betrokke vrae oor die “eienskappe” van die spreker, soos gesien in die ‘matched-guise’-tegniek. Respondente meet elke variëteit (stem) met behulp van die semantiese differensiaalskaal. Respondente is steeds nie bewus van die werklike doel van die studie nie en glo dat die spreker beoordeel word en nie noodwendig die variëteit nie (Garrett *et al.*, 2003:56). Hierdie proses is ses keer herhaal aangesien daar ses geselekteerde variëteite/opnames is.

Sodra respondente die vraelys voltooi het, volg 'n bladsy wat die werklike doelwit van die studie openbaar. Die tweede toestemmingsvorm word gevind en respondente word weer met die keuse gelaat of hulle toestemming gee dat die data vir die studie gebruik mag word.

Hierdie vraelyste het 217 individue bereik, waarvan 217 dit volledig ingevul het en toestemming gegee het dat die inligting vir navorsingsdoeleindes gebruik mag word, maar slegs 210 respondente se resultate is in berekening gebring (Hoofstuk 5, afdeling 5.2).

4.3 RESPONDENTE

Respondente is met behulp van 'n sneeubalsteekproefmetode, sowel as 'n gerieflikheidsteekproefneming, verkry en geïdentifiseer. Sosiale media soos onder andere Facebookbladsye en -groepe, Instagram en WhatsApp het as mediums gedien om verdere

respondente op te spoor. Vraelyste is met behulp van hierdie platforms na 214 respondente uitgestuur.

Die ouderdomme van die respondente wissel tussen 18-70 jaar. Die respondente is divers sover dit hul beroep, etnisiteit en gender aangaan. Die rede vir die gebruik van die ondersoekgroep is dat die data wat ingesamel word, so divers as moontlik is en verteenwoordigend van die deursnee-individu daarbuite – nie noodwendig net individue wat hulself in 'n taalrigting bevind nie.

Indien respondente slegs uit taalstudente bestaan het, sou dit nie verteenwoordigend wees van die deursnee-individu en die gemeenskap nie. 'n Uitvloeisel hiervan is dat die studie divers van aard is.

4.4 DATAVERWERKING

Die dataverwerking van die kwantitatiewe response van die vraelys is met behulp van *Google Forms* en *Excel* geanaliseer en sorteer.

Deur die semantiese differensiale in gedagte te hou, is dit belangrik om op die volgende te let: Indien die respondent tussen 1-2 gekies het, is dit as 'n positiewe respons beskou; 3 dui op 'n neutrale respons en tussen 4-5 word as 'n negatiewe respons beskou. Voorts, hoe hoër die persentasie, hoe meer negatief is die response teenoor 'n spesifieke spreker/variëteit, en omgekeerd vir positiewe response.

Die navorser het dit goed gedink om die negatiewe met 'n hoër telling en persentasie aan te dui, waar die positiewe gewoonlik so aangedui word, sodat respondente werklik moet reageer teenoor die vraag en nie net 'n impulsiewe keuse moet maak nie. Relatiewe neutrale response dui aan dat die respondente nie effektief of kognitief reageer het nie (Wissing & Nortje, 1996:145). Sien Figuur 4 vir illustrasie:

9. Die persoon klink: *

1 2 3 4 5

Baie aangenaam ☐ ☐ ☐ ☐ ☐ Glad nie aangenaam nie

Figuur 4. Puntetoekenning van die semantiese differensiaalskaal soos aangetref in die vraelys

Vervolgens is eienskappe in hul onderskeie kategorieë verdeel, naamlik: bekwaamheid, persoonlike integriteit en sosiale aantreklikheid. Die doel hiervan is om vas te stel watter samehorigheid daar tussen vrae is omrede dit dieselfde beantwoord word en vervolgens dieselfde dimensie of faktor meet (Maree & Pietersen, 2019c:264).

Vir verdere statistiese analise is die t-toets²⁴ ('t-test') gebruik om beduidendheid van die verskille tussen die gemiddeldes van die kwantitatiewe veranderlikes van die studie, te bereken. Die hoofdoel van die t-toets in hierdie studie was om vas te stel of die verskille wat aangetref is tussen etniese groepe en gender, wel 'n beduidende verskil aandui al dan nie. Beduidende verskille dra by tot die geldigheid en geloofwaardigheid van die studie, en stel vas dat die antwoorde nie bloot per toeval verkry is nie.

4.5 ETIESE ASPEKTE

Hierdie studie is uitgevoer volgens die streng maatreëls en navorsingsprosedures soos deur die Noordwes-Universiteit gestel. Etiese klaring vir die studie is toegestaan deur die Noordwes-Universiteit se ECLM (Ethics Committee for Language Matters) met etieknommer NWU-01132-20-S7. Daar is ook by die NWU se RDGC (Research Data Gatekeeper Committee) aansoek gedoen aangesien die studie gebruikmaak van NWU-studente (RDGC-nommer NWU-GK-21-024).

Die nodige stappe is gedoen om te verseker dat die kriterium van navorsing wat mense betrek, nie oorskry is nie. Respondente is ingelig oor die spesifieke navorsingsproses en het elektronies toestemming verleen, op twee onderskeidelike plekke, om hul vrywillige deelname aan die studie te toon. Respondente is spesifiek in kennis gestel dat hul deelname anoniem geskied, antwoorde slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik word, deelname vrywillig is en dat hul op enige stadium van die proses kan onttrek.

Die data-insamelingsproses het aanlyn geskied en het dus potensiële gevare en risiko's uitgeskakel, wat op sigself ook bykomend voorsiening gemaak het vir Covid-19-faktore. Die navorser was bewus van die sensitiwiteit rakende kwessies soos etnisiteit en geslag. Dit is gevolglik met ekstra sensitiwiteit en op 'n taktvolle wyse benader en hanteer. Respondente het onder geen verpligting gestaan om verbandhoudende vrae te beantwoord nie. Respondente is ook geensins benadeel deur die loop van die studie nie.

4.6 SAMEVATTING

Hoofstuk 4 het ten doel gehad om 'n uiteensetting te gee van die metodologiese raamwerke wat geïmplementeer is ten einde die navorsingsvrae te kan beantwoord.

²⁴ 'n T-toets is 'n statistiese toets wat gebruik word om die gemiddeldes van twee groepe met mekaar te vergelyk om vas te stel of daar beduidende verskille is, al dan nie (Bevans, 2022).

Die data is ingesamel deur van 'n elektroniese vraelys en *Google Forms* gebruik te maak. Die respondente is opgespoor met behulp van 'n sneeubalsteekproefmetode en deur platforms op sosiale media. Die studie maak gebruik van 'n kwantitatiewe navorsingsmetode. Die metodologie van die studie is op so 'n wyse ontwerp om akkurate en betroubare resultate te lewer.

Die analise en verwerking van die data wat ingesamel is, word in die volgende hoofstuk aangebied. Eerstens word die ingesamelde data bespreek. Vervolgens word afleidings en gevolgtrekkings gemaak.

HOOFSTUK 5: RESULTATE EN BESPREKING

5.1 INLEIDING

Hoofstuk 5 het ten doel om die data, wat met behulp van die vraelyste verkry is, uiteen te sit en te ontleed. Daar word 'n oorsig gegee oor die algemene inligting rakende die respondente wat aan die studie deelgeneem het. Daarna word die algehele resultate wat die studie opgelewer het, uiteengesit en gedemonstreer met behulp van staaftafelrekeninge en tabelle. Voorts word die resultate per dimensie uiteengesit. Insluitend hierby word die resultate wat oor etniese en gendergroepe heen verkry word, ook per dimensie uiteengesit.

5.2 ALGEMENE INLIGTING RAKENDE RESPONDENTE

Biografiese en persoonlike inligting aangaande die respondente, wat ingestem het om deel te neem aan die studie, word aangetref in die eerste ses vrae van die vraelys.

Data wat vanuit die vraelys verkry is, toon aan dat 167 (79,5%) van die respondente vroulik is, terwyl 42 (19,8%) manlik is. Slegs twee (0,9%) respondente het aangedui dat hulle verkies om nie hul geslag bekend te maak nie. Wat etnisiteit aanbetref, het 38 (18%) van die respondente aangedui dat hulle bruin is. Hiervan is 30 (76,9%) vroulike respondente, en agt (23%) manlike respondente. Honderd sewe-en-sestig (167) (79,1%) van die respondente het aangedui dat hulle wit is. Hiervan is 137 (82%) vroulike respondente, en 30 (17,8%) manlike respondente. Die studie het een (0,5%) swart vroulike respondent opgelewer en slegs vier (1,9%) respondente wat verkies het om nie hul etnisiteit bekend te maak nie. Hierdie vyf respondente se resultate is nie in berekening gebring by die studie nie. In totaal, sonder die laasgenoemde respondente, het 210 respondente die vraelys voltooi, wat voldoende is vir die studie se kwantitatiewe analise (vgl. McMillan & Schumacher, 2001:177-180).

Die ouderdomme van die respondente wissel tussen 18-70 jaar. Die meerderheid respondente is tussen 1990 en 1999 gebore met 'n getal van 107 (50,9%). Dit kan weens verskeie faktore wees, maar kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die studie van 'n sneeubalsteekproef gebruik gemaak het en die navorser se onmiddellike kennis binne dieselfde ouderdomsgroep as die meerderheid van die respondente val. Alhoewel twee (0,94%) van die respondente aangedui het dat hul huistaal Engels is, is 210 (99,0%) van die respondente se huistaal Afrikaans, die respondente dui aan dat hulle volledig tweetalig is. Die twee respondente (0,94%) wat aangedui het dat hul huistaal Engels is, se response word nie

ingereken by die algehele bespreking van die data nie, omrede die studie Afrikaanssprekende respondente vereis het.

5.3 RESULTATE VAN DIE 'VERBAL-GUISE'-STUDIE

Soos in die voorafgaande hoofstuk aangedui is, was die doel van die navorsing om wit en bruin, manlike en vroulike, eerstetaalsprekers van Afrikaans, bo die ouderdom van 18 jaar, se houdings teenoor Kaaps – as niestandaardvariëteit van Afrikaans – en Standaardafrikaans te identifiseer deur van die 'verbal-guise'-tegniek gebruik te maak. Die navorsingsinstrument is so ontwerp om deur 'n indirekte metode wat in taalhoudingstudies gebruik word, taalhoudings van deelnemende respondente te ontgin.

Die eerste stap wat die analise van die data aanbetref, is om beskrywende statistiek vir al die vrae wat betrekking het tot die verskillende dimensies, soos in Hoofstuk 4 uiteengesit, te bereken.

In hierdie afdeling word die resultate per dimensie²⁵ opgedeel en vervolgens bespreek. Dit word in sub-groepe opgedeel wat betrokke temas bespreek. Daar word gekyk na die taalhoudings wat respondente het, met spesifieke verwysing na die volgende: intelligensie, hardwerkendheid, vriendelikheid, geleerdheid, eerlikheid, aantreklikheid, betroubaarheid, aangenaamheid, ambisie en assosiasie.

Dit gaan gepaard met 'n staafgrafiek wat die resultate wat by elke vraag verkry is, aandui. Die aantal respondente sowel as die persentasies word bereken en gebruik om vas te stel wat die respondente wat aan die studie deelneem se taalhoudings teenoor onderskeie variëteite van Afrikaans is.

Die data kan soos volg verduidelik word: 1= die positiefste evaluering, 3= die neutrale evaluering en 5= die negatiefste evaluering. Dus dui die linkerkantse sy van die grafiek op positiewe beoordelings, opsie 3 neutraal, en die regterkantse sy van die grafiek op negatiewe beoordelings. Indien die meerderheid response 'n neutrale respons aandui, sou dit dui daarop dat respondente nie affektief reageer het teenoor die onderskeie sprekers nie. Indien die meerderheid response daarteenoor 'n negatiewe respons aandui, sou dit daarop dui dat respondente die betrokke variëteit en stem nie gunstig beoordeel het nie. 'n Oorhoofse meerderheid van positiewe response sou daarop dui dat respondente die betrokke variëteit en stem gunstig beoordeel het gemeet aan die aangewese vraag. Dit is belangrik om in

²⁵ Hierdie dimensie verwys na die dimensies wat bespreek is in Hoofstuk 4, afdeling 4.2.2.4.

gedagte te hou dat die data fokus op die vergelyking tussen beide variëteite en oor beide sub-groepe van respondente heen.

Alle respondente het die vraelys en onderskeie variëteite se afdelings, met die betrokke vrae, na wense voltooi. Geen antwoorde moes verwerp word nie, behalwe diegene wat aangedui het dat hulle verkies om nie hul bevolkingsgroep bekend te maak nie en die een swart respondent, omrede dit nie aan die vereistes voldoen het om aan die studie deel te neem nie. Alle antwoorde was volledig ingevul. Daar was egter net een respondent wat aan die navorser gekommunikeer het dat hy nie die vraag rakende die spreker se aantreklikheid korrek, volgens sy oortuigings en menings, kon voltooi nie vanweë die feit dat hy nie vroue aantreklik vind nie. Dit is nietemin in bereken by die resultate van die studie.

Met behulp van *Google Forms*, wat direk data na *Google Sheets* oordra, is die gemiddelde response en mediaan van elke afsonderlike vraag bereken. *Google Sheets* genereer outomaties hierdie data. Die t-toets (t-test) is gebruik om die beduidende verskille van die kwantitatiewe veranderlikes by sub-groepe te bereken.



Die studie begin deur die algehele resultate vir elk van die dimensies uiteen te sit. Daarna word daar gekyk na die verskille wat aangetref word tussen die etniese - en gendergroepe. Bogenoemde word slegs gedoen vir die stemme wat van toepassing is tot die studie, en nie die afleiers nie. Die data vir die afleiers is ook bereken, maar word nie in hierdie studie gebruik nie.

5.4 BEKWAAMHEID



Hierdie afdeling verskaf data oor die dimensie van bekwaamheid wat by elk van die stemme en variëteite verkry is. Afdeling 5.4.1 kyk vergelykend na die data wat verkry is met betrekking tot intelligensie by Kaaps 1 en 2, sowel as Standaardafrikaans 1 en 2. Afdeling 5.4.2 verskaf data vir die geleerdheid van die stemme, waar afdeling 5.4.3 data verskaf vir die ambisie van die stemme. Afdeling 5.4.5 verskaf 'n oorsigtelike bespreking oor die data wat in die voorafgaande afdelings aangetref word, terwyl afdeling 5.4.6 kyk na die data wat verkry is oor die dimensie as geheel. Laasgenoemde afdeling fokus in die besonder op die verskille tussen die response van die wit en bruin respondente, sowel as tussen die manlike en vroulike respondente.

5.4.1 Intelligensie

Grafieke 1-4 verskaf die resultate wat verkry is vir die intelligensie van die sprekers/variëteite by Kaaps 1 (stem 1) en 2 (stem 4), sowel as Standaardafrikaans 1 en 2.





Grafiek 1 en Grafiek 2. Die intelligensie van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 ($n=210$) en 2 ($n=210$) (gemiddelde onderskeidelik 3 en 3.8)





Grafiek 3 en Grafiek 4. Die intelligensie van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 ($n=210$) en 2 ($n=210$) (gemiddelde onderskeidelik 1.7 en 2.4)

5.4.2 Geleerdheid

Grafieke 5-8 verskaf die resultate wat verkry is vir die geleerdheid van die sprekers/variëteite by Kaaps 1 (stem 1) en 2 (stem 4), sowel as Standaardafrikaans 1 (stem 3) en 2 (stem 6).





Grafiek 5 en Grafiek 6. Die geleerdheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 3 en 3.8)





Grafiek 7 en Grafiek 8. Die geleerdheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 1.7 en 2.3)

5.4.3 Ambisie

Grafieke 9-12 verskaf die resultate wat verkry is vir die ambisie van die sprekers/variëteite by Kaaps 1 (stem 1) en 2 (stem 4), sowel as Standaardafrikaans 1 (stem 3) en 2 (stem 6).



Grafiek 9 en Grafiek 10. Die aanduiding van die sprekers se ambisie volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik opsie 3 en 3.3)



Grafiek 11 en Grafiek 12. Die aanduiding van die sprekers se ambisie volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 1.8 en 2.6)

5.4.4 Gemiddelde resultate vir bekwaamheid

Tabelle 5 en 6 verskaf onderskeidelik die gemiddelde²⁶ vir die dimensie van bekwaamheid by Kaaps 1 en 2, sowel as Standaardafrikaans 1 en 2.

Tabel 5. Die dimensie van bekwaamheid by Kaaps 1 en 2

<u>Bekwaamheid:</u>	<u>Gemiddeld:</u> <u>Kaaps 1</u>	<u>Gemiddeld:</u> <u>Kaaps 2</u>
1. Intelligensie	3	3.8
2. Geleerdheid	3	3.8
3. Ambisie	3	3.3
Algehele gemiddeld vir die dimensie van bekwaamheid:	3	3.6

Tabel 6. Die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans 1 en 2

<u>Bekwaamheid:</u>	<u>Gemiddeld:</u> <u>SA 1</u>	<u>Gemiddeld:</u> <u>SA 2</u>
1. Intelligensie	1.7	2.4
2. Geleerdheid	1.7	2.3
3. Ambisie	1.8	2.6
Algehele gemiddeld vir die dimensie van bekwaamheid:	1.7	2.4

5.4.5 Bespreking van voorafgaande data

Volgensdie literatuur, soos aangetoon in hoofstuk 2, afdeling 2.6.2.3 en hoofstuk 3, afdeling 3.5 en 3.6, is dit duidelik dat daar gereeld neergesien word op Kaaps, as niestandaardvariëteit van Afrikaans. Die neersien op hierdie variëteit kan aan verskeie faktore toegeskryf word, veral wanneer historiese en sosiale faktore in berekening gebring word. Dit kan ook wees weens die indruk dat spraakverskynsels wat in Kaaps aangetref word, nie voldoen aan die norme en

²⁶ Die gemiddelde is telkens bereken deur respondente se response by mekaar te tel en dit deur die aantal respondente te deel. Dit is gedoen met behulp van *Microsoft Excel* en *Google Forms*.

standaarde van Standaardafrikaans nie. Daar is ook sosiale en historiese faktore wat 'n invloed het, soos bespreek in Hoofstuk 3, afdeling 3.5 en 3.6.

Inligting wat uit die data na vore kom, sluit by die bogenoemde aan. Wanneer daar afsonderlik na die grafieke gekyk word, met spesifieke verwysing na intelligensie, het die meerderheid respondente (111, 52,8%) by Kaaps (1) opsie 3, die neutrale opsie, aangedui. Dit dui op meer as die helfte van die respondente wat aan die studie deelgeneem het. Die moontlike rede hiervoor kan wees dat respondente huiwerig gevoel het om hul werklike houdings weer te gee en sodoende nie heeltemal eerlik was nie. Dit is egter te verstane. Hierdie spreker word heel eerste in die opnames gevind. Dit kon wees dat respondente met die eerste antwoord gevoel het dat hulle die spreker oordeel en daarom eerder die neutrale opsie gekies het. 'n Ander moontlike verduideliking kan wees dat respondente probeer wegsfram het dat hulle moontlik rassisties kon wees.

Wat intelligensie betref by die tweede stem (Stem 4) wat 'n Kaapse aksent het, het 79 respondente (37,6%) opsie 3, neutraal, aangedui. Die regterkanste sy van die grafiek weeg egter die swaarste met 132 respondente (62,8%) tussen opsie 4, *onintelligent*, en opsie 5, *glad nie intelligent nie*. Hierdie verskynsel maak dit duidelik dat die meeste respondente 'n algehele negatiewe respons en houding aangedui het teenoor die intelligensie van die spreker en variëteit. Hierdie verskynsel is nie ongewoon nie en kan moontlik aan verskeie faktore toegeskryf word soos die respondente se beoordelings oor die spreker se klaarblyklike opvoeding, sosiale klas en dies meer.

Wat intelligensie betref by Standaardafrikaans (1), het 123 respondente (58,5%) opsie 1, *baie intelligent*, aangedui. Dit dui op meer as die helfte van die respondente wat aan die studie deelgeneem het. Die rede hiervoor kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die spreker 'n radio-omroeper by 'n bekende Afrikaanse radiostasie was. Radiostasies het in die verlede streng vereistes gestel en riglyne neergelê vir die gehalte van Standaardafrikaans wat die omroepers gebruik het, veral wat uitspraak betref. Uit die bogenoemde data kan die gevolgtrekking gemaak word dat die meerderheid respondente 'n positiewe respons en houding het teenoor Standaardafrikaans (1) wat intelligensie betref. Hierdie verskynsel kom nie onverwags voor nie. By Standaardafrikaans (2), het 89% van die respondente (42,3%) opsie 2, *intelligent*, aangedui. Die linkerkantste sy van die grafiek weeg egter die swaarste met 123 respondente (58,5%) wat opsie 1, *baie intelligent*, en opsie 2, *intelligent* kies. Hierdie verskynsel maak dit duidelik dat respondente 'n algehele positiewe respons en houding aangedui het teenoor die intelligensie van die spreker.

Wanneer daar vergelykend na die grafieke gekyk word met verwysing na intelligensie, word die sprekers van Standaardafrikaans (1 en 2) meer positief beoordeel as die sprekers van Kaaps (1 en 2). Die data wat verkry is, beaam die hipotese dat Standaardafrikaans meer gunstig as Kaaps beoordeel word. Hierdie verskynsel is nie ongewoon nie. Die meerderheid individue sal hierdie variëteit met intelligensie vereenselwig omrede Standaardafrikaans die standaard en norm van Afrikaans in die algemeen stel. Soos gesien vanuit die literatuur, is daar 'n naby verhouding tussen Standaardafrikaans en die persepsies van intelligensie van die sprekers van Standaardafrikaans.

Met betrekking tot die geleerdheid van die sprekers, het 104 respondente (49,5%), opsie 3, die *neutrale* opsie aangedui by Kaaps (1). Wat die tweede spreker van Kaaps aanbetref, het die meerderheid respondente (73 = 34,7%) opsie 4, *ongeleerd*, aangedui. Die meerderheid response by Kaaps (2), kom voor tussen opsie 4, *ongeleerd*, en opsie 5, *glad nie geleerd nie*, met gesamentlik 133 respondente (63,3%). Die feit dat Kaaps (1) meer positief beoordeel is as Kaaps (2) kan weens verskeie redes wees, grotendeels omrede Kaaps (1) nader aan die standaard is as Kaaps (2). Respondente het moontlik die eerste spreker beoordeel op die feit dat sy tot 'n hoër sosiale klas behoort.

Eenhonderd-en-twintig (120) respondente (57,1%) het opsie 1, *baie geleerd*, aangedui by Standaardafrikaans (1). Die grafiek in geheel dui aan dat die meerderheid response bestaan uit opsie 1, *baie geleerd*, en opsie 2, *geleerd*, met gesamentlik 178 response (84,7%), wat daarop dui dat respondente hierdie spreker oor die algemeen positief ervaar en beoordeel het. Eenhonderd (100) respondente (47,6%) het by Standaardafrikaans (2) opsie 2, *geleerd*, aangedui. Opsie 5, *glad nie geleerd nie*, het die minste respondente met slegs vier (1,9%) wat daardie opsie aangedui het. Die gemiddelde opsie is 2.2. Wanneer 'n mens albei variëteite se grafieke met mekaar vergelyk wat geleerdheid betref, is Standaardafrikaans (1 en 2) meer positief beoordeel as Kaaps (1 en 2). Met ander woorde, respondente ervaar sprekers van Standaardafrikaans as meer geleerd as diegene van Kaaps.

Met betrekking tot ambisie, het 81 van die respondente (38,5%) opsie 3, die *neutrale* opsie, aangedui by Kaaps (1). By Kaaps (2), het 76 respondente (36,1%) opsie 3, die *neutrale* opsie, aangedui. Die grafiek in geheel dui egter aan dat 94 respondente (44,7%) tussen opsie 4, *onambisieus*, en opsie 5, *glad nie ambisieus nie*, gekies het. Met ander woorde, die meerderheid respondente het Kaaps (2) as negatief beoordeel.

Wat ambisie aanbetref by Standaardafrikaans (1), het 102 respondente (48,5%) opsie 1, *baie ambisieus*, aangedui. Wanneer 'n mens na die grafiek in geheel kyk, het die oorhoofse meerderheid respondente hierdie spreker positief beoordeel. By Standaardafrikaans (2), was

opsie 2, *ambisieus*, die meerderheidsopsie met 81 respondente (38,5%). Vergelykend word Standaardafrikaans (1 en 2) meer positief beoordeel as Kaaps (1 en 2) wat ambisie aanbetref.

Deur gesamentlik te kyk na die resultate, blyk dit dat Standaardafrikaans meer positief beoordeel word as Kaaps in die geheel. Sodoende kan daar afgelei word dat respondente 'n meer positiewe houding teenoor Standaardafrikaans het wat die dimensie van bekwaamheid aanbetref.

5.4.6 RESULTATE VAN DIE STUDIE OOR ETNIESE EN GENDERGROEPE HEEN

In hierdie onderafdeling word daar afsonderlik gekyk na die dimensie van bekwaamheid oor etniese en gendergroepe heen, by Kaaps 1 en 2, sowel as Standaardafrikaans 1 en 2.

Eerstens word die gemiddelde oor etniese groepe heen by die onderskeie variëteite in tabelvorm aangebied. Vervolgens word dit geïllustreer aan die hand van 'n staafgrafiek. Onder die staafgrafiek word die resultate van die t-toets ook weergegee en aangedui of dit 'n beduidende verskil is al dan nie.

5.4.6.1 Bekwaamheid by Kaaps (1)

Tabelle 7 en 8, sowel as Grafieke 13 en 14, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (1) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.



Tabel 7. Die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (1) deur wit en bruin respondente

<u>Bekwaamheid:</u>	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Intelligensie	3	2.7
2. Geleerdheid	3	2.7
3. Ambisie	3.2	2.6
Die algehele gemiddeld vir bekwaamheid by Kaaps (1):	3.1	2.7

Tabel 8. Die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (1) deur manlike en vroulike respondente

<u>Bekwaamheid:</u>	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Intelligensie	2.9	3

2. Geleerdheid	3	3
3. Ambisie	3.1	3
Die algehele gemiddeld vir bekwaamheid by Kaaps (1):	3	3



Grafiek 13 en Grafiek 14. Die gemiddelde dimensie van bekwaamheid by Kaaps (1), in Grafiek 13 $p=0.00068^*$ en Grafiek 14 $p= 0.986435$

5.4.6.2 Bekwaamheid by Kaaps (2)

Tabelle 9 en 10, sowel as Grafieke 15 en 16, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (2) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.



Tabel 9. Die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (2) deur wit en bruin respondente

<u>Bekwaamheid:</u>	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Intelligensie	3.9	3.4
2. Geleerdheid	3.9	3.6
3. Ambisie	3.4	3.1
Die algehele gemiddeld vir bekwaamheid by Kaaps (2):	3.7	3.4

Tabel 10. Die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (2) deur manlike en vroulike respondente

<u>Bekwaamheid:</u>	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Intelligensie	3.5	3.8

2. Geleerdheid	3.6	3.9
3. Ambisie	3.3	3.3
Die algehele gemiddeld vir bekwaamheid by Kaaps (2):	3.5	3.7



Grafiek 15 en Grafiek 16. Die gemiddelde dimensie van bekwaamheid by Kaaps (2), waar Grafiek 15 $p = 0.020645^*$ en Grafiek 16 $p = 0.227379$

5.4.6.3 Bekwaamheid by Standaardafrikaans (1)



Tabelle 11 en 12, sowel as Grafieke 17 en 18, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (1) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.

Tabel 11. Die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (1) deur wit en bruin respondente

<u>Bekwaamheid:</u>	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Intelligensie	1.6	1.9
2. Geleerdheid	1.6	2
3. Ambisie	1.7	2.1
Die algehele gemiddeld vir bekwaamheid by Standaardafrikaans (1):	1.6	2

Tabel 12. Die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (1) deur manlike en vroulike respondente

<u>Bekwaamheid:</u>	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Intelligensie	1.9	1.7
2. Geleerdheid	1.8	1.7
3. Ambisie	2.1	1.7
Die algehele gemiddeld vir bekwaamheid by Standaardafrikaans (1):	1.9	1.7



Grafiek 17 en Grafiek 18. Die gemiddelde dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (1) waar Grafiek 17 $p = 0.011001^*$ en Grafiek 18 $p = 0.170329$

5.4.6.4 Bekwaamheid by Standaardafrikaans (2)

Tabelle 13 en 14, sowel as Grafieke 19 en 20, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (2) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.



Tabel 13. Die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (2) deur wit en bruin respondente

<u>Bekwaamheid:</u>	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Intelligensie	2.3	2.3
2. Geleerdheid	2.2	2.4
3. Ambisie	2.6	2.7

Bekwaamheid:	Wit respondente:	Bruin respondente:
Die algehele gemiddeld vir bekwaamheid by Standaardafrikaans (2):	2.4	2.5

Tabel 14. Die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans (2) deur manlike en vroulike respondente

Bekwaamheid:	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Intelligensie	2.6	2.3
2. 3Geleerdheid	2.3	2.3
3. Ambisie	2.9	2.6
Die algehele gemiddeld vir bekwaamheid by Standaardafrikaans (2):	2.5	2.4



Grafiek 19 en Grafiek 20. Die gemiddelde dimensie by Standaardafrikaans (2) waar Grafiek 19 $p=0.424282$ en Grafiek 20 $p=0.110854$

5.4.6.5 Bespreking van voorafgaande data

Die studie het belooft om nie net na taalhoudings oor die algemeen te kyk nie, maar ook na watter taalhoudings daar spesifiek bestaan by wit en bruin, manlike en vroulike sprekers van Afrikaans. Die bogenoemde data dui die volgende aan.

Met verwysing na die dimensie van bekwaamheid by Kaaps (1), het bruin respondente die variëteit meer positief beoordeel as wit respondente. Die t-toets het 'n hoogs beduidende verskil aangedui met $p=0.00068^{***}$. Dieselfde resultate kom na vore by Kaaps (2) met 'n

beduidende verskil van $p = 0.020645^*$. Deur die t-toets uit te voer, word daar verseker dat die verskil wat aangetref is, wel eg is en nie net per toeval verkry is nie. Hierdie data kan toegeskryf word aan die feit dat bruin respondente meer bekend is met die variëteit as die wit respondente – ook omdat bruin respondente hulself meer kan vereenselwig met hierdie variëteit. Hoe nader 'n spreker aan 'n respondent se variëteit/manier van praat kom, hoe meer positief sal dit beoordeel word.

Oorweeg ons gender, het manlike en vroulike respondente Kaaps (1) op dieselfde wyse beoordeel. By Kaaps (2) is dit nie dieselfde geval nie. Manlike respondente het hierdie stem en variëteit meer positief beoordeel as die vroulike respondente. Daar is nie 'n beduidende verskil om hierdie waarneming te staaf nie.

In teenstelling hiermee, het wit respondente Standaardafrikaans (1 en 2) meer positief beoordeel as bruin respondente. By Standaardafrikaans (1) word daar 'n beduidende verskil aangetref tussen wit en bruin respondente waar $p = 0.011001^*$. Inaggenome gender, het vroulike respondente Standaardafrikaans (1 en 2) meer positief beoordeel as manlike respondente alhoewel daar nie 'n beduidende verskil aangetref is nie. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die feit dat vroue meer geneig is om aangetrokke te wees tot die prestigevariëteit. Dus kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Bruin respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor Kaaps as wit respondente wat die dimensie van bekwaamheid aanbetref;
- Manlike respondente het meer positiewe taalhoudings as vroulike respondente teenoor Kaaps wat die dimensie van bekwaamheid aanbetref (geen beduidende effek);
- Wit respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans as bruin respondente vir sover dit die dimensie van bekwaamheid aangaan; en
- Vroulike respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans as manlike respondente vir sover dit die dimensie van bekwaamheid aangaan (geen beduidende effek).



5.5 PERSOONLIKE INTEGRITEIT

Hierdie afdeling verskaf data oor die dimensie van persoonlike integriteit wat by elk van die stemme en variëteite verkry is. Afdeling 5.5.1 kyk vergelykend na die data wat verkry is met betrekking tot hardwerkendheid by Kaaps 1 en 2, sowel as Standaardafrikaans 1 en 2. Afdeling 5.5.2 verskaf data vir die eerlikheid van die stemme, waar afdeling 5.5.3 data verskaf vir die betroubaarheid van die stemme. Afdeling 5.5.5 verskaf 'n oorsigtelike bespreking oor



die data wat in voorafgaande afdelings aangetref word, terwyl afdeling 5.5.6 kyk na die data wat verkry is oor die dimensie as geheel. Laasgenoemde afdeling fokus in die besonder op die verskille tussen wit en bruin respondente, sowel as manlike en vroulike respondente.

5.5.1 Hardwerkendheid

Grafieke 21-24 verskaf die resultate wat verkry is betreffende die hardwerkendheid van die sprekers/variëteite by Kaaps 1 (stem 1) en 2 (stem 4), sowel as Standaardafrikaans 1 (stem 3) en 2 (stem 6).





Grafiek 21 en Grafiek 22. Die hardwerkendheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.7 en 3.2)





Grafiek 23 en Grafiek 24. Die hardwerkendheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 1.9 en 2.4)

5.5.2 Eerlikheid

Grafieke 25-28 verskaf die resultate wat verkry is vir die eerlikheid van die sprekers/variëteite by Kaaps 1 (stem 1) en 2 (stem 4), sowel as Standaardafrikaans 1 (stem 3) en 2 (stem 6).





Grafiek 25 en Grafiek 26. Die eerlikheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.4 en 2.6)




Grafiek 27 en Grafiek 28. Die eerlikheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2 en 2.2)

5.5.3 Betroubaarheid

Grafieke 29-32 verskaf die resultate wat verkry is vir die betroubaarheid van die sprekers/variëteite by Kaaps 1 (stem 1) en 2 (stem 4), sowel as Standaardafrikaans 1 (stem 3) en 2 (stem 6).



Grafiek 29 en Grafiek 30. Die betroubaarheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.5 en 3.1)



Grafiek 31 en Grafiek 32. Die betroubaarheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2 en 2.3)

5.5.4 Gemiddelde resultate vir persoonlike integriteit

Tabelle 15 en 16 kyk onderskeidelik na die gemiddelde vir die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps 1 en 2, sowel as Standaardafrikaans 1 en 2.

Tabel 15. Die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps 1 en 2

<u>Persoonlike integriteit:</u>	<u>Gemiddeld: Kaaps 1</u>	<u>Gemiddeld: Kaaps 2</u>
1. Hardwerkendheid	2.7	3.2
2. Eerlikheid	2	2.2
3. Betroubaarheid	2.5	3.1
Algehele gemiddeld vir die dimensie van persoonlike integriteit:	2.4	2,8

Tabel 16. Die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans 1 en 2

<u>Persoonlike integriteit:</u>	<u>Gemiddeld: Standaardafrikaans 1</u>	<u>Gemiddeld: Standaardafrikaans 2</u>
1. Hardwerkendheid	1.9	2.4
2. Eerlikheid	2	2.2
3. Betroubaarheid	2	2.3
Algehele gemiddeld vir die dimensie van persoonlike integriteit:	2	2.3

5.5.5 Bespreking van voorafgaande data

Inligting wat vanuit die data na vore kom, dui aan dat die meerderheid respondente (92= 43,8%) opsie 3, die *neutrale* opsie, by Kaaps (1) aangedui het. Dieselfde verskynsel kom na vore wanneer daar gekyk word na Kaaps (2). Die meerderheid respondente (78= 37%) het opsie 3, die *neutrale* opsie, aangedui. Met ander woorde, respondente kon nie 'n positiewe of negatiewe ooreenkoms vind met die eerste en tweede spreker van Kaaps en hardwerkendheid nie. Wanneer daar vergelykend na beide Kaapse stemme gekyk word, kom interessante data na vore. By Kaaps 1 in geheel, weeg die linkerkantse (positiewe) sy, met opsies *baie hardwerkend* (1) en *hardwerkend* (2), swaarder op as die regterkantste sy. In teenstelling hiermee, weeg die regterkantste (negatiewe) sy by Kaaps 2, met opsies soos *niehardwerkend* (4) en *glad nie hardwerkend nie* (5) swaarder op as die linkerkantse sy. Die veronderstelling sal wees dat beide stemme van Kaaps dieselfde beoordeel word sover dit hardwerkendheid aangaan. 'n Moontlike verduideliking hiervoor kan wees dat die tweede spreker van Kaaps linguistiese merkers in haar manier van praat het wat respondente vereenselwig met 'n laer sosiale klas. Indien dit so is, toon 'n laer sosiale klas volgens respondente 'n noue ooreenkoms met die veronderstelde graad van hardwerkendheid van die spreker.

Wat hardwerkendheid by Standaardafrikaans (1) aanbetref, het 89 respondente (42,3%) opsie 1, *baie hardwerkend*, aangedui. Die verskil tussen opsie 1 en opsie 2, *hardwerkend*, is egter slegs ses respondente (2,8%). Die aanduiding van hardwerkendheid, wanneer daar na die grafiek in geheel gekyk word, dui aan dat die meerderheid respondente (172, dus 81,9%) hierdie stem en variëteit tussen opsie 1, *baie hardwerkend*, en opsie 2, *hardwerkend*, aandui. Met ander woorde, daar is 'n positiewe ooreenkoms tussen die eerste stem van Standaardafrikaans en hardwerkendheid. By Standaardafrikaans (2), het die meerderheid respondente opsie 2, *hardwerkend*, aangedui (83= 39,5%). In geheel weeg die linkerkantste sy van die grafiek die swaarste met 'n totaal van 114 respondente (54,2%). Dit is meer as die helfte van die respondentgroep. Daar kan dus tot die gevolgtrekking geraak word dat respondente 'n algehele positiewe respons en houding het teenoor beide stemme van Standaardafrikaans en die karaktereienskap van hardwerkendheid.

Wanneer daar vergelykend na die grafieke gekyk word wat dit het oor hardwerkendheid, word die sprekers van Standaardafrikaans (1 en 2) meer positief beoordeel as die sprekers van Kaaps (1 en 2). Die data wat verkry is, beaam steeds die hipotese dat Standaardafrikaans meer gunstig beoordeel en ervaar word as Kaaps.

Met betrekking tot die eerlikheid van sprekers, is opsie 3 die meerderheidsopsie met 83 (39,5%) respondente by Kaaps (1). Die grafiek in geheel dui egter aan dat die meerderheid 'n positiewe beoordeling teenoor hierdie stem het. Gesamentlik het 110 (52,4%) respondente die stem tussen opsie 1, *baie eerlik*, en opsie 2, *eerlik*, beoordeel. By die tweede stem van Kaaps word die eerlikheid van die spreker aangedui met 62 respondente (29,5%) wat opsie 3, *neutraal*, aangedui het. Weereens het die meerderheid (102= 48,5%) tussen opsie 1, *baie eerlik*, en opsie 2, *eerlik*, aangedui. Dus kan die afleiding gemaak word dat daar 'n algehele positiewe respons en houding by die respondente is sover dit die eerlikheid van sprekers van Kaaps 1 en 2 aanbetref. Die verskynsel dat sprekers van Kaaps eerlik is, kom nie onverwags voor nie. Lank reeds is daar 'n verband met of ooreenkoms tussen Kaaps en eerlikheid.

Dieselfde verskynsel word by Standaardafrikaans 1 en 2 aangetref. By beide stemme is opsie 2, *eerlik*, die meerderheidsopsie. Beide grafieke dui in die geheel aan dat respondente 'n positiewe respons en houding het teenoor albei stemme van Standaardafrikaans en eerlikheid. Wanneer daar vergelykend na Kaaps (1 en 2) en Standaardafrikaans (1 en 2) gekyk word, word beide sprekers van die variëteite positief beoordeel gemeet aan eerlikheid. Dit is die eerste dimensie waar beide variëteite dieselfde beoordeling en houdings weerspieël, maar wanneer daar na die statistiek gekyk word, word stemme van die wit sprekers meer positief beoordeel as dié van die bruin sprekers (vergelyk 2 en 2.2 teenoor 2.4 en 2.6).

Met verwysing na Kaaps (1) en betroubaarheid, is die meerderheidsopsie opsie 3, die *neutrale* opsie, met 89 respondente (42,3%). Die grafiek in geheel dui egter aan dat die linkerkantste sy van die grafiek, met opsie 1 en 2, wat 'n aanduiding gee van *baie betroubaar* en *betroubaar*, gesamentlik 104 respondente (48%) oplewer. Dit gee 'n aanduiding dat respondente 'n algehele positiewe respons en houdings het teenoor die eerste stem van Kaaps en betroubaarheid. Die betroubaarheid van Kaaps (2) word deur opsie 3, die *neutrale* opsie, aangedui met 76 respondente (36,1%). Die grafiek in geheel toon egter aan dat die meeste respondente opsie 4, *onbetroubaar* en opsie 5, *glad nie betroubaar nie*, gekies het (78= 37,1%). Met ander woorde, die meeste respondente het negatiewe beoordelings gehad met betrekking tot hierdie stem en betroubaarheid. Alhoewel die verskil tussen die opsies met net 1% verskil, is dit steeds duidelik dat die meerderheid 'n negatiewe respons en houding gehad het waar dit gaan om die stem se betroubaarheid.

Wat die betroubaarheid van sprekers van Standaardafrikaans 1 en 2 betref, word opsie 2, óók as *betroubaar* aangedui.. Opsie 1 en 2 verskil egter met net twee respondente (0,9%) wat daarop dui dat daar nie 'n beduidende verskil is tussen die twee moontlikhede nie. Die grafiek in geheel dui aan dat die linkerkantste sy die swaarste weeg met 154 respondente (77,3%),

wat daarop dui dat die meerderheid response en houdings positief was teenoor Standaardafrikaans. Die betroubaarheid by die tweede stem van Kaaps word deur opsie 2, *betroubaar*, aangedui. Opsie 1, *baie betroubaar*, en opsie 2, *betroubaar*, lewer gesamentlik die meeste response op met 129 (61,4%) – dus meer as die helfte van die respondente wat aan die studie deelgeneem het. Daar kan dus tot die gevolgtrekking geraak word dat respondente 'n algehele positiewe houding en respons het teenoor beide stemme van Standaardafrikaans sover dit die betroubaarheid van die sprekers betref.

Wanneer daar vergelykend na die grafieke gekyk word, word die sprekers van Standaardafrikaans meer positief beoordeel as die sprekers van Kaaps sover dit betroubaarheid aangaan.

Bogenoemde bespreking en resultate gee 'n duidelike aanduiding dat Standaardafrikaans meer positief beoordeel word waar dit gaan om die dimensie van persoonlike integriteit. Soos reeds genoem, word Standaardafrikaans vereenselwig met die prestigenorm. Hoe nader 'n spreker aan Standaardafrikaans kom, hoe meer prestige word het hy of sy. Om daardie rede kon hierdie variëteit meer positief beoordeel word by hierdie dimensie, sowel as die ander dimensies.

5.5.6 RESULTATE VAN STUDIE OOR ETNIESE EN GENDERGROEPE HEEN

In hierdie onderafdeling word daar gekyk na die dimensie van persoonlike integriteit, oor etniese en gendergroepe heen, by Kaaps 1 en 2, sowel as Standaardafrikaans 1 en 2. Vervolgens word die data bespreek aan die hand van die data wat ingesamel is.

Eerstens word die gemiddelde oor etniese groepe heen by onderskeie variëteite in tabelvorm aangebied. Vervolgens word dit geïllustreer aan die hand van 'n staafgrafiek. Onder die staafgrafiek word die resultate van die t-toets ook weergegee en aangedui of dit 'n beduidende verskil is al dan nie.

5.5.6.1 Persoonlike integriteit by Kaaps (1)



Tabelle 17 en 18, sowel as Grafieke 33 en 34, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (1) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.

Tabel 17. Die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (1) deur wit en bruin respondente

Persoonlike integriteit:	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Hardwerkendheid	2.7	2.4
2. Eerlikheid	2.3	2.6
3. Betroubaarheid	2.5	2.5
Die algehele gemiddeld vir persoonlike integriteit by Kaaps (1):	2.5	2.5

Tabel 18. Die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (1) deur manlike en vroulike respondente

Persoonlike integriteit:	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Hardwerkendheid	2.6	2.7
2. Eerlikheid	2.4	2.4
3. Betroubaarheid	2.5	2.5
Die algehele gemiddeld vir persoonlike integriteit by Kaaps (1):	2.5	2.5



Grafiek 33 en Grafiek 34. Die gemiddelde dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (1) waar
 Grafiek 33 $p = 0.998726$ en Grafiek 34 $p = 0.703114$

5.5.6.2 Persoonlike integriteit by Kaaps (2)


Tabelle 19 en 20, sowel as Grafieke 35 en 36, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (2) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.

Tabel 19. Die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (2) deur wit en bruin respondente

<u>Persoonlike integriteit:</u>	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Hardwerkendheid	3.2	2.9
2. Eerlikheid	2.5	2.7
3. Betroubaarheid	3.1	3.2
Die algehele gemiddeld vir persoonlike integriteit by Kaaps (2):	2.9	2.9

Tabel 20. Die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (2) deur manlike en vroulike respondente

<u>Persoonlike integriteit:</u>	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Hardwerkendheid	2.9	3.8
2. Eerlikheid	2.5	2.6
3. Betroubaarheid	3	3.2
Die algehele gemiddeld vir persoonlike integriteit by Kaaps (2):	2.8	3.2



Grafiek 35 en Grafiek 36. Die gemiddelde dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (2) waar Grafiek 35 $p = 0.938879$ en Grafiek 36 $p = 0.205445$

5.5.6.3 Persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1)



Tabelle 21 en 22 sowel as Grafieke 37 en 38, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.

Tabel 21. Die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1) deur wit en bruin respondente.

<u>Persoonlike integriteit:</u>	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Hardwerkendheid	1.8	2
2. Eerlikheid	2	2.3
3. Betroubaarheid	1.9	2.2
Die algehele gemiddeld vir persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1):	1.9	2.2

Tabel 22. Die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1) deur manlike en vroulike respondente

Persoonlike integriteit:	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Hardwerkendheid	2.1	1.8
2. Eerlikheid	2.2	2
3. Betroubaarheid	2.1	1.9
Die algehele gemiddeld vir persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1):	2.1	1.9



Grafiek 37 en Grafiek 38. Die gemiddelde dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1) waar Grafiek 37 $p = 0.074346^*$ en Grafiek 38 $p = 0.155235235$

5.5.6.4 Persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2)

Tabelle 23 en 24, sowel as Grafieke 39 en 40, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.



Tabel 23. Die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2) deur wit en bruin respondente

Persoonlike integriteit:	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Hardwerkendheid	2.4	2.5
2. Eerlikheid	2.1	2.6

3. Betroubaarheid	2.2	2.5
Die algehele gemiddeld vir persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2):	2.2	2.5

Tabel 24. Die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2) deur manlike en vroulike respondente

<u>Persoonlike integriteit:</u>	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Hardwerkendheid	2.7	2.4
2. Eerlikheid	2.5	2.2
3. Betroubaarheid	2.4	2.2
Die algehele gemiddeld vir persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2):	2.5	2.3



Grafiek 39 en Grafiek 40. Die gemiddelde dimensie vir persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2) waar Grafiek 39 $p = 0.01452^*$ en Grafiek 40 $p = 0.034307^*$

5.5.6.5 Bespreking van voorafgaande data

Die data van die bogenoemde tabelle en grafieke dui die volgende aan: Insoverre dit die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (1) aangaan, het wit en bruin, manlike en vroulike respondente die variëteit dieselfde beoordeel. Daar is t-toetse uitgevoer om hierdie verskynsel te staaf, maar daar het nie 'n beduidende verskil na vore getree nie. Al die deelnemers het dus Kaaps (1) ewe positief beoordeel met betrekking tot die dimensie van

persoonlike integriteit. Die hipotese was egter dat bruin en manlike respondente hierdie variëteit meer positief sou beoordeel omrede bruin respondente meer bekend is met die sprekers se manier van praat en vroulike respondente meer aangetrokke is tot die prestigevariëteit, te wete Standaardafrikaans. By die tweede stem van Kaaps, is die beoordeling van wit en bruin respondente dieselfde, maar vroulike respondente het hierdie variëteit meer negatief beoordeel as manlike respondente. Dit kan moontlik wees dat hierdie variëteit te ver verwyderd is vir die vroulike respondente van die prestigenorm, en hulle om daardie rede dit meer negatief sou beoordeel as manlike respondente.

Alhoewel die gemiddeld slegs met 0.3 verskil, het wit respondente Standaardafrikaans (1) meer positief beoordeel as bruin respondente. Die rede hiervoor kan moontlik toegeskryf word dat wit respondente hulself vereenselwig met die variëteit en hulself en die variëteit hoër ten opsigte van die intergroeptekste. . Die t-toets het amper 'n beduidende verskil opgelewer met $p = 0.074346$. Vroulike respondente het hierdie variëteit meer positief beoordeel as manlike respondente omrede hierdie variëteit grotendeels beskou word as die prestigevariëteit. Die data het geen beduidende verskil aangedui nie. By die tweede stem van Standaardafrikaans, word die verskynsel dat wit respondente die variëteit meer positief beoordeel as bruin respondente, weereens aangetref met 'n beduidende verskil van $p = 0.01452^*$. Vroulike respondente het hier óók die variëteit meer positief beoordeel met 'n beduidende verskil van $p = 0.034307^*$ wat aandui dat die data wat ingesamel en aangetref is, eg is en werklike response weerspieël. Dus kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- By Kaaps (1 en 2) het wit en bruin respondente dieselfde taalhoudings teenoor die dimensie van persoonlike integriteit;
- Manlike respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor die dimensie van persoonlike integriteit by Kaaps (geen beduidende effek);
- Wit respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (1);
- Wit respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans (2); en
- Vroulike respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor die dimensie van persoonlike integriteit by Standaardafrikaans oor die algemeen.



5.6 SOSIALE AANTREKLIKHEID

Hierdie afdeling verskaf data oor die dimensie van sosiale aantreklikheid wat by elk van die stemme en variëteite verkry is. Afdeling 5.6.1 kyk vergelykend na die data wat verkry is met betrekking tot vriendelikheid by Kaaps 1 en 2, sowel as Standaardafrikaans 1 en 2. Afdeling



5.6.2 verskaf data oor die aantreklikheid van die stemme, waar afdeling 5.6.3 data verskaf oor die aangenaamdheid van die stemme. Afdeling 5.6.4 verskaf 'n oorsigtelike bespreking oor die data wat in voorafgaande afdelings aangetref word, terwyl afdeling 5.6.5 kyk na die data wat verkry is oor die dimensie as geheel. Laasgenoemde afdeling fokus in die besonder op die verskille tussen wit en bruin respondente, sowel as die verskille tussen manlike en vroulike respondente.

5.6.1 Vriendelikheid

Grafieke 41-44 verskaf die resultate wat verkry is vir die vriendelikheid van die sprekers/variëteite by Kaaps 1 (stem 1) en 2 (stem 4), sowel as Standaardafrikaans 1 (stem 3) en 2 (stem 6).





Grafiek 41 en Grafiek 42. Die vriendelikheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.2 en 2.4)





Grafiek 43 en Grafiek 44. Die vriendelikheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 1.9 en 2)

5.6.2 Aantreklikheid

Grafieke 45-48 verskaf die resultate wat verkry is vir die aantreklikheid van die sprekers/variëteite by Kaaps 1 (stem 1) en 2 (stem 4), sowel as Standaardafrikaans 1 (stem 3) en 2 (stem 6).





Grafiek 45 en Grafiek 46. Die aantreklikheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 3.3 en 3.6)




Grafiek 47 en Grafiek 48. Die aantreklikheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.7 en 2.7)

5.6.3 Aangenaamdheid

Grafieke 49-52 verskaf die resultate wat verkry is vir die aangenaamdheid van die sprekers/variëteite by Kaaps 1 (stem 1) en 2 (stem 4), sowel as Standaardafrikaans 1 (stem 3) en 2 (stem 6).



Grafiek 49 en Grafiek 50. Die aangenaamdheid van die sprekers volgens respondente by Kaaps 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2.3 en 2.7)



Grafiek 51 en Grafiek 52. Die aangenaamdheid van die sprekers volgens respondente by Standaardafrikaans 1 en 2 (gemiddelde onderskeidelik 2 en 2.2)

5.6.4 Gemiddelde resultate vir sosiale aantreklikheid

Tabelle 25 en 26 kyk onderskeidelik na die gemiddelde vir die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps 1 en 2, sowel as Standaardafrikaans 1 en 2.

Tabel 25. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps 1 en 2

<u>Sosiale aantreklikheid:</u>	<u>Gemiddeld: Kaaps 1</u>	<u>Gemiddeld: Kaaps 2</u>
1. Vriendelikheid	2.2	2.4
2. Aantreklikheid	3.3	3.6
3. Aangenaamdheid	2.3	2.7
Algehele gemiddeld vir die dimensie van sosiale aantreklikheid:	2.6	2.9

Tabel 26. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans 1 en 2

<u>Sosiale aantreklikheid:</u>	<u>Gemiddeld: Standaardafrikaans 1</u>	<u>Gemiddeld: Standaardafrikaans 2</u>
1. Vriendelikheid	1.9	2
2. Aantreklikheid	2.7	2.7
3. Aangenaamdheid	2	2.2

Algehele gemiddeld vir die dimensie van sosiale aantreklikheid:	2.2	2.3
---	-----	-----

5.6.5 Bespreking van voorafgaande data

Die data toon aan dat 71 respondente (33,8%) Kaaps (1) met *vriendelikheid*, opsie 2, vereenselwig. Die grafiek in geheel dui aan dat respondente 'n algehele positiewe beoordeling aangedui het. Met ander woorde die meerderheidsopsie kom vanaf die positiewe sy van die grafiek, wat dui op opsie 1, *baie vriendelik*, en opsie 2, *vriendelik*. Dieselfde verskynsel word aangetref by die tweede stem van Kaaps. Twee-en-sestig (62) respondente (29,5%) het hierdie variëteit en spreker met *vriendelikheid*, opsie 2, vereenselwig. Die linkerkantse sy van die grafiek weeg die swaarste met 118 respondente (56,1%) wat tussen opsie 1, *baie vriendelik*, en opsie 2, *vriendelik*, gekies het. Verskeie faktore kan 'n invloed hê op waarom respondente hierdie variëteit as vriendelik ag. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die meerderheid respondente vanaf die Wes-Kaap afkomstig is en indirek hulself meet teenoor hierdie variëteit – veral omdat respondente bekend is met hierdie variëteit. Dit kan óók wees as gevolg van die feit dat respondente hierdie variëteit as komies ag en sodoende 'n noue verbintenis sien tussen vriendelikheid en 'n gesonde humorsin.

Die data toon aan dat 90 respondente (42,8%) Standaardafrikaans (1) met opsie 1, *baie vriendelik*, vereenselwig het. Opsie 1 en 2 lewer gesamentlik 163 respondente (77,6%) op wat daarop dui dat respondente 'n algehele positiewe respons het teenoor die variëteit en vriendelikheid. Hieruit kan afgelei word dat respondente positief is oor die variëteit van hul eie vorm van spraak. Dieselfde verskynsel word aangetref by Standaardafrikaans (2). Agt-en-sewentig (78) respondente (37,1%) het hierdie variëteit en spreker met opsie 1, *baie vriendelik*, vereenselwig. Die linkerkantste sy van die grafiek weeg die swaarste met 149 respondente (70,9%) wat opsie 1, *baie vriendelik*, en opsie 2, *vriendelik*, gekies het. Hierdie verskynsel kom met 'n sekere mate van verbasing, omrede individue wat 'n ander variëteit van Afrikaans praat, dikwels neersien op Standaardafrikaans as gevolg van die streng norme en standarde wat met die variëteit gepaard gaan. Dit is dus opvallend dat respondente hierdie variëteit as gunstig sou beoordeel. 'n Algehele positiewe respons word hier aangedui ten opsigte van vriendelikheid.

Vergelykend word beide variëteite, Kaaps en Standaardafrikaans, positief beoordeel sover dit vriendelikheid aangaan. Dit is nietemin belangrik om te noem dat Standaardafrikaans steeds ietwat meer positief beoordeel word as Kaaps.

By die aanduiding van aantreklikheid by die eerste stem van Kaaps, het 114 respondente (54,2%) opsie 3, die *neutrale* opsie, aangedui. Dit dui op meer as die helfte van die respondente wat aan die studie deelgeneem het. By die tweede stem van Kaaps, het 83 respondente (39,5%) die *neutrale* opsie aangedui. Wanneer daar egter na die grafiek in geheel gekyk word, het 108 respondente (51,4%) tussen opsie 4, *onaantreklik*, en opsie 5, *glad nie aantreklik nie*, aangedui, en wat 'n algehele negatiewe respons oplewer wat die variëteit aanbetref. Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die spreker se manier van praat ver verwyderd van Standaardafrikaans is. Daar kan moontlik spraakverskynsels, soos gevind in afdeling 3.2.2, wees wat op die oor af nie vir respondente aantreklik is nie.

In vergelyking met Kaaps, is beide stemme van Standaardafrikaans meer gunstig beoordeel met betrekking tot aantreklikheid. Die meerderheid van beide stemme se response kan gevind word by *baie vriendelik* en *vriendelik*.

Wat aangenaamdheid aanbetref, is beide stemme van Kaaps positief beoordeel met opsie 1, *baie aangenaam*, en opsie 2, *aangenaam*. Hierdie verskynsel kom ook uit die data na vore wanneer daar gekyk word na albei stemme van Standaardafrikaans. Voorts kan die afleiding gemaak word dat respondente 'n algehele positiewe respons en houding het teenoor die aangenaamdheid van Kaaps en Standaardafrikaans.

5.6.6 RESULTATE VAN STUDIE OOR ETNIESE EN GENDERGROEPE HEEN

In hierdie onderafdeling word daar afsonderlik gekyk na die dimensie van sosiale aantreklikheid, oor etniese en gendergroepe heen, by Kaaps 1 en 2, sowel as Standaardafrikaans 1 en 2. Vervolgens word die resultate bespreek aan die hand van die data wat ingesamel is.

Eerstens word die gemiddelde oor etniese groepe heen by onderskeie variëteite in tabelvorm aangebied. Vervolgens word dit geïllustreer aan die hand van 'n staafgrafiek. Onder die staafgrafiek word die resultate van die t-toets ook weergegee en aangedui of dit 'n beduidende verskil sou oplewer al dan nie.

5.6.6.1 Sosiale aantreklikheid by Kaaps (1)



Tabelle 27 en 28, sowel as Grafieke 53 en 54, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (1) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.

Tabel 27. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (1) deur wit en bruin respondente

Sosiale aantreklikheid:	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Vriendelikheid	2.2	2.1
2. Aantreklikheid	3.3	3
3. Aangenaamdheid	2.2	2.3
Die algehele gemiddeld vir sosiale aantreklikheid by Kaaps (1):	2.5	2.4

Tabel 28. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (1) deur manlike en vroulike respondente

Sosiale aantreklikheid:	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Vriendelikheid	2.3	2.2
2. Aantreklikheid	2.4	3.3
3. Aangenaamdheid	2.4	2.3
Die algehele gemiddeld vir sosiale aantreklikheid by Kaaps (1):	2.4	2.6

Grafiek 53 en Grafiek 54. Die gemiddelde van die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (1) waar Grafiek 53 $p = 0.324105$ en Grafiek 54 $p = 0.492962$

5.6.6.2 Sosiale aantreklikheid by Kaaps (2)



Tabelle 29 en 30, sowel as Grafieke 55 en 56, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (2) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.

Tabel 29. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (2) deur wit en bruin respondente

Sosiale aantreklikheid:	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Vriendelikheid	2.4	2.6
2. Aantreklikheid	3.7	3
3. Aangenaamdheid	2.7	2.9
Die algehele gemiddeld vir sosiale aantreklikheid by Kaaps (2):	2.9	2.8

Tabel 30. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (2) deur manlike en vroulike respondente

Sosiale aantreklikheid:	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Vriendelikheid	2.4	2.4
2. Aantreklikheid	3.6	3.6
3. Aangenaamdheid	2.7	2.8
Die algehele gemiddeld vir sosiale aantreklikheid by Kaaps (2):	2.9	2.9



Grafiek 55 en Grafiek 56. Die gemiddelde van die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps (2) waar Grafiek 55 $p = 0.683843$ en Grafiek 56 $p = 0.893629$

5.6.6.3 Sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1)


Tabelle 31 en 32, sowel as Grafieke 57 en 58, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.

Tabel 31. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1) deur wit en bruin respondente

<u>Sosiale aantreklikheid:</u>	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Vriendelikheid	1.9	2.5
2. Aantreklikheid	2.7	2.5
3. Aangenaamdheid	1.9	2.7
Die algehele gemiddeld vir sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1):	2.2	2.6

Tabel 32. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1) deur manlike en vroulike respondente

<u>Sosiale aantreklikheid:</u>	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Vriendelikheid	2.2	1.9
2. Aantreklikheid	2.7	2.7
3. Aangenaamdheid	2.2	1.9
Die algehele gemiddeld vir sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1):	2.4	2.1



Grafiek 57 en Grafiek 58. Die gemiddelde van die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (1) waar Grafiek 57 $p = 0.56733$ en Grafiek 58 $p = 0.146261$

5.6.6.4 Sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2)

Tabelle 33 en 34, sowel as Grafieke 59 en 60, verskaf onderskeidelik die gemiddelde vir die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2) deur wit en bruin, manlike en vroulike respondente.


Tabel 33. Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2) deur wit en bruin respondente

<u>Sosiale aantreklikheid:</u>	Wit respondente:	Bruin respondente:
1. Vriendelikheid	2	2.2
2. Aantreklikheid	2.7	2.8
3. Aangenaamdheid	2	2.5
Die algehele gemiddeld vir sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2):	2.2	2.5

Tabel 34: Die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2) deur manlike en vroulike respondente

<u>Sosiale aantreklikheid:</u>	Manlike respondente:	Vroulike respondente:
1. Vriendelikheid	2.1	2
2. Aantreklikheid	3	2.6

3. Aangenaamdheid	2.4	2.1
Die algehele gemiddeld vir sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2):	2.5	2.3



Grafiek 59 en Grafiek 60. Die gemiddelde van die dimensie van sosiale aantreklikheid by Standaardafrikaans (2) waar Grafiek 59 $p = 0.05148^*$ en Grafiek 60 $p = 0.045681^*$

5.6.6.5 Bespreking van voorafgaande data

Sover dit die dimensie van sosiale aantreklikheid by Kaaps 1 en 2 aangaan, het bruin respondente die variëteit meer positief beoordeel as wit respondente. Die verskille wat aangetref is, is nie beduidend nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hierdie variëteit bruin respondente se manier van praat weerspieël. 'n Mens is geneig om meer gunstig teenoor 'n verskynsel op te tree wanneer jy as individu jouself daarin sien en daarmee vereenselwig. Laasgenoemde kan ook as moontlike verklaring dien vir al gevalle waar wit respondente, wat in die meerderheid is in die studie, die standaardafrikaanse variëteit meer positief beoordeel. het vroulike respondente hierdie variëteit meer positief beoordeel as manlike respondente. By die tweede stem van Kaaps, is daar geen verskil wat beoordeling betref nie. Die t-toets het ook geen beduidende verskil opgelewer nie.

Wat beide stemme van Standaardafrikaans aanbetref, het bruin respondente 'n algehele negatiewe beoordeling van die variëteit in vergelyking met wit respondente. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die respondent se manier van praat/variëteit ver verwyderd is van die variëteit wat gehoor word. Respondente sien nie 'n weerspieëling van hulself in die variëteit nie, en beoordeel dit dus ongunstig. By die tweede stem van Standaardafrikaans was daar egter 'n beduidende verskil waar $p = 0.05148^*$. Vroulike respondente het hierdie variëteit meer

positief beoordeel as manlike respondente met 'n beduidende verskil by die tweede stem van Standaardafrikaans waar $p = 0.045681^*$.

5.7 SAMEVATTING

Die data wat met behulp van die elektroniese vraelys ingesamel is, is in hierdie hoofstuk met behulp van grafieke en tabelle aangebied en bespreek. In die volgende hoofstuk word die gevolgtrekkings wat uit die voorafgaande data gemaak is, in detail bespreek.

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING

6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk gaan opsommend die hoofbevindinge van die studie aanbied, waarin daar ondersoek ingestel is teenoor wit en bruin, manlike en vroulike, eerstestaalsprekers van Afrikaans se taalhoudings teenoor Kaaps as niestandaardvariëteit van Afrikaans, en Standaardafrikaans.

Die hoofstuk word in onderafdelings verdeel. Sodoende word daar gekyk na die navorsingsvrae, positiewe response en taalhoudings, neutrale response en taalhoudings, negatiewe response en taalhoudings en gevolgtrekkings met die doel voor oë om die studie se hipotese te bekragtig of dan nie.

Die studie het die volgende hipoteses veronderstel:

1. Daar is oor die algemeen meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans en meer negatiewe taalhoudings teenoor Kaaps;
2. Bruin respondente sal meer positiewe taalhoudings teenoor Kaaps hê en wit respondente meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans; en
3. Vroulike respondente sal meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans hê omrede dit beskou word as die prestigevariëteit.

Hierdie hipoteses word deur die loop van die hoofstuk in gedagte gehou en bespreek in afdeling 6.3.

Afdeling 6.2 verskaf 'n opsomming van die resultate wat verkry is in die vorige hoofstuk. Dit gee 'n algehele opsomming van die data wat verkry is by onderskeie dimensies. Afdeling 6.3 kyk na die navorsingsvrae van die studie en bespreek die hipoteses. Vervolgens kyk afdeling 6.4 na die beperkings van die studie en afdeling 6.5 na toekomstige studies en voorstelle. Laastens word daar in afdeling 6.6 'n samevatting van die hoofstuk aangebied.

6.2 OPSOMMING VAN DIE RESULTATE

Die response wat van respondente verkry is, weerspieël redelike positiewe sowel as negatiewe taalhoudings teenoor die twee ondersoekte variëteite, naamlik Kaaps en Standaardafrikaans. Myns insiens kan dit beskou word as werklike taalhoudings wat respondente onbewustelik teenoor onderskeie variëteite en hul sprekers het. Laasgenoemde kan bespreek word deur terug te verwys na wat die hoofnavorsingsvraag behels.

Die hoofnavorsingsvraag is: Wat is die houdings van wit en bruin, manlike en vroulike eerstetaalsprekers van Afrikaans, bo die ouderdom van 18 jaar, teenoor Kaaps en Standaardafrikaans soos bepaal met behulp van die 'verbal-guise'-tegniek? Hierdie vraag is aan die hand van die volgende dimensies ondersoek:

6.2.1 BEKWAAMHEID

Die dimensie van bekwaamheid het betrekking gehad op vrae 1, 4 en 7 wat dit onderskeidelik het oor die intelligensie, geleerdheid en ambisie van die spreker. Wat die drie vrae oor intelligensie, geleerdheid en ambisie oor die algemeen aanbetref, is sprekers van Standaardafrikaans meer positief as Kaaps beoordeel. Dus kan daar gesê word dat respondente meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans met betrekking tot die dimensie van bekwaamheid het, as teenoor Kaaps.

Wanneer daar gekyk word na die resultate wat gelewer is ten opsigte van etniese - en gendergroepe, het die volgende na vore gekom:

Bruin respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor die dimensie van bekwaamheid by Kaaps as wat wit respondente het. Die verskil wat tussen hierdie twee etniese groepe na vore kom kan as 'n egte verskil beskou word omrede die t-toets onderskeidelik 'n hoogs beduidende verskil aangedui het by die eerste stem van Kaaps met $p = 0.00068^{***}$, en 'n beduidende verskil by die tweede stem van Kaaps met $p = 0.020645^*$. Soos in Hoofstuk 2, afdeling 2.3 bespreek, hou taal verband met etniese en sosiale groepe en vervul 'n noodsaaklike rol as draer van identiteit (Appel & Muysken, 1987:16; Le Cordeur, 2011; Bornman *et al.*, 2013). In die geval van die onderhawige studie, identifiseer en assosieer bruin respondente meer met die Kaapse stemme omrede dit 'n weerspieëling van hul eie manier van praat is. Alhoewel bruin respondente steeds redelike negatiewe taalhoudings teenoor hul eie variëteit het, het hulle egter minder negatiewe taalhoudings teenoor Kaaps as wat wit respondente het. Wat interessant is van hierdie data, is dat bruin respondente steeds negatiewe houdings het oor hul eie variëteit, dit wil sê hulle neig, alhoewel in 'n mindere mate, om dieselfde stereotipes as die wit respondentete hê, naamlik .

Manlike respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor die dimensie van bekwaamheid by Kaaps as wat vroulike respondente het, spesifiek by Kaaps 2. Binne die raamwerk van taalhoudings, word vroue as meer “statusbewus” beskou en hulle is sodoende meer aangetrokke tot die prestigevariëteit, wat in die geval van die studie Standaardafrikaans is. Soos bespreek in Hoofstuk 2, bestaan hierdie fenomeen omrede daar van vroue verwag word om meer getrou te staan teenoor die sosiale norme as mens. Deur terug te verwys na die data, kan dit verklaar waarom manlike respondente meer positiewe taalhoudings teenoor Kaaps het as vroulike respondente.

Wit respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans as bruin respondente. By die eerste stem van Standaardafrikaans word daar 'n beduidende verskil aangetref van $p = 0.0111001^*$. By die tweede stem is die verskil nie beduidend nie, maar 2.4 vir wit respondente en 2.5 vir bruin respondente. Binne die konteks van die nuwe Suid-Afrika, bedoelende Suid-Afrika ná 1994, is hierdie 'n interessante verskynsel om aan te tref. In Hoofstuk 3, wat handel oor die geskiedenis van Afrikaans, sien 'n mens die impak wat die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans, sowel as apartheid, op die taal gehad het, en steeds het. Weens die onreg teenoor onderdrukte etniese groepe, het dit Afrikaans oor die algemeen in 'n slegte lig geplaas. Afrikaans was nou verweef met die politieke bestel en is beskou as 'n onderdrukkerstaal. Vóór die nuwe Suid-Afrika se koms, sou die feit dat wit respondente meer positiewe houdings teenoor die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans het as bruin respondente, verstaanbaar wees. Die feit dat wit respondente Standaardafrikaans steeds meer positief ag as bruin respondente, lei tot die afleiding dat taalhoudings teenoor Standaardafrikaans onveranderd bly. Daar kan ook aanvaar word dat mense van dieselfde variëteit positief teenoor daardie vorm bly.

Vroulike respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans as manlike respondente, alhoewel daar nie beduidende verskille op statistiese vlak aangetref is nie.

Dit is belangrik om weer te beklemtoon dat hierdie dimensie vrae insluit wat handel oor die spreker se intelligensie, ambisie en geleerdheid. Intelligensie, geleerdheid en ambisie is eienskappe wat die status van 'n persoon bepaal. Oor hoe meer status 'n individu beskik, hoe meer sal sekere lede van 'n gemeenskap aangetrokke wees tot die individu. Die feit dat vroulike respondente meer positiewe taalhoudings teenoor die dimensie van bekwaamheid by Standaardafrikaans het, dui aan dat vroulike respondente hierdie variëteit vereenselwig met status en welvaart. Gevolglik het die vereenselwiging met status en welvaart 'n direkte invloed op 'n individu se sosiale identiteit. Soos gesien in Hoofstuk 2, afdeling 2.4, word 'n individu se selfkonsep beïnvloed deur sosiale identiteit.

6.2.2 PERSOONLIKE INTEGRITEIT

Die dimensie van persoonlike integriteit het betrekking gehad op vrae 2, 5 en 8. Hierdie vrae het gehandel oor die hardwerkendheid, eerlikheid en betroubaarheid van die spreker. Wat die drie vrae oor hardwerkendheid, eerlikheid en betroubaarheid aanbetref, is Standaardafrikaans oor die algemeen meer positief beoordeel as Kaaps, alhoewel die verskil nie so drasties is soos in die geval van bekwaamheid nie. Daar kan dus tot die gevolgtrekking geraak word dat respondente meer positiewe taalhoudings het teenoor Standaardafrikaans en die dimensie van persoonlike integriteit, as in die geval van Kaaps.

Die resultate oor etniese - en gendergroepe heen het die volgende opgelewer met betrekking tot die dimensie van persoonlike integriteit:

- Manlike respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor Kaaps as wat vroulike respondente het (geen beduidende effek);
- Vroulike respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans as manlike respondente;
- Daar is gesamentlik positiewe houdings tussen wit en bruin respondente by beide stemme van Standaardafrikaans.

6.2.3 SOSIALE AANTREKLIKHEID

Die dimensie van sosiale aantreklikheid het betrekking gehad op vrae 3, 6 en 9 en wat dit onderskeidelik het oor die spreker se vriendelikheid, aantreklikheid en aangenaamdheid. Oor die algemeen is Standaardafrikaans meer positief beoordeel as Kaaps wat hierdie dimensie aanbetref. Gevolglik kan daar gesê word dat respondente oor die algemeen meer positiewe taalhoudings het teenoor Standaardafrikaans op die dimensie van sosiale aantreklikheid. Dit is verbasend aangesien niestandaardvariëteite dikwels gesien word as sosiaal aantreklik.

Die resultate oor etniese - en gendergroepe heen het die volgende resultate opgelewer met betrekking tot die betrokke dimensie:

Bruin respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor Kaaps as wit respondente. Hierdie verskynsel kom nie onverwags voor nie. Soos bespreek in Hoofstuk 2, afdeling 2.3, is taal nie net 'n aanduiding van 'n individu se ouderdom, geslag en sosiale klas nie, maar ook 'n draer van identiteit. 'n Moontlike verklaring van die data kan wees dat bruin respondente identifiseer met Kaaps sover dit die vriendelikheid, aantreklikheid en aangenaamdheid daarvan aangaan en sodoende hulself en hul identiteit positief beoordeel. Gevolglik beskou hulle hul positiewe beoordeling en taalhoudings as 'n weerspieëling van hoe sosiaal aantreklik hul hulself vind.

Wit respondente het meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans as bruin respondente. By die tweede stem van Standaardafrikaans, word daar 'n beduidende verskil aangetref waar $p = 0.05148^*$. Hierdie is 'n unieke verskynsel omrede 'n mens sou verwag dat alle respondente Kaaps meer sosiaal aantreklik sou vind as Standaardafrikaans. In Hoofstuk 2, word daar egter aangedui hoedat sprekers 'n sekere graad van agting heg aan hul moedertaal. Binne die konteks van die studie, kan moedertaal ook verwys na variëteit. Wit respondente vind Standaardafrikaans sosiaal meer aantreklik met betrekking tot vriendelikheid, aantreklikheid en aangenaamdheid. Wanneer 'n variëteit sosiaal meer aantreklik is, verseker dit die etnolinguistiese vitaliteit van die variëteit omrede dit die taalstatus van die variëteit verhoog. Wanneer die taalstatus verhoog, is daar meer sprekers wat die betrokke variëteit wil praat en wat op sy beurt tot gevolg het dat die spraakgemeenskap groei. Vroulike respondente, soos aangedui, het meer positiewe taalhoudings teenoor Standaardafrikaans as teenoor Kaaps.

6.3 NAVORSINGSVRAE EN BESPREKING VAN HIPOTEESE

Die voorgaande afdeling toon aan dat daar interessante verskille met verwysing na taalhoudings teenoor beide variëteite bestaan wat die dimensies van bekwaamheid, persoonlike integriteit en sosiale aantreklikheid betref. Die interessante verskille is myns insiens die resultaat van die etniese en gendergroepe waartoe respondente behoort. Ten einde die primêre navorsingsvraag te kan beantwoord, was daar twee sekondêre navorsingsvrae, naamlik:

6.3.1 Wat is die algemene houdings van wit en bruin, manlike en vroulike eerstetaalsprekers, bo die ouderdom van 18, teenoor Kaaps as variëteit?

